# "DIE ETIESE PERSEPSIE OOR DIE DOODSTRAF IN DIE WES-KAAP STREEK IN TERME VAN DIE BYBEL"

deur

RONALD P. BARENDS

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

VOORGELê TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD M.TH IN DIE DEPARTEMENT CHRISTENHEID EN SAMELEWING VAN DIE UNIVERSITIET VAN WES-KAAPLAND.

PROMOTOR : DR. D.G. LAWRIE

SEPTEMBER 1997

https://etd.uwc.ac.za

TH
UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND
BIBLIOTEEK
241.7 BAR
LIBRARY
UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

# DANKBETUIGING

Hierdie verhandeling word hoofsaaklik opgedra aan diegene wat verontreg is deur geweld en misdaad en selfs 'n onregverdige doodstraf opgelê is. My daaglikse bede is dat ons almal bevry sal word van geweld, misdaad en enige sisteem van onreg, sodat ons hierdie mooi land in ware vrede, veiligheid en heil sal beleef.

Hierdie verhandeling het my met alle ootmoedigheid gevul teenoor individue, vriende, familie,

kollegas en instellings wat my ondersteun het in die skrywe van hierdie studie. My hartgrondige dankbaarheid aan elkeen in besonders.

Ek wil niemand verontreg nie, maar hierdie geleentheid kan nie verby gaan as ek nie my opregte dank en waardering aan 'n paar sleutelfigure uitspreek nie. Aan Dr W. Boesak wat 'n kardinale rol gespeel het in die vorming en rigting van hierdie verhandeling. Aan my supervisor, Dr D.G. Lawrie is ek onuitspreeklike dank verskuldig vir die leiding en versorging van hierdie verhandeling. U bydraes het my akademiese horison geweldig verbreed en my voorsien van 'n vars benadering in teologie.

Aan Mev. Yvonne Cyster is ek onuitspreeklike dank verskuldig vir die ure se tikwerk en hersiening van hierdie studie. Aan my vrou, Shirley en die kinders,

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Kenan en Hayley, is ek ewig dank verskuldig vir die ondersteuning, liefde en geduld met my bedrywigheid die afgelope twee jaar as gevolg van die skrywe van hierdie verhandeling.

Ten laaste wil ek God die Vader dank vir diè geleentheid, talent, krag en genade aan my gegun om hierdie studie te lewer. Ek vertrou dat hierdie studie in lyn met Sy plan is om vrede, reg en geregtigheid vir alle mense van alle tye ten alle tye op alle vlakke teweeg te bring.

**RONALD PHILLIP BARENDS- KUILSRIVIER, LENTE, 1997.**

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## INHOUDSOPGAWE


BLADSY

TITELBLAD ............................................................................(i)

VERKLARING ..................................................................... (ii)

DANKBETUIGING ............................................................... (iii)

INLEIDING ............................................................................ (vii)

HOOFSTUK 1: Probleemvelde en Persepsies rondom die Doodstraf................................................................... 1

I 'n Oorsig op die "Ou wet op die doodstraf" ..............................1

1.1 Doodvonnis ..................................................2

1.2 Vonnis Oplegging ........................................2

1.3 Uitvoering van doodvonnis ..............................3

1.4 'n Beknopte historiese oorsig van die doodstraf ....................4

II Die "Nuwe Wet" -" Die afskaffing van die doodstraf" ....................10

Statistieke ..................................................................12

III Argumente ten gunste van die doodstraf ............................16

IV Argumente teen die doodstraf..................................................18

HOOFSTUK 2 : Die Bybelse gegewens .......................................21

I Die Ou Testamentiese Oorsig .......................................21

1) Die "Lex Talionis" beginsel ...........................22

2) Die Apodiktiese en Kasuïstiese regsvorme ........................................................................27

3) Genesis 4: 1-16; 23 ........................................30

4) Genesis 9: 5-7 ........................................ 45

5) Eksodus 21: 12-14 ........................................46



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE


https://etd.uwc.ac.za

6) Deuteronomistiese konsep van moord ........................................................................49
7) Numeri 35: 16 - 34 ....................................54

II Nuwe Testamentiese Oorsig ................................................57
1) Matteus 5: 21-26; 38-42 ..........................57
2) Johannes 8: 1-11 .....................................62
3) Johannes 18:10 .....................................68

HOOFSTUK 3: Wat is in die Lig van die Skrif, die verordende rol van die Staat en die Kerk rondom die doodstraf? ....................................75

I Romeine 13: 1-7 ............................................................76

II Waar staan die Kerk in die Kader van die debat rondom die doodstraf? ............................................................86

HOOFSTUK 4: 'n Teologies-Etiese benadering tot die doodstraf ....93
I Die rol van Etiek en Norme ..................................................94

II Slotsom ..................................................................103

BIBLIOGRAFIE ..................................................................112

WERKE GERAADPLEEG ..........................................................120

APPENDIKSE ..........................................................................122

SINOPSIS ..............................................................................137

SINOPSIS (ENGELS) ..............................................................141

SLEUTELWOORDE ....................................................................148

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# INLEIDING

**"Die etiese persepsies van die doodstraf met betrekking tot die Wes-Kaap streek: hoe die implikasies daarvan opweeg in die lig van die Bybel".**

Die huidige intense fokus op en debat oor die doodstraf verleen die kerk 'n besondere geleentheid om haar stem te laat hoor in verband met haar interpretasie van die doodstraf. Die wyse waarop die Suid-Afrikaanse gemeenskap die afgelope tyd met geweld en moord geteister word, vul die landsburgers met vrees en bewing. Die dilemma word verder vererger deurdat die gemeenskap en selfs die kerk verdeeld verlaat is oor die beoordeling van die doodstraf.

Ons moet aanvaar dat die doodstraf 'n onderwerp is wat aan menige probleemvelde raak en oor vele dissiplines sny. Alhoewel hierdie studie hoofsaaklik teologies-eties gerig is, is dit dus onvermydelik om soms ander dissiplines soos regsgeleerheid, etiek, filosofie, sosiologie, ens aan te sny.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Meningsverskille onder juriste en teoloë oor die onderwerp beklemtoon juis die ernstige verdeeldheid wat daar in die Suid-Afrikaanse gemeenskap heers. Hierdie uiteenlopende persepsies oor die doodstraf kan nie gemaklik afgemaak word nie. Dit gaan om die wese van die menslike bestaan, naamlik die lewe. Ek is van mening dat die doodstraf wel die reg van 'n mens, naamlik die reg op lewe, ontneem, maar die turksvyvraag is of dit deur die Skrif geregverdig

https://etd.uwc.ac.za

word- dit is my probleemstelling. Ek ag die Bybel 'n waardige meetsnoer om leiding te verleen rakende kontensieuse onderwerpe soos "dood", "lewe", "moord", "bloedvergieting", "wraak", ensovoorts.

As ons die doodstraf navors dan moet ons vrae stel soos: Waarom word daar *gestraf*? Veral wanneer daar met die *dood* gestraf word. Moet straf dan nie juis as 'n *middel* tot 'n *doel* dien nie? Ek is oortuig daarvan dat enige straf vir 'n moorddaad ten doel moet hê om die geskonde Goddelike beeld en gebroke menswaardigheid van die slagoffer te herstel, sonder om terselfdertyd die God-geskape beeld van die geweldenaar asook sy menswaardigheid in die proses te vernietig- dit is my hipotese.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die doodstraf kan ook nie slegs in die konteks van *menswaardigheid* of *justisie* gesien word nie, maar moet in die geheelbeeld van die Suid-Afrikaanse polities-historiese konteks gesien word. Die afskaffing van die doodstraf was noodsaaklik omdat dit in die ou Suid-Afrikaanse era alreeds 'n politieke speelbal geword het. Die doodstraf het nie uitsluitlik gegaan oor regverdigheid en geregtigheid nie, maar was ook gebruik as 'n wapen om die ideologie van rasse-apartheid te bevorder. Professor John Dugard verleen statistieke in sy navorsing waarin hy onder andere sê: "It is impossible to divorce the racial

https://etd.uwc.ac.za

factor from the death penalty in South Africa".[1]

Dit was, myns insiens, imperatief om die doodstraf af te skaf om sodoende die wet van politieke wol te bevry en om terselfdertyd 'n nuwe era van regverdigheid aan te kondig. Ons kan hierdie afskaffing as 'n *paradigma-verskuiwing* binne die regspleging beskou. Die besluit wat in die toekoms oor die doodstraf geneem word, moet dan nie gesien word as ondersteuning van party-politiek of 'n spesifieke ideologie nie - die besluit vir of teen die doodstraf moet in hierdie nuwe era, nuut gemotiveer word.

Kerke het uiteenlopende menings oor die doodstraf. Die kerk is baie duidelik genoodsaak om tot hierdie belangrike morele debat toe te tree. Richard Niebuhr het dit baie goed in sy boek "Christ and Culture",[2] aangedui dat ons as Christene nie geïsoleerd is van die samelewing nie, maar 'n integrale deel daarvan is. Christus hervorm en transformeer kulture en daarom moet alle menslike sake rigting en duidelikheid kry vanaf Christus en sy volgelinge (Christene), wat bely dat hulle hulself onderwerp aan Sy ideale.[3] Daarom is die kerk se etiese persepsie van die doodstraf ook belangrik vir hierdie studie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

---

1 J.Dugard, Human Rights and the South African Legal Order, Princeton, New Jersey: Princeton University Press, 1977), p. 127.

2 H.R. Niebuhr, Christ and Culture, (New York: Harper & Row, 1951).

3 Ibid., p. 45.

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 1

## Probleemvelde en Persepsies rondom die Doodstraf.

Suid-Afrika se verdedigings- en polisiehoofde het onlangs samesprekings in Kaapstad gehou om militêre samewerking te bevorder en misdaad, wat baie algemeen in die Weskaap-streek voorkom, te beveg. Dit is beklemtoon dat samesprekings met en samewerking van alle sektore van die gemeenskap nodig is om die golf van misdaad te stuit. Pessimiste en doemprofete plaas die oorsake van die vlae misdade voor die deur van die regering en voer aan dat dit voortspruit uit die afskaffing van die doodstraf. Dit self is baie moeilik om te bewys.

'n Meer analitiese vraag behoort te wees: "Hoe het die vorige wet op doodstraf daaruit gesien en waarom was dit noodsaaklik om dit af te skaf?" Om hierdie vraag te beantwoord behoort ons slegs 'n oorsig van die doodstraf in Suid-Afrika te skets, aangesien die jurisdiese beoordeling daarvan ook as 'n selfstandige studie kan dien.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### I. 'n Oorsig op die "ou wet op die doodstraf"

Volgens die bepalings van die gewese wet op die doodstraf, kon dit slegs deur 'n hoër hof opgelê word.[1]

Die wet op die doodstraf was as volg:

**1) Doodvonnis**

1 Sien Die Strafproseswet, No.51 van 1977, artikel 277. Appendiks A.

https://etd.uwc.ac.za

Die Strafproseswet, No 51 van 1977, artikel 277, het bepaal dat die doodsvonnis opgelê kon word in die skuldigbevinding van die volgende gevalle;

a) moord;

b) hoogverraad gepleeg wanneer die Republiek in 'n staat van oorlog verkeer;

c) roof of poging tot roof, indien die hof bevind dat verswarende omstandighede aanwesig was;

d) menseroof;

e) kinderdiefstal;

f) verkragting;

**1.2 Die doodsvonnis was opgelê -**

a) "nadat die voorsittende regter tesame met die assessore (as daar was) behoudens die bepalings van artikel 145 (a), of, in die geval van 'n verhoor deur 'n spesiale hoër hof, met inagneming van enige getuienis en betoë oor vonnis ingevolge artikel 274, 'n bevinding uitgebring het oor die aan-of afwesigheid van enige strafversagtende of verswarende faktore"; en [2]

b) "indien die voorsittende regter of hof, na gelang van die geval, met inagneming van daardie bevinding, oortuig is dat die doodvonnis die ***gepaste*** [3] vonnis is".

---

2 Ibid., Artikel 277.

3 Ibid., Artikel 274.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

c) "Die doodvonnis is nie opgelê aan 'n beskuldigde wat ten tyde van die handeling wat die betrokke misdryf uitgemaak het, onder die ouderdom van 18 jaar was nie"[4].

**1.3 Die wyse waarop die doodvonnis uitgevoer was, is as volg in die strafproses-wet beskryf:-**

a) "So gou doenlik nadat 'n doodvonnis opgelê is, reik die regter wat die vonnis opgelê het of 'n ander regter van die betrokke hof 'n lasbrief aan die balju uit vir die voltrekking van die vonnis".

b) "Bedoelde lasbrief word nie uitgevoer nie totdat die Minister in 'n deur hom ondertekende geskrif aan die balju of sy adjunk kennis gegee het dat -

i) die Appélafdeling van die Hoogsgeregshof die doodvonnis bekragtig het; en

ii) die Staatspresident besluit het om nie die ter dood veroordeelde persoon te begenadig nie".

c) "So spoedig na die ontvangs deur die balju of sy adjunk....moet die balju of 'n adjunk aan hom uitgereikte lasbrief uitvoer: Met dien verstande dat die balju of adjunk-balju bedoelde lasbrief nie uitvoer nie indien die Minister te eniger tyd by skriftelike kennisgewing onder sy naamtekening die balju of die adjunk-balju in kennis stel dat die Staatspresident besluit het om die ter doodveroordeelde persoon te begenadig, en so 'n kennisgewing word vir alle doeleindes geag 'n intrekking van bedoelde lasbrief te wees".

---

4 Ibid., Artikel 274.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

d) "Die wyse van voltrekking van die doodvonnis is dat die ter dood veroordeelde persoon aan die nek opgehang word totdat die dood intree" [5]

## 1.4 'n Beknopte historiese oorsig van die doodstraf.

Professor John Dugard het 'n interessante opmerking gemaak toe hy verwys het na die offisiële standpunt van Suid Afrika teenoor die doodstraf (voor afskaffing): "South Africa's official attitude towards the death penalty contrasts starkly with developments in the rest of the world." [6]

Die bepalinge en statistieke oor die doodstraf staaf sekerlik hierdie standpunt. Dugard verwys na die tydperk van 1947 tot 1969 en sê: "From this same period 288 whites were convicted of rape upon blacks and 844 blacks were convicted of rape upon whites. The 288 convictions of whites produced no death sentences, but the 844 convictions of blacks produced 121 death sentences for rape." [7]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Volgens hierdie statistieke is dit 'n voldonge feit dat die doodstraf beslis 'n rasse-implikasie in die Suid-Afrikaanse regstelsel gehad het.

**a) Lasbrief of Mandatoriese bepaling.**

---

5 Ibid., Artikel 274.

6 J. Dugard, op. cit., p. 125.

7 Ibid., p. 128.

https://etd.uwc.ac.za

Die oorgrote meerderheid van doodvonnisse was volgens die mandaat (lasbrief) bepaling. J. Sloth-Nielsen sê dat die sterk teenkanting teen die mandatoriese bepaling gaan oor die begrip "versagting".[8]

Versagting het slegs die faktore in ag geneem rondom die beskuldigde se morele laakbaarheid ten tyde die misdaad.[9]

Die misdadiger se vorige ongeskonde wetgehoorsaamheidsrekord was nie aan die hof tentyde die verhoor voorgelê nie. Hierdie faktore was slegs na gekyk wanneer die verhoor afgehandel was. Die potensiaal vir rehabilitasie en die karaktertrekke van die beskuldigde is ook as irrelevant onder hierdie bepaling beskou. Hierdie faktore is deur verskeie anti-doodstraf vegters as hoogs relevant tydens 'n verhoor beskou.

'n Verdere las vir die beskuldigde was dat hy of sy die bewyse moes lewer dat *versagtende* faktore teenwoordig was. Weens swak verteenwoordiging kon die beskuldigde dikwels nie effektief *versagtende* faktore bewys nie. In 1988 byvoorbeeld was daar 'n navorsing in die Kaapse Hoogsgeregshof onderneem wat getoon het dat sleg 10 persent van sake tot dan, deur professionele en spesialis-verteenwoordigers suksesvol aangevoer was.[10]

**b) " *Pro Deo* berading " - bepaling.**

Beskuldigdes wat nie regsverteenwoordigers gehad het in sake waarby die doodvonnis betrokke was nie, is voorsien van die staat se *pro deo*

8 J. Sloth-Nielsen, "Legal Violence:Corporal and Capital Punishment", in South Africa and the People of Violence, ed. B. McKendrick & W. Hoffmann, (Cape Town: Oxford University Press, 1990), p. 83.

9 Ibid., p. 83.

10 Ibid., p. 84

https://etd.uwc.ac.za

raadgewers. Die regsverteenwoordigers wat hierdie sake aanvaar het, was telkemale juniors en onervare lede van die regsgilde. Telkemale is daar beweer dat die *pro deo* beraders swak voorberei was vir die verhore. Dìt, terwyl dit om die waardevolste besit van die mens, *die lewe*, gegaan het. As gevolg hiervan het hierdie verhore korter geduur as dié met privaat regsverteenwoordiging.[11]

Goeie navorsing is (in 1983) in die Kaapse Hoogsgeregshof deur D. Van Zyl Smith en N. Isakow gedoen. Hulle het bevind dat van alle aangeklagtes (ander misdade ingesluit), 50 persent van die beskuldigde die advokaat wat aan hulle toegewys was, vir die eerste keer gesien het op die dag van verhoor.[12] 'n Verdere 18,9 persent het die raadgewers die dag voor die verhoor vir die eerste keer gesien. Die navorsers het bevind dat slegs 10 persent van die *pro deo* raadgewers langer as 'n uur berading vir hul kliënte verskaf het.[13]

**c) Die Toewysing van Regters - Scenario.**

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Navorsing wat tussen die jare 1986 en 1988 gedoen is in die Kaap Provinsiale afdeling, het betekenisvolle informasie aan die lig gebring. Daar is bevind dat onreëlmatighede in die doodvonnis voorgekom het as gevolg van die aantal kere wat 'n regter op die regbank verskyn het. Die navorsers skryf hierdie onreëlmatighede aan twee faktore toe:
Eerstens, bewyse is ingesamel aangaande die persentasie doodstraf wat die verskillende regters opgelê het in sake wat hulle hanteer het. Sommige het

11 Ibid., p. 84.

12 Ibid., p. 83.

13 Ibid., p. 83.

https://etd.uwc.ac.za

byvoorbeeld 'n kwota van 15 persent doodstraf sake hanteer, maar dan 51% van die beskuldigdes die doodstraf opgelê. Aan die ander kant was daar regters wat 32% van die sake gehanteer het, maar net in 12% van die gevalle die doodstraf opgelê het.[14]

J. Sloth-Nielsen het hierop gereageer toe sy dit as volg gestel het:

> "Any system permitting intervention before the trial in order to influence its outcome is inapposite in the context of the death penalty, which is a morally problematic penalty. Because the decision as to which judge receives which case involves the uncontrolled determination of ... factor which are vague, imprecise and irrelevant'differential allocation of capital cases is inappropriate. If the special allocation of serious cases to certain judges were to be advanced as the explanation for sentencing disparity amongst individual judges, the current system could be rejected as a violation of the principle of equality before the law"[15]

Tweedens, is die regter se persoonlike persepsie van die doodvonnis bevraagteken. Sommige regters het sterk standpunt ingeneem teen die doodstraf, terwyl 'n ander regter dit verdedig het as al gepaste vonnis vir moord. Sommige regters was bekend as "hanging Judges".

Hierdie faktor het sekerlik die prinsiep van regverdigheid ondermyn en die objektiwiteit van die doodvonnis onder groot verdenking geplaas. Onder andere het Sloth-Nielsen hieroor die volgende kommentaar gelewer :

> "This raises serious doubts about the potential for a fairly-imposed death penalty system in South Africa... It is inevitable that the death

---

14 Ibid., p. 84.

15 Ibid., p. 85.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

penalty is going to operate in an arbitrary and discriminatory manner. Indeed, it has been a key assertion in the public campaigns that have developed around the death penalty in South Africa that the death sentence is imposed not only arbitrarily, but also in a racially discriminatory manner ".[16]

Dit is onrusbarend om hierdie rasisistiese ondertoon in die veld van die doodstraf waar te neem. Dit kan ook nie net afgemaak word as tipies van apartheidsvegters nie, want vele ander skrywers, wat selfs regters was, het hierdie opmerking gemaak. Onder andere het Professor John Dugard die volgende oor die regstelsel opgemerk :

> "What distinguishes South Africa from other societies, however, is that racial discrimination is not merely socially condoned. In addition, it is legally endorsed in a carefully constructed legal order premised on racial seperation... It is impossible to divorce the racial factor from the death penalty in South Africa".[17]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die feit dat regters die doodstraf diskriminerend toegepas het en blanke moordenaars onregverdig laat bly lewe het, wil nie sê dat swart moordenaars onregverdig gesterwe het nie. In die geval van die doodstraf kan die regter se onregverdige beslissing nie 'n swart moordenaar se misdaad outomaties ongedaan maak of regverdig verklaar nie. Al waarop dit neergekom het, was akute diskriminerende arbitrasie deur die regter. So het die eertydse Minister van Justisie C.R. Swart (later Staatspresident vanaf 1961 tot 1967), gespog dat nie 'n enkele swarte begenadiging ontvang het vir die verkragting (waar die doodstraf ook opgelê kon word) van 'n blanke vrou nie.[18]

---

16 Ibid., p. 86.

17 J. Dugard, Human Rights and the South African Legal Order, op. cit., p. 53.

18 Ibid., p. 127.

https://etd.uwc.ac.za

Statistieke is nie altyd volkome in staat om 'n absolute korrekte weergawe van 'n toedrag van sake gee nie, maar kan wel funksioneel wees. Die volgende statistieke het in die *"Weekly Mail"* van 17 November 1989 verskyn :

1) Uit die 81 swartes wat blankes vermoor het tussen van Junie 1982 en Junie 1983 , is 38 gehang;
2) Van die 52 blankes wat die doodstraf opgelê is, omdat hulle blankes vermoor het in dieselfde tydperk, is slegs 1 gehang;
3) Uit 21 blankes wat swartes vermoor het, was 0 (niemand) die doodstraf opgelê nie.

Die beslissings van regters het beslis getoon dat hierdie posisie te subjektief was en dus maklik misbruik kon word om 'n ideologie of politieke standpunt te handhaaf of te bevorder. Volgens bogenoemde gegewens kan 'n mens dan 'n veilige afleiding maak dat die wet op die doodstraf oor die jare heen die spreekwoordelike politieke speelbal geword het. Dit was ook in 'n *doodloopstraat* en moes dus hervorm word. Hierdie hervorming van die doodstraf sou dan ook die *doodsklok* van 'n *ou era* in die Suid-Afrikaanse geskiedenis van rassisme aankondig.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Toe President de Klerk op 2 Februarie 1990 die Parlement geopen het, het hy die regering se voorneme om die wet op die doodstraf te hervorm, aangekondig. Hierdie hervorming in die doodstraf het basies beteken dat die hof nou die doodstraf met diskresie kon toepas.[19]

---

19 Voor hierdie wetgewing was die doodstraf eers verpligtend in die geval waar die hof nie bewyse van versagtende omstandighedes kon vind nie. Hierdie nuwe wet het nou beteken dat die regters nou die outoriteit gehad het om self te besluit wat die gepaste vonnis moes wees.

https://etd.uwc.ac.za

In die saak (wat ek beskou as die "oorbrugging-saak" tussen die ou en nuwe Suid-Afrika) die Staat versus T. Makwanyane en M. Mchunu het die regter J. Ackermann die volgende oor die doodstraf gesê :

> "I place greater emphasis on the inevitably arbitrary nature of the decision involved in the imposition of the death penalty as a form of punishment in supporting the conclusion that it constitutes "cruel", "inhuman" and "degrading punishment"...[20]

Ons sal nou sien hoe die nuwe wet oor die doodstraf later daar uitgesien het.

**II. Die "Nuwe Wet" - "die afskaffing van die doodstraf".**

Artikel 9 van die grondwet bepaal dat elke mens die reg op lewe het. In die saak van die Staat versus T. Makwanyane en M. Mchunu het regter P. Chaskalson die uitspraak gelewer dat die doodstraf onkonstitutioneel en ongeldig is.[21]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Artikel 98 (7) van die konstitusie is aangehaal. Dit lui as volg :

(a) "the State is and all is organs are forbidden to execute any person already sentenced to death under any of the provisions thus declared to be invalid; and

(b) all such persons will remain in custody under the sentences imposed on them, until such sentences have been set aside in

---

20 Sien Appendiks B. Die Saak no CCT/3/94 Bladsy 105.

21 Sien Appendiks A , bladsy 104.

https://etd.uwc.ac.za

accordance with law and substituted by lawful punishments."[22]

Dit was hierdie saak wat die verrassende bevinding opgelewer het dat die doodstraf teen menseregte indruis en dus onkonstitusioneel was. Daar moet hier ook wel genoem word dat die moratorium wat op die doodstraf geplaas was 'n politieke ooreenkoms was om 'n klimaat te skep vir die onderhandeling van 'n nuwe grondwetlike bedeling.[23] Hieruit kan ons weereens sien dat die doodstraf nie net 'n juridiese aspek gehad het nie, maar ook 'n politiese een.

Die afskaffing van die doodstraf het nie ongemerk verbygegaan nie. Sommige kere het die debatte in die media oor die kwessie of die moordenaar moes lewe of sterwe vir sy wandaad, na 'n Babelse verwaring gelyk. Beide kampe, *vir* en *teen* die doodstraf, het baie sterk argumente aangevoer en dit het die verwarring veroorsaak. Sommige het die afskaffing van die doodstraf beskou as die bevryding van 'n wrede spul wat ten opregte die galgtou vrygespring het. Dr.A. Ladikos, van die Universiteit van Suid-Afrika se Instituut vir Kriminologie, het hierdie bevindings (dat dit 'n brutale groep misdadigers is wat die doodstraf vrygespring het) in die tydskrif, "Acta Criminologica" gepubliseer.[24]

Dit is hierdie konteks dat ek besef het dat die persepsies van die publiek in die Wes-Kaap insiggewend vir hierdie sal studie wees. Die statistieke sou

22 Ibid., p. 105.

23 Hierdie feit is geopper tydens 'n onderhoud met die destydse Adjunk Minister van Justisie G. Myburgh te 120 Plein Straat Kaapstad, (5 September 1995).

24 Sien Appendiks C.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

dan ook openbaar of die publiek wel 'n helder persepsie oor die doodstraf het en of dit nie maar net vrees of wraaksug is wat subtiel die pleidooi vir die doodstraf voer nie. Die studie was gedoen juis tydens die tydperk van afskaffing, tussen Junie en Oktober 1995.

## 1) Statistieke:

Ek het die navorsingsvraelys aan 550 persone uitgedeel en die antwoorde kon deur die respondente in die vorm van Ja of Nee in die gepaste blokkie van die vraag ingevul word. Dit was nie nodig vir die respondente om hul name te verskaf nie; hulle moes slegs hul geslag, ouderdom en woongebied aandui. Die vrae en die resulte was as volg:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

1. **Is u ten gunste van die afskaffing (skrapping) van die doodstraf?**

   **RESULTATE :**

   **JA - 63 = 11.48 %**

   **NEE - 477 = 86.88 %**

   **GEEN REAKSIE - 1 = 1.8 %**

2. **Dink u dat die doodstraf die basiese "reg op lewe" van die moordenaar wegneem ?**

   **RESULTATE :**

   **JA - 324 = 59.00 %**

   **NEE - 216 = 39.34 %**

   **GEEN REAKSIE - 9 = 1.63 %**

3. **Het 'n moordenaar 'n reg op "lewe"?**

https://etd.uwc.ac.za

**RESULTATE :**

**JA - 27 = 4.91 %**

**NEE - 504 = 91.80 %**

**GEEN REAKSIE - 18 = 3.27 %**

4. **As u "Ja" stem vir die afskaffing (skrapping) van die doodstraf, sal u standpunt nog steeds dieselfde wees as die noodlot van moord 'n naasbestaande of familielid tref? (Soos u kind, Ma, Pa, Vrou, Man, ens.).**

**RESULTATE :**

**JA - 99 = 18.03 %**

**NEE - 234 = 42.62 %**

**GEEN REAKSIE - 216 = 39.34 %**

5. **Dink u dat lewenslange tronkstraf die oplossing is om die gemeenskap van moorde te beveilig?**

**RESULTATE :**

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**JA - 54 = 9.83 %**

**NEE - 450 = 81.96 %**

**GEEN REAKSIE - 45 = 8.19 %**

6. **Beskou U die doodstraf as 'n effektiewe afskrikmiddel vir moordenaars?**

**RESULTATE :**

**JA - 423 = 77.04 %**

**NEE - 99 = 18.03 %**

**GEEN REAKSIE - 27 = 4.91 %**

https://etd.uwc.ac.za

7. **Beskou U die doodstraf as 'n proses van "weerwraak" wat die moordenaar sal benadeel?**

**<u>RESULTATE</u> :**

**JA - 153 = 27.86 %**

**NEE - 324 = 59.01 %**

**GEEN REAKSIE - 72 = 13.11 %**

Alhoewel die resultate toon dat die oorgrote meerderheid van die respondente ten gunste is van die doodstraf, vind ons 'n kontras by die meer analitiese vrae. Ons kan hierdie resultate in anti-doodstraf en pro-doodstraf kampe verdeel. Vraag 2 en vraag 3 is in kontras met vraag 1. Terwyl die meerderheid voel dat die doodstraf die "reg op lewe" van die moordenaar, (anti-doodstraf) wegneem, is hulle standpunt nie konsekwent in die daaropvolgende vraag nie. Die resultate van die vrae op "reg op lewe" (vrae 2 en 3) is in skrille kontras met mekaar.

Die resultate van vraag 4 openbaar 'n ommeswaai van standpunt in die kamp van die anti-doodstraf vegters. 'n Groot persentasie sal nie die afskaffing ondersteun as hul naasbestaande vermoor word nie. Dit wil sê dat hulle sal wil sien dat die moordenaar die doodstraf opgelê word.

Hierdie statistieke is 'n bewys dat die gemeenskap moontlik nog nie die kwessie van die doodstraf goed verwerk het nie. Hierdie is 'n ernstige aanduiding dat daar nie noodwendig aan die eise van die meerderheid toegegee moet word nie.

'n Verdere kommerwekkende maar tog belangrike bron van statistiek rondom die argument oor die doodstraf is die aantal moorde in die Wes-Kaap Streek, voor en na die afskaffing van die doodstraf. Die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

statistieke van die tydperk Januarie tot Desember 1994 met diè van Januarie tot Desember 1995 kan met mekaar vergelyk word en kan aandui watter invloed die afskaffing van die doodstraf moontlik het:

| **JAN** | **FEB** | **MRT** | **APR** | **MEI** | **JUN** | **JUL** | **AUG** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 226 | 194 | 259 | 204 | 210 | 173 | 220 | 215 |

| **SEP** | **OKT** | **NOV** | **DES** | **= 1994** |
|---|---|---|---|---|
| 226 | 261 | 259 | 306 | |

| ***JAN*** | ***FEB*** | ***MRT*** | ***APR*** | ***MEI*** | ***JUN*** | ***JUL*** | ***AUG*** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 263 | 238 | 247 | 294 | 210 | 208 | 253 | 229 |

| ***SEP*** | ***OKT*** | ***NOV*** | ***DES*** | ***= 1995*** |
|---|---|---|---|---|
| 290 | 276 | 241 | 360 | |

TOTALE MOORDE **1994** = 2853.

TOTALE MOORDE ***1995*** = 3109.[25]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die statistieke openbaar dat daar 'n vermeerdering van ongeveer 9% in moordgevalle oor dieselfde tydperk was. Dit alreeds is onrusbarend. Nogtans is dit 'n werklikheid en daar moet hierop reageer word.

Dit is hierdie realiteit wat vele argumente rondom die waarde van lewe ondermyn. Daar is diegene wat baie sterk argumenteer dat die mens se lewe heilig is en daarom deur niemand geneem mag word nie, selfs nie deur die Staat nie. Aan die ander kant is daar diegene wat ten gunste van die doodstraf is en argumenteer dat die moordenaar nie die waarde van die

25 MIOVS. Weskaap Streek. Gehanteer deur Adjudant Kommissaris A. De Wit (Verwysing 29/2/6).

https://etd.uwc.ac.za

slagoffer se lewe in ag geneem het. Waarom dan sy lewe spaar? Die moordenaar het tog sy eie reg op lewe deur sy misdaad verbeur.

Dit is noodsaaklik om nou die benaderings van die anti-doodstraf en pro-doodstraf vegters te beskou.

## III. Argumente ten gunste van die doodstraf.

Daar is menige argumente wat gevoer word ten gunste van die doodstraf, maar daar is basiese vyf argumente wat deurgaans geopper word.

**Eerstens, die doodstraf dien as 'n afskrikmiddel vir potensiële moordenaars**. Die argument hier is dat, alhoewel geen empiriese data as bewyse gelewer kan word dat die doodstraf wel 'n afskrikmiddel is nie, die onus op diegene berus wat teen die doodstraf is, om te bewys dat die doodstraf niè 'n afskrikmiddel is nie. Hierdie persone voel dat 'n potensiële moordenaar twee keer sal dink voordat hy of sy die misdaad sal pleeg as die doodstraf moontlik is. Verder word aangevoer dat die moordenaar met volkome sekerheid *uit die weg geruim* word en die kanse nul sal wees dat dieselfde persoon weer 'n moord sal pleeg.

**Tweedens, die doodstraf maak juridies daarvoor voorsiening dat die moordenaar retribusie vir sy misstap ontvang.**

Die misdadiger moèt betaal met sy lewe, wat die propageerders beskou as *"'n oog vir 'n oog"* en *"'n tand vir 'n tand"*. Retribusie sal dan verhoed dat die gemeenskap die reg in eie hande neem en sodoende ook keer dat eiemagtige groepe gevorm word. In hierdie stadium sal hierdie argument

https://etd.uwc.ac.za

deur proponente van die doodstraf baie sterk benadruk word deur te verwys na die Harry Joshua[26] geval en die PAGAD[27] groep.

Die propageerders vir die doodstraf beskou dit as die Staat se verantwoordelikheid om die landsburgers te beskerm teen potensiële herhaling van moord deur slegs die doodstraf op te lê.

**Derdens, die moordenaar verdien nie die reg op lewe nie omdat hy/sy dit verbeur het deur 'n ander te vermoor.**

Hier word geargumenteer dat die moordenaar geen gevoel en respek vir die lewe van die slagoffer gehad het nie. Verder word aangevoer dat die slagoffer ook 'n reg op lewe gehad het en dìt moet deur die doodstraf herstel word (wat natuurlik prakties ontmoontlik is).

**Vierdens, die propageerders van die doodstraf sê, omdat die meerderheid van die landsburgers (71% volgens RGN)[28] die doodstraf ondersteun, dit slegs sal voldoen aan ware demokrasie om gehoor te gee aan die volk.**

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die landsburgers het die reg om sekuriteit en veiligheid te eis van die Staat. Hier word die argument aangevoer dat die regering gehoor moet gee aan die meerderheid se versoek.

---

26 Sien Appendiks D om die hele verhaal te begryp waarin Harry Joshua sy optrede regverdig. Selfs die gemeenskap van Delft ondersteun hom in sy optrede.

27 PAGAD (*People Against Gangsterism and Drugs*) is 'n groep gemeenskapslede wat beweer dat die land buite beheer gebring is deur misdaad. Hulle beskou die polisie as magteloos om misdaad hok te slaan en hul plan van aksie is om deur sterk optrede, bendelede se smokkelbedrywighede met dwelms stop te sit.

28 Televisie Nuusprogram, (4 September, 1996) 8hr nm.

https://etd.uwc.ac.za

**Vyfdens, die voorstanders van die doodstraf argumenteer dat die Bybel die doodstraf ondersteun en dat die Staat die Bybelse opdrag en outoriteit het om lewe te neem.**

Die "Lex Talionis", die wet van vergelding, word beskou as die outoriteit van die Staat om haar burgers te beskerm teen die kwaad.

## IV. Argumente teen die doodstraf.

**Eerstens, die opponente argumenteer dat die doodstraf die moordenaar van sy/haar basiese reg op "lewe" ontneem.**

Elke mens het die basiese mensereg om te lewe.

**Tweedens, die opponente betwis die bewering dat die doodstraf 'n legitieme en nuttige afskrikmiddel is.**

Dit is nog nie bewys dat die probleem van misdaad daardeur opgelos is nie. Moorde het nog altyd plaasgevind, selfs toe die wet op doodstraf bestaan het. Professor JJ Neser, kriminoloog van Unisa, sê dat die doodstraf ondoeltreffend is, omdat twee faktore veroorsaak dat dit van die afskrikwaarde beroof word. 1) "Dat straf nie seker is in Suid-Afrika nie en ,2) dit baie lank duur voordat die vonnis uitgespreek word".[29]

Verder voer organisasies aan dat die doodstraf "teen die grein van die universele deklarasie van menseregte" gaan.[30]

In sommige kulture word die uitwissing van 'n teenstander as heldhaftigheid beskou en daarom word tradisionele wapens as nodige toerusting beskou. Ekonomiese faktore word ook in ag geneem waar 'n persoon moord sal

---

29 Die Algemene Kerkbode, (13/14 September, 1996) p. 9.

30 Ibid., p. 9.

https://etd.uwc.ac.za

pleeg as die enigste werkbare alternatief. Al hierdie feite word bo die afskrikwaarde van die doodstraf gestel.

**Derdens, die opponente beveg die doodstraf omdat die strafbevoegdheid en regverdigheid van regters soms onder verdenking kan wees.**

Die feit dat die moontlikheid kan bestaan dat regters soms die verkeerde persoon die doodstraf kan oplê, maak dit 'n groot waagstuk. Daar kan nie met 'n mens se lewe gedobbel word nie, want as 'n persoon foutiewelik die doodstraf opgelê is, is dit 'n onheroeplike fout. Dit kan nie herstel word nie. Die opponente beskou die oordeel en voorkeure van die regter as te subjektief en onpeilbaar.

**Vierdens, suggereer die opponente dat die Bybel nie klinklare riglyne vir die doodstraf gee nie, maar wèl vir ontferming, genade, liefde en sagmoedigheid en rehabilitasie.**

Dit is die verantwoordelikheid van die totale gemeenskap om 'n persoon te rehabiliteer. Op een of ander wyse is dit die gemeenskap wat gefaal het in die skepping van 'n gesonde gemeenskap. Geweld en misdaad word alledaags in televisieprogramme en televisiespeletjies as vermaak en heldhaftigheid voorgehou. Die Bybel plaas die volle verantwoordelikheid op die gesagsorde om 'n gesonde samelewing daar te stel deur middel van **voorkomende maatreëls** en nie **korrektiewe maatreëls** soos die doodstraf nie.

**Ten laaste is die opponente se argument dat die doodstraf eiemagtig en sonder ware geregtigheid opgelê is.**

Die ondergeskiktes, armoediges en verdruktes kon telkemale nie die kostes van goeie private regshulp inwin nie. Die gevolge was dat hulle hul moes beroep op die Staat se *pro deo* berading, wat telkemale nie die kwaliteit van

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

verdediging kon lewer nie. Daar was geen ekstra moeite deur die (soms onervare) regsverteenwoordiger aangewend om die saak van die beskuldigde te verdedig nie. Die ras van die verdediger word ook hier as 'n faktor genoem wat die oplegging van die doodstraf bepaal het. Statistieke word deur die opponente voorgelê wat toon dat meer swartes as blankes die doodstraf opgelê is omdat slegs blankes die regters was.

Ter opsomming word teen die doodstraf geveg op grond van die skending van basiese menseregte, die ongrondwetlikheid en onregverdige toepassing daarvan, asook die onskriftuurlike en diskriminerende toepassing daarvan.
In die lig van hierdie sterk argumente van beide opponente en proponente van die doodstraf is dit dan van kardinale belang om die Bybelse weergawe oor die onderwerp na te gaan. Juis omdat die Bybel se kernboodskap om lewe en dood draai, mòet dit leiding kan bied oor die saak van die doodstraf. Ons is genoop om deeglike Bybelse eksegese te doen aangesien albei kampe die Skrif aanhaal ter ondersteuning van hul argumente. Die eksegese van kernverse oor die onderwerp kan dan ook die populêre vraag "wat sê die Bybel oor die doodstraf", beantwoord. Hierdeur kan ons dan ook verkeerde interpretasies van die Skrif oor die onderwerp weerlê, aangesien sommige "kies en keur" ter ondersteuning van hul argument.

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 2

## Die Bybelse Gegewens.

Die Bybel gee nie noodwendig 'n bloudruk oor die uitspraak van die doodstraf wat toepaslik is vir alle tye nie. Waar daar wel implikasies bestaan, moet daar besef word dat die hedendaagse samelewing en kultuur totaal verskillend is van dié van van die Ou en Nuwe Testamentiese milieu. Alhoewel ons met verskillende historiese milieu's te doen het, moet ons erkenning gee dat die Bybelse normes en waardes nie geïsoleer kan word nie, maar in relasie gebring moet word met dié van ons huidige konteks.

### I. Ou Testamentiese Oorsig.

Daar is temas in die Ou Testament wat as seremonieel en van verbygaande aard gesien word, terwyl ander gedeeltes as vrugbaar vir etiese motiewe beskou word.[31] Na my mening is die Ou Testament net so die Woord van God en het daarom beslissende betekenis vir die mens en die praktyk van sy of haar lewe en etiek. Die betekenis van die Ou Testament vir die etiek is omvattend en ryk en dit moet dus meer funksioneer in die etiese debat.

Die skrifgedeeltes wat hier behandel word moet nie beskou word as diè finale lys van relevante tekste oor die doodstraf nie; daar is wel veel meer tekste (wat ek nie kan behandel nie) wat ook die onderwerp dek.

Voordat ons hierdie tekste behandel moet ons ten minste die agtergrond van die tipe wette verkry wat hierdie gemeenskap se regstelsel beliggaam het. Ons sal ten minste breedvoerig die lex talionis, die apodiktiese en

31 Sien Dr D.A. Du Toit se artikel "Etiek en die Ou Testament" in, Die Ou Testament Vandag, ed. D.H Odendaal, B.A.Muller en H.J.B.Combrink, (Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers, 1979), p. 88-97.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

kasuïstiese[32] regsvorme, hier moet behandel.

**1) Die Lex Talionis beginsel[33]**

Die lex talionis is 'n kardinale deel van hierdie studie. Dit word in vele Skrifgedeeltes aangehaal en daarom ag ek dit nodig om 'n breedvoerige inleiding van hierdie beginsel te skets, voordat dit in die relevante tekste behandel word.

'n Belangrike prinsiep wat ons vanuit 'n Christelike uitgangspunt rondom reg in die Ou Testament moet begryp, is dat die reg as 'n middel moes dien om God se heiligheid te manifesteer en bevorder. Die reg moes die attribuut van regverdigheid en geregtigheid weerspieël. Daarom was die oudstes betrokke by sommige regsuitsprake wat die verbondsvolk geraak het. Moshe Weinfeld sê: "The elders functioned together with the magistrate ....No distinction is made between offences commited against God and offences committed against man either in the formulation of the law or in the kind of punishment prescribed. Crimes committed against man are deemed to be a violation of sacral principle no less than sins committed against God".[34] Anthony Phillips skakel ook goed hiermee in as hy sê: "Regardless of his relationship to the deceased, the murderer had to be executed to propitiate

32 Hierdie vorms is deur Albrecht Alt, in studie wat behandel het oor die oorsprong van Israelitiese wette, só genoem. Sien sy artikel, *"The Origins of Israelite Law," in Essays on Old Testament History and Religion* (Oxford, Blackwell, 1966), p. 79-132. Menings oor Alt se voorstel rakende Apodiktiese en Kasuïstiese wette is ook baie uiteenlopend.

33 Dale Patrick dui die herkoms van die "lex talionis" as volg: "it derives from pre-Israelite ancient Near Eastern legal tradition. It was a principle for assessing penalties that struck the ancient Near Eastern mind as eminently reasonable and fair, though it has come to be a symbol of legal barbarism." (sien Old Testament Law, (London: SCM Press, 1986), p. 77).

34 Deuteronomy and the Deuteronomic School,(Oxford: Clarendon Press, 1972), p. 234-240.

https://etd.uwc.ac.za

Yahweh. It was to effect this execution that the whole community sought his life."[35]

Ons moet dan nie die fout begaan en dink dat die ideaal van geregtigheid in die Ou Testament net van toepassing was vir daardie konteks en daarom geen implikasies vir die huidige samelewing inhou nie. Daardie Bybelse samelewings dra 'n getuienis en dien selfs as rigtingwysers vir ons samelewing vandag.

Die ontwikkeling van die regstelsel in die Ou Testament het progressief en geleidelik in verskillende periodes plaasgevind. Byvoorbeeld, gedurende die Patriargale periode het die familie-hof die taak gehad om te verseker dat geregtigheid uitgevoer word. Hierdie *"hof"* was gelei deur 'n patriarg (vader) wat die die oortreding moes hanteer en toesien dat die nodige gepaste vonnis opgelê is.[36]

Die kernbeginsel van Ou Testamentiese regstelsel was absolute *regverdigheid en gelykheid* wat sterk tot uitdrukking gekom het in uitsprake soos *"'n oog vir 'n oog"* en *"tand vir 'n tand"*. Hierdie uitdrukkings was natuurlik daarop gemik dat die misdadiger dieselfde verliese moes lei as wat hy of sy aan 'n ander besorg het. Hierdie beginsel, die sogenaamde lex talionis, het gestrewe om geregtigheid te laat sëevier, sover dit menslik moontlik was. Die lex talionis wou verseker dat die regte van die beskuldigde terselfdertyd beskerm word in die soeke na geregtigheid. Ons

---

35 Ancient Israel's Criminal Law: A New Approach to the Decalogue, (Oxford: Basil Blackwell, 1970), p. 85.

36 J.A. Motyer, "Civil Law & Justice in Bible Times" in Evangelical Dictionary, George Etwell (ed.), (Grand Rapids: Baker House, 1987), p. 246-248.

37 Ibid., p. 247

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

kan verstaan dat dit maklik was om eensydig op te tree waar die patriarg die saak moes hanteer en dat die misdadiger se regte sodoende in die slag kon bly te midde van familie- en gemeenskapswoede. Die lex talionis het gevolglik toegesien dat die beskuldigde nie 'n erger straf ontvang as wat hy verdien het nie.[37] Byvoorbeeld, as hy 'n ander se oog vernietig het dan moes hy nie sy kop daarvoor verloor het nie. Sodoende het hierdie regstelsel ook sy eie integriteit as 'n regverdige stelsel behou.

'n Verdere verkeerde beskouing oor die lex talionis is dat dit wraaksugtigheid bevorder het. Inteendeel, dit was die hoofdoel van die lex talionis om die **balans** te skep tussen ***"misdaad"*** en die ***"straf"*** wat daar opgelê was.[38] Ons kan sê dat dit hoofsaaklik verwys na drie sfere van regverdigheid in spesifieke Skrifgedeeltes.

Eerstens, in Eksodus 21:23 word vereis dat regverdigheid tot alle ***howe*** moes deurdring. Tweedens, in Levitikus 24:19-20 moes die reël van regverdigheid op alle ***persone***, burgers sowel as vreemdelinge, toegepas word. Derdens, het Deuteronomium 19:19-21 bevestig dat absolute geregtigheid 'n gesonde **gemeenskap** moes bevorder. Die wet moes ook dan dien as 'n effektiewe afskrikmiddel. Vers 20 sê: *"Die ander mense sal daarvan hoor en* ***bang*** *word en hierdie soort verkeerde ding sal nie weer tussen julle voorkom nie".* Die doel hiervan was om die kwaad totaal uit die gemeenskap uit te roei, voordat die euwel wortel kon slaan in die samelewing.

'n Verdere belangrike dimensie wat ons ook hier kan sien is dat die lex talionis aan ons voorhou dat die Goddelike attribuut van regverdigheid

---

38 Ibid., p. 248

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

totaal deur drie vlakke moes sypel: die juridiese, die persoonlike en die sosiale vlakke. Goddelike regverdigheid moes vertikaal sowel as horisontaal toegepas word.

In Eksodus 22:8 en Deuteronomium 19:17, byvoorbeeld, word dit so voorgehou dat wanneer 'n persoon voor die hof verskyn (horisontaal), dit ook beskou word as 'n simboliese verskyning voor die (vertikale) gerig van God. J.A. Motyer verwys na hierdie Ou Testamentiese regsproses as 'n "Obedience / Blessing - Disobedience / Cursing" proses.[39]

'n Aspek van die lex talionis wat herhaaldelik na vore tree is 'n "'n lewe vir 'n lewe". Moord is beskou as 'n misdaad teen die *beeld van God* (Genesis 9:6) en dus sou niks minder voldoen om die "prys" vir die dood van die slagoffer te betaal nie. Die prys (doodstraf) wat die moordenaar moes betaal was niè om die familie se soeke na wraak te bevredig nie, maar hoofsaaklik om Jahweh tot sy posisie as *Skepper en Nemer* van lewe te herstel. Anthony Phillips stel dit ook onomwonde en is werd om deeglik hier aan te haal, as hy sê :

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> "The murderer is not executed in order to satisfy the family of the deceased as an act of literal retaliation, but to restore Yahweh to the position he was in before the murder occured. This can only be achieved by the execution of the murderer, who has appropriated the blood of the deceased. In this way it will be released from his control, and returned to Yahweh, the giver of life."[40]

Ons moet ook hier kennis neem dat hierdie prinsiep geskoei was op die verbond wat Jahweh met sy volk gesmee het. Moord het dan nie net die

---

39 Ibid., p.246.

40 Ancient Israel's Criminal Law: A New Approach to the Decalogue, op. cit., p.84.

https://etd.uwc.ac.za

lewe van die slagoffer ontneem nie, maar het ook Jahweh se outoriteit as heerser oor alle lewe aangetas het en verder ook die gemeenskapsverbond van Jahweh met sy volk verbreek. Niks en niemand kon hierdie verbond herstel nie, behalwe die lewe van die moordenaar vir die lewe van die slagoffer.[41] Dit het moontlik gedien as tipe vir die prinsiep van versoening in die Nuwe Testamentiese diskussie rondom die verbond. Hebreërs 9:22 verklaar tog: "Byna alles word volgens die wet met bloed gereinig, en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie".

Dus kan ons dan hier sien dat die straf nie uitgevoer was as herstel in verband met die verhouding tussen moordenaar en slagoffer nie. Motyer oordeel ook dat die Ou Testament swyg in verband met "straf as hervormer" vir die misdadiger. Dit het om God en sy Outoriteit as heerser oor die lewe gegaan. Wat ons ook moontlik hier kan aanvaar is dat straf as 'n rehabilitasie of as hervorming van die misdadiger nie 'n ontwikkelde teorie in die Ou Testament was nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Robert Conuse se stelling in sy boek *"The Bible and Capital Punishment"*, is gepas as hy sê: "Too many people view much of the Old Testament as mandating retributive punishment".[42] Die klem was op God en sy geregtigheid, sy verbond en sy verhouding met die volk wat Hy afgesonder het. Niemand mag Jahweh van hierdie reg ontneem nie, tensy die reg daartoe, *deur* Jahweh aan hom gegee is.

Robert Conuse sê ook "Historical Israel frequently invoked capital punishment because, as a primitive society, it had no prisons, no

---

41 Ibid., p. 84.

42 Robert Conuse, "The Bible and Capital Punishment", Blueprint for Social Justice (December, 1982), p. 3.

https://etd.uwc.ac.za

incarceration, no concept of rehabilitation, and hence no alternative to execution of violent individuals".[43]

In samevatting, kan ons sê dat die lex talionis die suiweringsinstrument van die samelewing wou wees. Hierdie reiniging moes dan plaasvind op die soliede beginsel dat "elke misdaad regverdiglik en op meriete" behandel sou word.[44] Of dit 'n wraaksugtige stelsel was of nie, sal ons sekerlik in die eksegese van die relevante tekste moet vind.

**2) Die Apodiktiese en Kasuïstiese regsvorme.**

Uit die aard van die intense debat rondom hierdie twee regsvorme sal ek net die kernbegrip daarvan skets. Dit sal dan verhoed dat hierdie verhandeling, hier vasval.

Die apodiktiese wette word deur Alt onder vier klasse gegroepeer. Hans J. Boecker stel voor dat Alt se volgorde hiervan in die lig van die juridiese-inhoud wat dit bevat, gesien moet word om sodoende te kan begryp wat daar wel bedoel word met die Apodiktiese wette in die regstelsel van Israel. Die eerste klas hou verband met onvoorwaardelike straf. Boecker sê dat Alt "mentions an enumeration of legal principles on crimes worthy of death which end in a stereotype manner by laying down the death penalty and which are therefore usually termed in OT scholarship the *mot jumat* series (mot jumat = he must be killed unconditionally)."[45]

---

43 Ibid., p.3.

44 Sien J. Burden, en F. Deist, Kom ons doen Bybelstudie, Pretoria: Acacia, 1988), p. 52.

45 Law and the Administration of Justice in the Old Testament and the Ancient East, (London: SPCK, 1980), p. 193.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Eksodus 21:12 dien as voorbeeld hiervan, "Wie iemand doodslaan, moet doodgemaak word".

Die tweede klas behels diè van vervloeking en word die *arur (= a curse upon)* klas genoem. Deuteronomium 27:15-26 is 'n voorbeeld hiervan omdat die inleidende frases stereotiep van aard is. Vers 24 is veral van toepassing op ons onderwerp van die doodstraf en kan hier as verkorte voorbeeld dien, "Daar rus 'n vloek op elkeen wat sy naaste doodmaak, al is dit in die geheim! "Dan moet die hele volk antwoord: 'Amen!'"

Die derde en vierde klas van die Apodiktiese wet word deur Boecker as volg beskryf, "Alt mentions an elevenfold enumeration of grades of relationship within which sexual intercourse was forbidden, Lev.18:7-17. This enumeration is in the you-style and is therefore formally distinct from the first two series. Finally, Alt refers in this connexion to the decalogue, Exod.20:2-17; Deut.5:6-18 (21).[46]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Geleerdes het die waarneming gemaak dat Alt se groepering van die apodiktiese wette in vier klasse verdeel was. Hierdie vier klasse was weer verder in twee dele onderverdeel. Deel een en twee behels die *mot jumat* en *arur* klassifisering. Hierdie twee klasse beskryf die *dader* en die *daad wat hy gepleeg het, byvoorbeeld, die **moordenaar** het 'n **moord** gepleeg.*[47] Hierdie twee klasse stel die wet objektief en begin die frase met 'n deelwoord.

---

46 Ibid., p. 193.

47 Ibid., p. 194.

https://etd.uwc.ac.za

Groep twee en drie behels 'n direkte *verbod- en of gebod*-bepaling. Dit verwys na die konkrete, *"Jy mag nie doodslaan nie"*, verbod wat ook terselfdertyd 'n gebod is (Deuteronomium 5:17-20 en Levitikus 18:7-17).[48]

Die omskrywing van die kasuïstiese vorm is meer algemeen deur geleerdes aanvaar, teenoor diè van die apodiktiese vorme. Boecker se waarneming van Alt se voorstel van die kasuïstiese vorm is: "Alt has proposed as the decisive formal criterion of the casuistic style of formulating law the absolute supremacy of the objective "if-style." There is no "I" or "you," no adress, no invitation."[49] Hierdie beginsel stel eerstens 'n *voorwaarde* wat dan opgevolg word deur die *wetlike gevolge* wat die beginsel inhou.

'n Voorbeelde hiervan is Eksodus 21:2-3, "Wanneer jy 'n Hebreeuse slaaf koop, moet hy ses jaar vir jou werk, maar in die sewende jaar moet jy hom vrylaat sonder dat hy jou iets daarvoor betaal. (Vers3) *As* hy alleen was toe hy slaaf geword het, moet hy alleen vrygelaat word...."

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ons sien hier in die eerste frase die vereiste wat gestel word wat die omstandighede skep waaraan die meester van die slaaf moet voldoen. Die derde vers spel die wetlike gevolge uit, asof dit die wet ongedaan maak. Hierdie wet se vervulling is onderhewig aan voorwaardes. Kan ons dan sê dat die kasuïstiese wet ruimte maak vir "versagtende" omstandighede? Na my mening kom dit meer "akkomoderend" as die apodiktiese wet voor. Ons sal dit in die behandeling van toepaslike teksgedeeltes moet sien.

**3) Genesis 4: 1-16 ; 23**

---

48 Ibid., p. 194-195.

49 Ibid., p. 150.

https://etd.uwc.ac.za

Ons het hier te doen met die heel eerste moordgeval wat in die Bybel beskryf word. Moord word voorgehou as die eerste sosiale misdaad wat die mens gepleeg het, nadat Adam en Eva gesondig het.

Kain het vir Abel, sy bloedbroer, vermoor (vers 8). Die oorsaak van hierdie misdaad was dat Kain ***jaloers*** was op die feit dat God Abel se offer bo sy eie aanvaar het (vers 5). God het die gesindheid van Kain gesien en hom gekonfronteer. God het geweet dat Kain moord ***beplan*** het en hom vooraf gewaarsku (berading gegee), sodat hy moes afsien van die ***gekoesterde moordgedagte.*** Kain het nie daarop ag geslaan nie.

Die aktuele vraag hier is, **"Waarom het God dan nie vir Kain die doodstraf opgelê nie ?"**

Vele debatte, verskillende perspektiewe en interpretasies is al deur gedugte teoloë en skrywers oor diè onderwerp gelewer. So was daar skrywers soos W. Starke, A. Menes, O. Procksch en A. Ehrenzweig wat sê dat diè verhaal soos die storie van Romulus en Remus is en dat die moord op Abel 'n bouoffer was.[50] Die perspektief van persone soos S. Mowinckel, B. Stade en H. Gunkel was dat dié verhaal die *lewe en kultuur* van Kain se stam uitbeeld, waarvan hy self die held was.[51]

'n Verdere teorie is verdedig deur persone soos U. Cassuto en K.A. Deurloo, wat dit as volg gestel het "Cain who killed his brother, is the prototype of the murderer. All human beings are brothers and whoever sheds human

---

50 Claus Westermann, Genesis 1-11, (Minneapolis: Augsburg Publishing House, 1984), p. 284.

51 Ibid., p. 284.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

blood sheds the blood of his brother".[52] Hier word die hele mensdom tot verantwoordelikheid teenoor mekaar geroep. Terselfdertyd suggereer die skrywers dat broers ook van nature teenstanders is.

Claus Westermann bring 'n baie interressante perspektief tot die debat as hy verwys na *gelykheid en ongelykheid* in die offerdaad.[53] Onder die konsep van gelykheid wil ek dan aanvoer dat albei partye gearbei het om *God die Gewer* te vereer met hul gawes. Albei het *gelyke* kontak en toegang tot God gehad en dus gelyke toegang tot die *Bron van Lewe.*

Die verskil of die ongelykheid het ingetree in die toepassing van die gawes. Dit was die verskil in ***gesindheid*** wat elkeen gehad het teenoor *God die Bron van lewe,* wat die ongelykheid veroorsaak het. Dit was nie in ***wat*** hy geoffer het nie, maar met watter soort ***gesindheid*** en eerbiedigheid hy die *Lewe* of *Bron van Lewe* benader het. Ons kan hier 'n gevolgtrekking maak dat Kain reg in eie geneem het, omdat God Abel se offer bo syne verkies het. Abel het hom geensins enige leed aangedoen nie, tog haal hy Jahweh se "onreg" op Abel uit. Die parallel wat ons hier kan trek in verband met die doodstraf in ons huidige konteks is sterk.

Die gesanik van persone wat die doodstraf bepleit en aanvoer dat die owerhede faal in hul verantwoordelikheid om hul burgers te beskerm, sluit dikwels in dat hulle die reg toe-eien om hulself teen moordenaars te

52 Ibid., p. 284.

53 Westermann sê: "We see here the basic motif of the narrative of Genesis 4 :2-16. It speaks of the existence of human beings as brothers, of the life in common of those who have equal rights. There come to the surface here those difficulties that endanger community, when one has more than the other, when one is successfull and the other not. Inequality enters where there should be equality. This is what the story is all about". (Ibid., p. 297).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

beskerm.[54] Dikwels kom dit van persone wat die houding inneem dat moordenaars slegs 'n paar jaar tronkstraf kry en dan vrygelaat word op parool. Hulle eien dan die reg vir hulself toe om die moordenaars self uit die weg te ruim. Aan die ander kant van die muntstuk is daar misdadigers wat ook terselfdertyd aanvoer dat as ander so lig daarvan afkom met moord, die moontlikheid vir hulle ook bestaan om moord te pleeg en daarmee weg te kom. Niemand kan hulself die reg toe eien om as gevolg van ander se oortredings die reg in eie hande te neem en sodoende ook te oortree nie.

Die feit dat Kain gespaar is, word deur James G. Frazer uit die hoek beoordeel dat daar niemand was om Abel se dood te wreek nie. Isaac Schapera reageer hierop en sê: "Nor do I see the same difficulty as he (Frazer) and others in determining who there was to avenge the death of Abel".[55] Slegs Adam en Eva was daar en as dit die patriarg se verantwoordelikheid was om die dood te wreek, sou dit beteken dat Adam in hierdie geval sy seun Abel se dood moes gewreek het. Schapera voer hier aan dat Kain die standaard-straf vrygespring het, omdat dit sy broer was wat hy vermoor het, en sy vader dus die wraak op sy eie seun moes uitvoer.[56]

Daar word ook aangevoer dat daar nie 'n enkele geval in die Ou Testament genoem word waar die geregtelike bloedwreker die doodstraf uitgevoer het vir moord van 'n naasbestaande deur 'n naasbestaande nie. Voorbeelde wat aangehaal word is: "Abimelek het al sewentig sy broers gedood en koning geword" (Rigters 9): "Absolom het sy broer Amnon laat vermoor het en wel

---

54 Sien die Harry Joshua geval in Appendiks D.

55 Isaac Schapera, "The Sin of Cain" in, Anthropological Approaches to the Old Testament, ed. A.B. La Kort, and, S. Morschauser, (1985), p. 27.

56 Ibid., p. 28.

https://etd.uwc.ac.za

gevlug, maar is later deur sy pa Dawid vergewe" (2 Samuel 13): Salomo het vir Adonia laat dood en vir jare as koning van Israel regeer" (1 Konings 2:13-25).[57]

Kan ons dan hier die gevolgtrekking maak dat die doodstraf wel ***uitgespreek*** was maar nie ***uitgevoer*** was nie? In die geval van hierdie skrifgedeelte haal Schapera vir Louis Ginzberg aan en sê:

> "Jewish folklore has it that the death penalty for murder was divinely instituted only after and because of Cain's deed, and that since he himself had not been instructed against shedding blood, he was explicity exempted from the punishment that would apply to future murderers".[58]

In respons op die siening dat Kain nie geweet het van 'n wet op moord nie, moet ons na die teksgedeeltes kyk.

Vers 2 tot 4 skets die beroepe van die twee broers. Omdat die een 'n veeboer en die ander 'n saaiboer was, het hulle albei belangrike rolle vir die voortbestaan van die gemeenskap se voedingsskemas vervul. Ons moet onsself dan afvra, waarom het God dan Kain se offer verwerp het? Logies kon albei nie veeboere wees nie. Kon dit moontlik wees dat die een meer waarde aan "lewe" geheg het, omdat Abel met lewende hawe gewerk het, terwyl Kain met lewelose (bloedlose) groente gewerk het?
Die feit is dat albei 'n offer aan God wou bring. Walter Brueggemann sê ook:

---

57 Ibid., p. 29.

58 Ibid., p. 28.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

> "Both brothers do what is appropriate. Both bring their best. Both had reason to anticipate acceptance. There is nothing to indicate that God must discriminate or prefer one to the other. There is no hint of rivalry or hostility. This is simply a family at worship."[59]

**Vers 5**

Kain het ***kwaad*** geword, en dìt alreeds was sonde in embriovorm. Sy reaksie het dit ook getoon, want hy het ***bedruk*** geword. Die graad van die ***kwade gevoel*** het sigself in ***moord*** uiting gegee. Die *"would if I could"* sindroom het tot vervulling gekom in Kain se aksies. Westermann voer aan dat Kain se reaksie normaal en regverdig was omdat hy sonder ***rede*** verontreg en verwerp was.[60] Met Westermann en Ginzberg se perspektiewe dat Kain verontreg en verwerp was, asook onkundig was van 'n wet op moord, kan ek nie volkome akkoord gaan nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Uit 'n ander hoek gesien moet ons die eerste en belangrikste vraag vir onsself afvra: het Kain geweet wat die ***vereistes*** van offerrande was? Sonder twyfel kan positief hierop beantwoord word, want die feit dat hy ***geweet*** het hy moet 'n offer bring, moes hy ook geweet het ***wat*** hy moes offer. As hy wel nie die vereistes geweet het nie, was dit nie reg om dit op sy onskuldige broer Abel, uit te haal nie. Dit is teen God se attribuut van regverdigheid dat Hy lafhartig vir Kain ontkant sou betrap. Inteendeel waarsku God vir Kain in vers 7 van die sonde wat vir hom lê en loer. Dit lei na ons tweede vraag: of Kain geweet het dat moord sonde is? Hierdie vraag kan beantwoord word met die teenvraag, waarom het Kain gewag totdat hulle ***alleen*** (gewoonlik hoe moorde plaasvind) in die veld was voordat hy die moord gepleeg het? As dit 'n normale daad was, kon hy dit in die openbaar voor sy

---

59 W. Brueggemann, Genesis: A Bible Commentary for Teaching and Preaching (Atlanta: John Knox, 1982), p.56.

60 Claus Westermann, Genesis, p.298.

https://etd.uwc.ac.za

ouers gedoen het. Die ander aspek was die feit dat hy sarkasties en met leuens (wat ook deel uitmaak van 'n moorddaad) vir God geantwoord het. Kain het kennis gehad van sonde en kon al onderskei tussen goed en kwaad as gevolg van die sondeval wat die sonde aan die mens geopenbaar het. Sy ouers het eerstehandse kennis van sonde en die onderskeid tussen goed en kwaad gehad.

**Vers 6-7**

Oor die status van hierdie verse in die oorspronklike teks word daar baie gedebatteer. Vers 7 spel 'n kasuïstiese wetgewing uit, deurdat die gevolge van die sonde uitgewys word. Hierdie verse strook met God se metode om persone voor die sondedaad daaroor te waarsku. Maar ons kan ook onself afvra of Kain regverdiglik deur God behandel is? Walter Brueggemann verkies om teen die konvensionele interpretasie hiervan te gaan. Hy sê: "The trouble comes not from Cain, but from Yahweh, the strange God of Israel. Inexplicably, Yahweh chooses - accepts and rejects. Conventional interpretation is too hard on Cain and too easy on Yahweh.... for Yahweh himself is the cause of Cain's anger and depression."[61]

Maar Kain het 'n gelyke kans gehad, net soos sy broer Abel, om in God se guns te bly. God verwerp nooit die persoon nie, maar wel die sondedaad. Adam en Eva het 'n gelyke kans gekry en albei het gelyke straf gekry. Alhoewel Adam voor Eva geskape is, het hy nie spesiale voorregte geniet bo Eva nie. Hy moes dieselfde prys vir sy dade betaal het. Dus sou dieselfde prinsiep vir Abel geld. As hy die een was wat met 'n "saai-offer" gekom het, sou dit ook verwerp word. God is nie aannemer van persoon nie. Dit is nie wìe jy is nie , maar wàt jy vir Hom is wat saak maak. God tree regverdig op.

61 Walter Brueggemann, Genesis, p. 56-57.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

**Vers 8**

'n Algemene beskouing oor moord in die Hebreeuse konteks was dat die misdaad voorafgegaan is deur die aksie ***"opstaan"*** wat gevolg is deur die aksie ***"doodmaak".***

God het Kain waarsku van die mag van sonde en dat hy dit moet oorheers (vers 7). Maar die eerste dat wat hy doen is doodslaan, soos K.A. Deurloo sê "Indien ge goed handelt... maar indien ge niet goed handelt.....,tertium non datur. En de eerste daad die Kaïn doet onder het teken van 'indien ge niet goed handelt' is moord."[62]

Die feit dat Kain *opgestaan* het om die moorddaad te pleeg, getuig daarvan dat Kain voorbedagte rade gehad het. Na my mening was dit 'n moedswillige optrede. Die moord het nie impulsief plaasgevind nie, want daar het eers sekere handelinge vooraf plaasgevind. Kain het nog met Abel gepraat (vers 8). Kon dit wees dat Abel vir Kain 'n antwoord gegee het wat hom rede gegee het om hom te vermoor? Die feit dat hy gewag het totdat hulle alleen in die veld was, bewys dat hy die moord beplan het. Die tyd wat verloop het tussen hulle gesprek en die oomblik toe hulle alleen in die veld was, was genoegsame tyd vir Kain om af te sien van sy moordplan. Maar dit was moord met voorbedagte rade.

**Vers 9**

God hanteer die saak persoonlik en omdat Hy 'n regverdige God is kan ons dan aanvaar dat hierdie saak se beslissing regverdig was. Twee kerngedagtes word hier aan die orde gestel. Die eerste is dat Kain tot ***verantwoording*** vir sy daad geroep word. Elke mens is persoonlik en individueel aanspreeklik

62 K.A. Deurloo, Kain en Abel, (Amsterdam: W.Ten Have, 1967), p. 115.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

vir wat hy of sy doen. Alle dade het gevolge wat direk gekonfronteer moet word. W. Zimmerli stel dit baie goed as hy sê, "In diesen beiden Wo-Fragen fass sich all das zusammen, was der Mensch von Gott her gefragt wird und wofür er verantwortlich ist."[63] As 'n mens noodlottige gevolge (soos die doodstraf) vir jou misdade maai, kan 'n persoon ten minste van sy verlore menswees herwin deur die waarheid met berou te openbaar om ten minste met integriteit te sterwe. God, en soms menslike owerhede, begenadig sulke "selferkende sondaars". Maar die feit bly staan dat die moordenaar verantwoording moet doen vir sy of haar misdaad. Die rede is dieper as die spreekwoordelike stelling, *"die gereg moet sy gang gaan"*. Dit gaan nie nèt om regverdigheid teenoor die slagoffer nie, maar om verantwoording teenoor God. Anthony Phillips bespreek hierdie feit in sy afdeling oor die lex talionis en is werd om deeglik aan te haal. Hy sê:

> "The Pentateuchal editor by his use of the *lex talionis* is arguing that Yahweh is in the same position as a man who suffers personal injury, for to lose a man, means, as it were, to lose a limb, for which restoration must be made - in fact the Pentateuchal editor's insertions seek to stress the principle of compensation, which is not merely to be confined to the payment of damages for tort but, extends even to murder cases, Yahweh being treated like an injured victim of an assault."[64]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die tweede gedagte wat hier aan die lig gebring word, is dat mense binne die gemeenskap verantwoordelikheid moet aanvaar vir mekaar se dade. Die gemeenskap kan nie passief haar arms in die lug gooi en daarmee haar

---

63 W. Zimmerli, Die Urgeschichte 1.Mose 1-11: Zürcher BibelKommentare (Zürich: Zwingli Verlag, 1967), p. 218.

64 Ancient Israel's Criminal Law: A New Approach to the Decalogue, (Oxford: Basil Blackwell, 1970), p. 98.

https://etd.uwc.ac.za

onbetrokkenheid te kenne gee nie. Die feit dat die gemeenskap haar distansieer van dade is alreeds 'n respons. Hierdeur word 'n klimaat van apatie en *"maak maar soos julle wil"*, geskep.

**Vers 10**

Die realiteit van die doodstraf wat toegepas moet word, word baie sterk deur hierdie vers uitgedruk. As God sê die bloed *roep uit*, moet daar gevra word ***"na wie"*** roep die bloed uit en ***"waarom"*** roep die bloed uit. Dit is geensins te betwyfel dat die bloed na God toe uitroep nie. Dit is moontlik omdat bloed die *draer van lewe* is soos God die *Bron van Lewe* is. Enige dood, moord, sterfte betrek God. Dieselfde geld hier vir Kain, want sy relasie was nie net tot Abel nie, maar tot God en die aarde of grond. Hierdie misdaad van Kain het hierdie drie-dimensionele relasie verbreek soos Deurloo dit ook stel: "De moord is niet alleen iets dat zich tussen hem en zijn broeder heeft afgespeeld, de meest radicale verzaking van zijn recht en plicht, maar zijn misdaad raakt JHWH en bovendien de akker."[65]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

As 'n persoon sy bloed verloor, verloor hy daarmee sy lewe. Hierdie was 'n kernkonsep in die Hebreeuse geloof. In Levitikus 17:11 word dit as volg gestel, *"Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel."*

Die rede ***waarom*** die bloed uitroep is om geregtigheid en regverdigheid. Die bloed se geroep is om te verhoed dat geweld en misdaad geheim bly; as dit nie openbaar gemaak word nie, sal die euwel floreer. Die verdere rede waarom die bloed uitroep is om die persoon tot verantwoording te roep. Die

---

65 K. Deurloo, <u>Kain & Abel</u>, p. 119.

https://etd.uwc.ac.za

hele gemeenskap word outomaties hierdeur betrek. In Matteus 23 vers 35 word hierdie feit Skriftuurlik gestaaf: *"So sal julle verantwoordelik wees vir die bloed van al die vromes wat op die aarde uitgestort is, van die bloed van die onskuldige Abel af tot by die bloed van Sagaria seun van Berekja, vir wie julle tussen die tempel en die altaar vermoor het".*

Westermann sê in hierdie verband dat "it is no longer only Cain's deed. It is not the deed that can be covered up".[66] Die lewe wat geneem is kan nie gestil word nie. Dit roep uit na die gereg en as die gereg dit nie kan hoor nie, sal dit na die moordenaar se gewete roep en daarmee worstel. Maar as die misdadiger selfs die geroep na sy gewete kan stil, is daar baie min wat hom van hierdie euwel kan keer, behalwe die dood self. Die geroep van die bloed het nie net betrekking gehad op Kain self nie, maar ook op die hele mensdom. Anthony Phillips koppel die moorddaad aan die verbond met Jahweh. Hy sê: "Since murder was prohibited by the Sinai Decalogue, on the observance of which the whole covenant relationship depended, the covenant community was under absolute duty to execute the murderer in order to propitiate Yahweh."[67]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

**Vers 11-12**

Die straf wat hier aan Kain uitgespel word is vervloeking. Hierdie vervloeking was tweeledig, persoonlik en gemeenskaplik. Kain word verban (persoonlik) en die grond word van sy vrugbaarheid (gemeenskaplike nut) beroof. W. Speyer sê in 'n gedeelte van sy artikel; *"Fluch und Verfluchter"* dat daar 'n verhouding tussen vervloeking en heiligheid was.[68] Hierdie standpunt bring die gedagte tuis dat die gemeenskap nie met hierdie

---

66 C. Westermann. Genesis, p. 305.

67 A. Phillips, Ancient Israel's Criminal Law, p. 84.

https://etd.uwc.ac.za

misdadiger en sy besittings mag omgaan nie. Vandaar die swerwerskap. Enige verbintenis met Kain, en dus ook met die moordenaar, moet vermy word. Hierdie vervloeking is vergelykbaar met Job se stelling dat dit liewer beter is dat "die dag waarop ek gebore is, moes nooit aangebreek het nie". (Job 3:3). Westermann sê "This punishment could be regarded as the equivalent of the death penalty".[69]

**Vers 13**

Kain se klaaglied, "my straf is te swaar om te dra.", is 'n tipiese klag van 'n moordenaar. Dit is 'n defensiewe reaksie wat nie die groter "straf" wat die slagoffer deurgemaak het in ag neem nie. Die gewig van die straf word deur Kain beskou as die verlies van die voorregte wat hy in vers 14 uitspel.

**Vers 14**

Hier spel Kain drie outomatiese verwagtinge van straf uit.

1) Verlies aan besittings en voordele (vers 14a);
2) Verlies aan Goddelike gemeenskap (vers14b);
3) Verwagting dat die doodstraf op hom opgelê sal word deur diegene wat hom sou raakloop (vers 14c).

Hierdie drie-dimensionele verwagting van die moordenaar, kan moontlik as rigtingwyser dien in die besluit oor watter tipe straf toegepas moet word. Enige versagting of vermindering van straf in hierdie dimensie kan as genade beskou word.

---

68 Westerman haal W.Speyer, (*Reallexikon für Antike und Christendum*) aan wat sê: "Usages in the ancient languages show how closely the ideas of holiness and curse were originally connected; they designate the other cursed as"holy" i.e, taboo handed over to holy power. The accursed and his possessions are bodily unclean and so taboo... any one who has dealings with the accursed becomes infected and himself accursed ". Westermann, Genesis, p. 307.

69 Ibid., p. 307.

https://etd.uwc.ac.za

**Vers 15**

Hier voorsien God aan Kain versagting en genade, deurdat Hy verbied dat enige persoon hom mag doodmaak. Dit is interessant dat God die persoon wat die doodstraf op Kain sou voltrek sewemaal sou straf (doodstraf). Die sewevoudige straf, wat hier die doodstraf impliseer, moes dan as afskrikmiddel dien. Kan ons dan tot die gevolgtrekking kom dat die doodstraf wel as afskrikmiddel geslaag het, aangesien niemand vir Kain doodgemaak het nie?

Die beskermingsteken wat God aan Kain voorsien het, was om potensiële bloedvetes deur die gemeenskap in die kiem te smoor. Westermann se siening is: "Cain, who is his brother's murderer, stands under God's curse, but no human being has the right to step in and execute God's decision".[70]

As ons hierdie gedeelte in die konteks van 'n verhoor van 'n moordenaar sien, dan tree Jahweh self as die aanklaer, maar ook die verdediger van Kain op. Jahweh staan borg vir Kain. Deurloo stel dit as volg: "Nu de zaken zo liggen en Kaïn een wisse dood tegemoet gaat, wordt een ding dat zo onlosmakelijk met het 'zwervend en dolend' zijn verbonden is, weggenomen. Hij krijgt zijn 'ziel tot buit' (Jer.45;5) hij mag het vege lijf behouden. JHWH staat daarvoor borg."[71]

Enige een wat dus vir Kain om die lewe bring staar die "bloedwraak" van Jahweh in die gesig. Hierdie teken word dus sakramenteel in Kain se lewe.

---

70 Ibid., p. 312.

71 K. Deurloo, <u>Kain en Abel</u>, p. 126.

https://etd.uwc.ac.za

Dit word 'n nuwe verbond tussen Jahweh en Kain, Jahweh en die gemeenskap.

**Vers 23-24**

Hierdie twee verse staan bekend as die eerste gedig in die Bybel en dien as illustrasie van die gees van bitterheid wat hierdie kultuur van die dag beheer het. Hierdie skrifgedeelte word deur vele geleerdes en teoloë as "*Lameg se roem van mag*" beskou.[72]

Kain se lewe was dus nie deur enige persoon geneem nie, aangesien hy 'n familielewe gevoer het en sy geslagsregister hier uiteengesit word (vers 17-22). Maar ons sal nie hier vasmeer by die geskiedenis van Kain se geslagte nie, maar eerder fokus op die lied van Lameg. Hierdie lied van Lameg het vele ooreenkomste met die geskiedenis van Kain en verdien dus om in die konteks van hierdie verhandeling bespreek te word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Eerstens, die familie van Lameg word beskou as verteenwoordigend van nomade of swerwers.[73] Selfs die land waar hy gaan woon het (Nod), was bekend as swerwersland. Die ooreenkoms hier is dat God vir Kain die "vloek van swerwerskap" (vers 11 en 14) opgelê het en dit kom hier voor asof hierdie vloek tot in Kain se sewende geslag invloed gehad het. Die gevolge van Kain se moorddaad is verreikend. Is dit nie veel erger as die doodstraf nie? Hier moet ons besef dat die wandade van Kain het nie sewe persone getref nie, maar sewe geslagte en dit is 'n baie duur prys om te

---

72 Sien Claus Westermann se kommentaar, Genesis 1-11, p. 335-337, hieroor, asook E.A. Speiser se kommentaar oor Genesis in, The Anchor Bible, (Garden City, New York: Doubleday, 1964). pp. 35-38.

73 C. Westermann, Genesis 1-11, p. 330.

https://etd.uwc.ac.za

betaal. Geen wonder dat Kain gesê het, "My straf is te swaar om te dra" (vers 13) nie.

Die tweede ooreenkoms wat ons hier kan tref is dat die "gees van geweld" wat in Kain geheers het, het ook in Lameg geheers het (vers 23 b).[74] Die feit dat Lameg hieroor kon *sing*, wek die indruk van verwaandheid en wraaksugtigheid. Helmuth Frey handhaaf ook hierdie siening en sê: "De perikoop eindigt met een woest triomf- en wraaklied. Hierin leest men meestal de afgrijselijke ruwheid van wilde bedoeienen. Ons lijkt dit lied niets te zijn dan een oeroude weerspiegeling van onze eigen geaardheid...".[75]

Hierdie lied wat Lameg hier gesing het strook ook met die verwaande gees van Kain toe hy God gevra het: "Moet ek dan my broer oppas?" (vers 9). Is dit ook nie die tipe gesindheid van 'n moordenaar nie? 'n Geharde misdadiger spog oor of roem in sy misdade. Daardeur wil hy andere afskrik en of onskuldiges vrees op die lyf jaag. Dit is ook die boodskap wat Lameg moontlik aan sy omstanders wil tuisbring. Die feit dat hy sê dat hy "'n man", wat natuurlik 'n volwasse man is, en "'n seun", sal doodmaak, spreek van die man se geweldadigheid. Sou hy ook 'n familielid onder andere "sy eie seun" doodmaak, soos sy voorvader sy, "eie broer" vermoor het? Die moontlikheid is nie uitgesluit nie. Waar persone, familielede, vriende, saamleef en interaksie het, is die moontlikheid van moord nooit uitgesluit nie.[76]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

---

74 Die woord-konstruksie van die hebreeuse taal in engels is interresant hier. Vers 23 b sou as volg lees: *"for a-man I-have-killed to-my-wounding and a-youth to-my-bruising,"*. Ons sal dus hier die indruk kry dat Lameg alreeds 'n moord gepleeg het en daarin roem, maar die betekenis is nie verlede tyd nie, maar toekomstige tyd.

75 Helmuth Frey , In den Beginne: Verklaring van De Hoofstukken 1-11 van het boek Genesis, (Stellenbosch: T.Wever, 1950), p. 95.

76 C. Westermann, Genesis 1-11, p. 335-336.

https://etd.uwc.ac.za

Ten laaste stel Lameg sy ooreenkoms met sy voorvader se misdaad in vers 24, as hy daarna in sy lied verwys. Die stelling is in die kasuïstiese styl, die van voorwaardelikheid. Lameg wil moontlik hierdeur sy misdaad wettig deurdat hy sy daad met Kain s'n wil vergelyk en regverdig. Die indruk word hier geskep dat as Kain onverdiende "amnestie" kon ontvang het, deurdat die wraaksugtiges swaar gestraf sal word, hy (Lameg) 'n "volmaakte" vryheid (sewentig maal) sou kry. Tienvoudig meer as Kain s'n. Lameg verhef sy misdaad tot heilige vlak. Hy is beter as Kain. Sy misdaad is nie erger as diè van sy voorvader nie. Hy dig homself eer, triomf en vryheid toe, verhef homself bo die vlak van *gewoonte-misdadiger*. Dit is tiperend van gedugte en geharde misdadigers. Hy sal dink, en selfs spog, dat hy triomferend sal wees in die hof en skotvry sal afkom. Hy sal altyd die gesindheid inneem dat sy misdaad nooit ontbloot sal word nie.

Lameg kom hier dus selfversekerd voor. Of hierdie perikoop bloot 'n onskuldige lied van Lameg was, is twyfelagtig, want *"moordenaars is ook swendelaars"*.[77]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

---

77 Dead Man Walking, dir. Tim Robbins, Polygram Filmed Entertainment, 1996.

https://etd.uwc.ac.za

**4) Genesis 9 : 5-7**

Hierdie skrifgedeelte omskryf 'n verbond wat God met Noag aangegaan het. Die mens word hier aangestel as heerser oor die natuur en diere van God. Hulle mag alles eet maar mag nie die menselewe neem nie. Hierdeur beklemtoon God Sy onvoorwaardelike soewereine mag oor die mens se lewe. Die verhouding van menselewe en dierelewe verg 'n intensiewe studie op sy eie en die behandeling daarvan sal verby die perke van hierdie studie gaan. 'n Breedvoerige verwysing na hierdie verhouding hier sal maar net geskied waar dit nodig is. Die bloed van diere was in baie gevalle ritueel vergiet.[78]

**Vers 5**

Hierdie vers beeld die rekenskap en verantwoording teenoor die lewe uit. God vereis rekenskap wanneer die bloed van mense vergiet word en dìt maak nie saak of dit deur mens of dier geskied nie. Die mens se lewe is van kardinale en intrinsieke waarde vir God. God gebruik die simboliek van bloed, wat die draer van lewe is, omdat die mens in die beeld van God geskape is. Elke mens se lewe is vir God van die hoogste waarde.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

**Vers 6**

Hierdie teksvers is 'n herhaling van 'n regterlike standpunt wat al idiomaties van die geregtigheid in die sin van die lex talionis geword het. Die regskaal word hier simbolies voorgestel. Enige persoon wat 'n ander persoon se lewe neem, se lewe sal ook geneem word. Hierdie skrifgedeelte mag impliseer

---

78 Sien Peter Haas se studie: "Die He Shall Surely Die: The Structure of Homicide in Biblical Law", Semeia 45, (1989) p. 81-83.

https://etd.uwc.ac.za

dat die reg tot doodstraf onvoorwaardelik deur God toegestaan word. Die feit is dat dit net betrekking het op moedswillige moordenaars.

Die woord "mens" in vers 6b - "deur 'n mens sal sy bloed vergiet word", kan 'n skadubeeld wees van die verantwoordelikheid wat op die staat geplaas word in Romeine 13. Soos daar alreeds in hierdie studie genoem is, was die samelewing nog nie só ontwikkeld dat die staat met totale effek die doodstraf kon toepas nie.[79]

**5) Eksodus 21 : 12-14**

Oor die interpretasie van hierdie skrifgedeeltes was daar alreeds volumes geskrywe.[80]

**Vers 12**

Die frase, "wie iemand doodslaan, moet doodgemaak word", is apodikties van aard, aangesien dit die wetlike omstandighede (wie iemand doodslaan) voorhou en dan die wetlike gevolge (moet doodgemaak word) daarstel. 'n Direkte relasie en balans tussen die *daad* (oorsaak) van die moordenaar en die *gevolge* vir sy misdaad, word hier getref.

Hoofsaaklik het debatte en interpretasies gedraai om die kernwoord wat ook hier die werkwoord is naamlik *doodslaan* (vers 12).

---

79 W.R. Bowie, & C.A. Simpson, "Genesis" in, The Interpreters Bible, vol 1, G.A. Buttrick (ed.), (Tennesee: The Parthenon Press, 1984), p. 550.

80 Gedetailleerde debatte oor vers 12 kan in die volgende werke gesien word: S.Herrmann, *"Das 'apodiktische Recht.' Erwägungen zur Klärung dieses Begriffs."* MIO,1969. G.Liedke, *Gestalt und Bezeichnung alltestamentlicher Rechtssätze*, 1971. H.Schultz, *Das Todesrecht im Alten Testament*, 1969. M.Weinfeld, "The Origen of the Apodictic Law," VT, 1973.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die Hebreeuse woord is *rasah*, wat na moord as gruweldaad en as daad van 'n onopsetlik moordenaar verwys.[81] Hierdie term *rasah* is sentraal tot die interpretasie van hierdie gebod. Dieselfde stam was gebruik as verwysing na die moordenaar as 'n *roseah*. Hierdie woord se doel was om die misdaad uit te beeld en sodoende die bloed van die slagoffer te laat wreek. Alhoewel daar asielstede voorsien was vir die *roseah*, was hy nog steeds 'n *roseah* genoem. Selfs die onopsetlike moordenaar was 'n *roseah*. Die verskil was dat hy na verwys was as *"die een wat doodgeslaan het"*, totdat die hof 'n uitslag gelewer het. Dit is soos Brevard.S Childs dit stel:

"Although all such acts are included under the category of rasah regardless of motivation, nevertheless an exception is made in respect to the punishment. Cities of refuge are set aside for the roseah who has committed a killing unintentionally, but he is still called a roseah.[82]

Volgens Childs het J.J. Stamm in 1945 'n studie oor die term *rasah* gedoen. Laasgenoemde het beweer dat dit 'n woord was wat 'n kenmerkende betekenis gedra wat verband gehou het met die behoud van die Israelitiese gemeenskap. Childs haal vir Stamm aan dat laasgenoemde sy argument as volg gevoer het:

> "what *rasah* means in contrast to *harag en hemît* is illegal killing inimical to the community;......the life of the Israelites was protected in this way from illegal impermissible violence ".[83]

Baie het op Stamm se interpretasie gereageer om 'n beter verklaring van die term *rasah* te gee. Die woord "doodslaan" (rasah) is deur H. Reventlow,

---

81 B.S. Childs, Exodus, (London: SCM Press Ltd., 1987), p. 420.

82 Ibid., p. 421.

83 J.J. Stamm aangehaal in B.S. Childs uit: "Sprachliche Erwägungen zum Gebot "Du sollstnicht töten" (TZ 1, 1945), p. 81-90.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

verbind met die area van "bloedwraak" en die rol wat die bloedwreker gespeel het. Die skrywer sê ook dat hierdie woord 'n verwysing was (soos in Numeri 35:30) na die uitvoering van die doodstraf deur 'n hof.[84]

Die kern van die boodskap was dus dan dat die woord "doodslaan" verwys het na 'n moorddaad wat versoen kon word deur "bloedwraak" en gesanksioneer en uitgevoer kon word deur 'n hof as 'n toepaslike straf.

**Vers 14**

Vers 14 verleen 'n baie interressante dimensie aan die argument dat 'n moordenaar deur God genade gegun kan word. Die vraag wat hier ons aandag verg is of God dan nie 'n moedswillige moordenaar vergewe wat belydenis by die altaar doen nie. Vers 14 sê tog juis: *"Maar as iemand moedswillig teen sy naaste handel, om hom met lis dood te maak, moet jy hom van die altaar af wegneem, om te sterwe".* Die kernwoord *altaar*, moet hier in konteks geplaas word. Die altaar was die plek wat gebou was onder spesifieke instruksies van God (Eksodus 20:24-26). God het die altaar as 'n baie heilige plek beskou. Die altaar was nie net 'n plek van belydenis nie, maar ook 'n plek van asiel. Dit wil nie sê dat die Israelitiese gemeenskap hierdie instruksie uitgevoer het nie. George Rawlinson gee 'n verklaring van hierdie beswaar;

> "Many in the ancient world had scruples against removing a criminal from an altar for punishment, but Mosaic law regarded this unqualified scruple as a superstition and refused to sanction it".[85]

Hier beeld Rawlinson die spanning tussen die gemeenskap en die wet van Moses uit. Aan die een kant het die gemeenskap beswaar daarteen gehad

---

84 B.S. Childs, Exodus, p. 420. Sien ook hierdie skrywer se kommentaar in verband met die gebruik van die term op verskillende vlakke, p. 420-421.

85 G. Rawlinson. Exodus. Commentary on the whole Bible. Vol 1, (Grand Rapids: Zondervan)

https://etd.uwc.ac.za

om iemand (wat moontlik 'n belydenis by die altaar gemaak het) weg te ruk en aan die ander kant was hulle traag om die wet van Moses te gehoorsaam. In I Konings 2: 28-35 was die moordenaar wel van die altaar weggeruk en doodgemaak, onder die bevel van die koning (die staat). Ons kan hier die afleiding ook maak dat die owerheid (die koning, staatspresident) soms onder druk verkeer om òf die *populêre siening* òf die *konstitusionele* (wetlike) vereistes te volg.

Die vraag of dit wel die gebruik was dat die moordenaar van die altaar weggeruk is, word deur U. Cassuto beantwoord: "It was a widespread custom, both in Eastern and Western countries, and accepted also in Israelite usage, that whoever entered a sacred place was saved from all punishment, even if he had killed a person willfully. The Torah abolishes this practise in the case of deliberate murder; the sanctity of the temple cannot override the sanctity of human life."[86]
Dit is dus duidelik dat die asielstad net die onopsetlike moordenaar beskerming bied, maar dat daar geen asiel vir die opsetlike moordenaar is nie, selfs nie in die heiligdom of by die altaar nie.

**6) Deuteronomistiese konsep van moord.**

Vele debatte tussen geleerdes en teoloë is al gevoer oor die verhouding tussen die Deuteronomistiese kodes en die dekaloog om die wetlike regsisteem van die Ou Testament te bepaal. Argumente wat aangevoer word, handel oor die relasie van die dekaloog tot Deuteronomium en oor die vraag

86 U. Cassuto, A Commentary on the whole Bible. Vol 1, ( Grand Rapids: Zondervan).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

of eersgenoemde 'n juridiese opsomming van laasgenoemde is.[87] Oor die doodstraf sê Anthony Phillips in sy boek "Ancient Israel's Criminal Law" dat oortredings wat die uitvoering van die doodstraf vereis, te vinde is deur terug te gaan na die dekaloog. Phillips gee volle erkenning aan die unieke plek wat die dekaloog ingeneem het in die regsisteem van Israel. Hy vergelyk die rol van die regsisteem met "Jahwisme" in die volgende woorde: "the compiler aims to assimilate local indigenous legal practise which had long been administered by the elders in the gate to the overriding principles of Yahwism as set out in the Decalogue, for breach of which the community required the death penalty, because the offender had put himself outside the elected people of God".[88]

Ons sal onself nie hier volkome kan uitlaat oor die debat oor die verhouding tussen Deuteronomium en die dekaloog nie, alhoewel ons wel die gebooie van Deuteronomium beter hierdeur kan verstaan.

Die sesde gebod in Deuteronomium 5:17 is beslis ook 'n hoeksteen oor die onderwerp van moord en doodslag. Ons kan dit hier behandel.

In die lig van die vele gevalle van doodslaenery, moord, ens., wat opgeteken staan in die Bybel self, kan ons dan onself afvra of diè gebod; ***"jy mag nie doodslaan nie"***, wel bedoel wat dit oënskynlik sê om dit te bepaal, moet ons die betekenis van sekere woorde bepaal. Die werkwoord "doodslaan" moet hier ontleed word. As dit nie letterlik beteken het "doodslaan" nie, dan kan ons die vraag vra: waarom die verbod op die neem van lewe? Dit kan verder 'n duideliker perspektief kry as ons die woord "doodslaan" met die

---

87 A.Phillips, "A Fresh Look At Sinai Pericope, Part 2, (VT, 1984), p. 288.

88 A. Phillips, Ancient Israel's Criminal Law, op. cit., p. 158.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

woord "moord" omskrywe word. Dus sou die gebod lees: ***"Jy mag nie moord pleeg nie".*** Die vraag of daar 'n verskil is in *doodmaak* van persone tydens oorloë en 'n moorddaad deur 'n privaat persoon, is onvermydelik.

Moord en doodslaan kan nie eenvoudig gelykgestel word nie.

Peter Haas, wat 'n studie aan die Vanderbilt Universiteit gedoen het, het die volgende in sy artikel, "The Structure of Homocide in Biblical Law", gesê:

> "The death of people involved in warfare and in capital punishment is not generally understood to be murder in its usual sense of killing innocent people."[89]

Aangesien daar 'n verskil tussen *moord* en *doodmaak* is, handel hierdie sesde gebod spesifiek met moord as misdaad en nie met die legitieme *neem van lewe* nie.[90] As die gebod 'n *verbod* is om 'n ander te vermoor dan kan ons onself die vraag afvra of doodstraf dan nie 'n legitieme strafmiddel kon wees nie? Om dit te kan beantwoord sal ons die werkwoord *doodslaan* onder die loep moet neem.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die werkwoord wat hier gebruik word is weereens *rasah*, wat verwys na persone wat moord pleeg met voorbedagte rade pleeg asook diegene wat dit per ongeluk doen.[91] Ons kan hier die tweeledige doel van hierdie gebod waarneem: die sosiale en die religieuse . Hierdie gebod wou die individu beskerm teen die gevaar van moord en terselfdertyd die moontlikheid van God se seëning van ***"lank lewe"*** in die land bevorder (vers 4.40). Om 'n persoon se lewe te neem, ontneem ook hierdie persoon van hierdie

---

89 Peter Haas, "Die He Shall Surely Die: The Structure Of Homicide In Biblical Law", Semeia no 45, (1989), p. 77.

90 P.C. Craigie, The Book of Deuteronomy, (Grand Rapids: W.B.Eerdmans), p. 159.

91 Ibid., p. 159

https://etd.uwc.ac.za

Goddelike belofte om *lank te lewe*. God het hierdie gebod sò belangrik geag dat Hy dit op 'n bonatuurlike wyse geopenbaar het. Juis omdat die verbod op moorde oòk hierin ingesluit is, beklemtoon dit slegs die erns van die verbod op "moord" aan die een kant en staaf dit die heiligheid van *lewe* aan die ander kant. Vele boeke en kommentare is juis al oor die belangrikheid van die *dekaloog* as deel van Deuteronomium geskrywe, maar hier is in die bestek van hierdie verhandeling, beperk om ten volle daarop in te gaan.[92]

Twee ander belangrike kwessies rondom die doodstraf, wat na my mening baie sterk in die Deuteronomistiese kodes aan die orde kom, is dié van vrystede en bloedwraak (Deut.19:1-13). Volgens Moshe Weinfeld was die altaar en die tempel die oorspronklike plekke van asiel.[93]
Die orde vir die vrystede word deur God voorgeskryf en dit gee hierdie instelling 'n gewyde karakter. Wat baie indrukwekkend voorkom is die aantal vrystede wat beskikbaar gestel word, asof die onopsetlike moordenaar 'n beduidende kans gebied word om te lewe.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die balans hang swaarder in die guns van *lewe* as van *dood* vir hierdie onopsetlike moordenaar. Selfs die afstand word in ag geneem, sodat hy die asielstad met maksimum spoed kan haal. Die moordenaar moet nie té ver vlug om by hierdie vrystad te kom nie (vers 6). Wat wel hier geld is dat die onopsetlike moordenaar ook met sy *lewe* sal betaal vir die moord as hy nie gou in die vrystad kom nie. Maar volgens Weinfeld het die asielstad ook

---

92 Sien werke van Martin Noth The Deuteronomistic History, trans. J. Doull, (Sheffield: JSOT Press, 1981), J.J. Stamm op. cit., p. 62 en G.E. Mendenhall, "Ancient Oriental and Biblical Law", BA 17, 1954, pp. 26-46.

93 Deuteronomy and the Deuteronomic School, op cit., p. 236. Weinfeld sê terselfdertyd dat: "The premises underlying these laws of asylum is that the accidental manslayer must atone for the shedding of innocent blood and must undergo the punishment of forced residence at a sacral domicile."

https://etd.uwc.ac.za

nie gedien as net 'n beskermingsoord nie, maar as 'n plek waar die *onopsetlike moordenaar* versoening doen vir sy sonde.[94]

Die *opsetlike moordenaar* moet wèl vir sy misdaad betaal sonder voorbehoud. Daar word geen skuiling in die vrystad gebied nie, want die oudstes van die stad word die reg gegun om hierdie moordenaar uit te gaan haal (vers 13).

Die ope vraag hier is of hierdie vrystede en die beginsel van bloedwraak wél 'n innoverende metode in die Deuteronomiese wette was om die belang van die gemeenskap te dien. Gerhard Von Rad beantwoord moonlik hierdie vraag as hy sê:

> "The institution of the right to asylum serves above all to limit the rights of blood-revenge, which in itself has absolute authority; that is, whenever one of a family is killed the next of kin know that they will be called upon to exact vengeance."[95]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ons mag hier die opsomming maak dat die Deuteronomistiese wette rondom moord en weerwraak nie wegskram van die persoonlike verantwoordelikheid om die anti-sosiale gedrag aan te spreek nie. Lewe word beskou as 'n Goddelike gawe en moet so bejeën word en soos Weinfeld tereg sê aangaande die apodiktiese stellings: "No distinction is made between offences committed against God and the law or in the kind of

94 Ibid., p. 236-237. Weinfeld baseer hierdie siening op P. Hy sê, "according P the homicide is compelled to reside in a city of refuge until the death of the high priest-the person who bears 'the iniquity of the holy offerings of the children of Israel' and whose death alone might serve as the expiation of bloodguilt."

95 G. von Rad, Deuteronomy (London: SCM Press Ltd, 1974), p. 127-128.

https://etd.uwc.ac.za

punishment prescribed. Crimes committed against man are deemed to be a violation of sacral principle no less than sins committed against God."[96]

**7) Numeri 35 :16-34**

Hierdie skrifgedeelte is 'n gunsteling verwysing wanneer daar gedebateer word oor die legimiteit van die doodstraf. Verse 16 tot 21, wat ons fokus hier is, ontstaan juis uit die feit dat moordenaars asiel kon ontvang in die vrystad. Die term "toevlug" of "asiel" (*hammiqlat*) spreek van 'n plek van ontvlugting weg van die bloedwreker wat vergelding soek. Die werkwoord "doodslaan" kom hier ook ter sprake: *rasah*, wat in hierdie konteks ook weer die vele betekenisse kan hê.

Verse 16-18 gee die uitvoerige beskrywing van die moordwapens waarmee 'n persoon se lewe geneem kan word. Die feit dat die persoon die wapen *in die hand neem*, toon vanselfsprekend dat voorbedagte rade by die daad betrokke was. Wat ons hier ook moet besef is dat 'n mens 'n ander met enige voorwerp kan doodmaak as voorbedagte motiewe die aansporing is.

Vers 19 verleen die perspektief dat die *bloedwreker* as 'n *verlosser* namens sy familie optree. Die etimologiese betekenis van die woord in die Hebreeuse taal hou hierdie betekenis in. Die term *go'el haddam* kan in twee verdeel word naamlik *go'el* en *haddam*. Die term *go'el* word deur A. Noordtzij baie goed opgesom as hy sê; "The verb implies the discharge of an obligation that rests on the nearest relative".[97] Die go'el is dus iemand wat die familie wil verlos van die pyn en lyding en sodoende ook die familie

---

96 M. Weinfeld, Deuteronomy and the Deuteronomic School, p. 240.

97 A. Noordtzij, Numbers (Stu B.C.), (Grand Rapids, Michigan: Zondervan, 1983), p. 297.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

se eer herstel. Omdat die bloed die draer van "lewe" is, is die bloedwreker se doel om die lewe te *herstel* en nie om *wraak* te neem nie. Hierdie *bloedwraak* is parallel met die beginsel van vergelding wat ten doel het om beregtiging te laat geskied. Die ***mensereg*** word hier sterk benadruk. Dit is soos Ronald B. Allen dit ook stel: "the go'el is principally the 'protector of family rights'".[98]

Vers 20 spel die motivering uit om 'n moord te pleeg, naamlik "haat". Wanneer haat die motivering is om moord te pleeg, dan sal 'n ligte "stampie" selfs noodlottig kan wees. Hierdie stamp dui op *verstoting* of *verwerping* deur 'n ander. Die verhouding tussen twee persone word deur sulke aksies alreeds vernietig. Die vyandskap is alreeds diep gewortel en kan aanleiding gee tot verdere grusame geweld soos uitgebeeld in vers 21. Die verse 16 tot 21 praat asof die moordenaar alreeds gevlug het na die asielstad. Vers 22 en 23 gee die verklaring dat die moordenaar geensins 'n haatmotief gehad het om te moord te pleeg nie. Maar die vraag is, waarom het hy wapens gebruik wat kan moor as hy nie moedswillig wou optree nie? Die gebruik van gevaarlike wapens bring 'n persoon tot op die punt van skuld aan doodslag.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die gemeenskaplike verantwoordelikheid om die uitspraak te gee oor moord word in verse 24 en 25 weergegee. Hierdie verantwoordelikheid is nie 'n maklike een nie, omdat die vergadering die motiewe vir die optrede van die moordenaar moet bepaal. In die geval van vryspraak moet die onopsetlike moordenaar tog na die asielstad vlug en daar bly totdat die hoëpriester sterf. Hierdie tipe vryspraak is geen vryheid in die ware sin van die woord nie.

---

98 R.B. Allen, "Numbers" in, The Expositors Bible Comentary, Vol 2 ed. F.E. Gaebelein (Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House, 1990), p. 1002.

https://etd.uwc.ac.za

Die feit dat hy nog altyd binne die wet gedood kan word deur die *bloedwreker*, staaf die feit dat hy vir altyd met die *doodstraf* moet lewe (vers 26). Die dood van die hoëpriester is dan hier ironies 'n bedekte seën vir die moordenaar.[99] Die hoëpriester speel hier die rol van 'n *verlosser* (verse 25 tot 32). Die beginsel van genade en vergifnis word ook hierdeur geopenbaar. Die dood van die hoëpriester dui ook 'n nuwe begin, 'n nuwe era in die wet aan. Die moordenaar kry dan amnestie vanaf die dood van die hoëpriester.

Regverdigheid en gelykheid (equity en equality) word hier in vers 31 en 32 uitgespel. Dale Patrick sê: "According to P, in fact, Israelite courts were not allowed to impose any penalty but death on a murderer (Num.35:31), though Scripture reports a number of instances of pardon and equity judgments."[100]

'n Ryk persoon kon bevoordeel word as losgeld aanvaar kon word. Die arm persoon sou nie moontlik die bedrag kon bekostig nie. Hierdie bedrag *(kofer)* sou die skuld van die moordenaar uitwis en sy daad ongedaan maak. Hierdie losgeld sou die waarde van menselewe goedkoop maak, want geen mens se lewe kan in geldwaarde bepaal word nie. Losgeld sou die waarde wat God aan mense lewe heg, afwater. Sodoende sou die bloed dan nog steeds uitgeroep het tot God om geregtigheid te laat geskied.

Verse 33 tot 34 betrek die gemeenskap op 'n nasionale vlak. Om 'n persoon te vermoor is nie net om "lewe" te ontheilig nie, maar om die land waarin God wandel, te besoedel. Vers 34 verskaf die klimaks van hierdie hele

99 Moses het ook 'n soortgelyke vryspraak gekry toe Farao gesterwe het. Hy kon na Egipte terugkeer sonder vrees vir sy lewe omdat hy 40 jaar gelede 'n Egiptenaar vermoor het (Exodus 2:23).

100 D. Patrick, Old Testament Law, p. 54.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

hoofstuk, want alles draai om God. As God tussen die volk moet wandel, dan mag die land nie verontreinig word nie. Dit is soos Ronald.B. Allen dit stel, "God will not draw near a land where blood is the polluting agent".[101] Dit is 'n soortgelyk geval soos die van Kain en Abel. A. Noordtzij gee 'n interessante verklaring vir die woord "verontreiniging" deur die twee Hebreeuse woorde, *chanaf* en *timme,* te vergelyk.[102] Die feit dat die moordenaar se misdaad die land besoedel, plaas nie net sy lewe in gevaar nie maar ook diè van die hele land.

Sodoende word "almal" deur "een" persoon in gevaar gestel. Die gevolgtrekking waartoe ons dan kom is òf dat "almal" as gevolg van *een persoon* se misdaad ly òf dat die moordenaar sy eie prys betaal en sodoende *almal* se lewens buite besoedeling of gevaar stel.

## II. Nuwe Testamentiese Oorsig.

### 1) Matteus 5:21-26 ; 38-42.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit sal sekerlik relevant wees om te sê dat Jesus hier die wette van sy koninkryk aan sy dissipels neerlê. Net soos wat die Ou Testamentiese wette vir die Israeliete fundamenteel vir hul geloof in Jahweh was, moet hierdie Bergrede dit vir die navolgers van Christus wees. Om 'n betekenisvolle interpretasie van hierdie perikoop te doen, moet ons hier telkemale na sinsnedes en frases kyk.

---

101 R.B. Allen, "Numbers", p. 1005

102 A. Noordtzij, Numbers (Stu B.C.), p. 302. "Pollute" (chanaf) means making the land something different from what it is intended to be, by transgressing the Lord's law. "Defile" (timme') means withdrawing the land from the sphere of `holiness in which it is to be if the Lord is to dwell in it, by doing that which precludes the possibility of fellowship with the Lord."

https://etd.uwc.ac.za

Vers 21 word ingelei deur 'n verwysing na die Ou Testamentiese tydperk. Hier word die regsboeke en gebooie aangehaal, wat 'n bewys is dat Jesus dit nie verwerp of as vervalle ag nie. Die sinsede oor wat "*van die ou tyd aan die mense gesê is*", is 'n verwysing na die tradisie van mondelingse wetgewing.

"Jy mag nie moord pleeg nie", is 'n aanhaling van Eksodus 20:13 en ons kan aanvaar dat dit in daardie konteks interpreteer moet word, soos alreeds in hierdie verhandeling bespreek is. Dit kan as 'n absolute wet beskou word. Die (b) gedeelte van vers 21," is strafbaar voor die regbank", weerspieël Deuteronomium 17:8. Die moordenaar word beslis voor die hof gedaag. Die woord *strafbaar* impliseer dat die moordenaar skuldig aan moord bevind is.

Vers 22. Die woorde van Jesus, *"maar ek sê vir julle"*, mag impliseer dat Hy die Ou Testamentiese wette omverwerp, maar dit is nie die geval nie. Die daaropvolgende sinsnede dui aan dat 'n moordenaar alreeds op vroeër stadiums die daad van moord begin pleeg het. Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is strafbaar voor die regbank. Om *kwaad* te wees, verwys na innerlike woede, wat in die hart versteek lê. Om *kwaad* te word is 'n onlosmaaklike deel van *moord.* Die *regbank* in hierdie konteks verwys nie na die Joodse Raad nie, maar na die geregshof (*krisei*) van die dag.[103]

"Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n ***gek*** is strafbaar voor die Joodse Raad. Die woord *gek* is 'n uit Aramees gehaal en het moontlik die betekenis van "leë hoof" of dom persoon gehad. [104]

---

103 U. Luz, Matthew 1-7: A Commentary, (Minneapolis, Augsburg, 1989), p. 283.

104 Ibid., p. 289.

https://etd.uwc.ac.za

Die daaropvolgende sinsnede het 'n meer ernstig betekenis. Die woord *moros* is wel 'n oorspronklike Griekse woord en beteken, idioot. J. Jeremias sê die Aramese ekwivalent vir idioot beteken waansinnige of kranksinnige en word op 'n verwerplike manier gebruik.[105] Die tipe straf wat aan hierdie oortreding gekoppel word, is 'n bewys dat dit 'n afskuwelike daad is. Die graad van straf verskil van die vorige. Dit gaan nie hier om die etimologiese betekenis van die woorde nie, maar wel *die gesindheid* waarin hierdie woorde geuiter word. Dit is 'n *waardeskatting*. Om 'n persoon 'n idioot te noem is om dié persoon van sy menswaardigheid en Goddelike beeld te stroop. In dié proses skat die aanvaller homself as meerwaardig en verhewe bo die *menslike* vlak en neem indirek dan die plek van God in. Hierdie tipe houding is ook 'n indirekte verbreking van die belangrikste gebod, dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself. Die bekende frase van Rabbi Eliezer (einde van die 1ste eeu N.C.) "He who hates his brother belongs to the shedders of blood", is van pas.[106]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die straf wat toegepas word vir hierdie *moordenaar in die hart*, is 'n dubbele dood van liggaam en siel. Die persoon word in die helse vuur gewerp. Het Jesus nou 'n strenger wet as dié van die Ou Testament hier kom voorhou? Dit skyn nou hier dat die lex talionis meer genadig en 'n ligter straf was, omdat 'n persoon net vir die moorddaad skuldig bevind kon word. 'n Slegte gesindheid was nie eens gestraf nie.

Die motief by Jesus is dat Hy die *totale* mens aanspreek. Die *totale* mens moet gesond wees. Ek dink dat Jesus 'n nuwe dimensie aan oortredinge van

---

105 J. Jeremias, "Rhaka" in TDNT, G. Kittel (ed), (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 1986), p. 984.

106 W.F. Albright & C.S. Mann, Matthew: Anchor Bible Commentary, (Garden City, New York: Doubleday, 1971), p. 61.

https://etd.uwc.ac.za

sy dag verleen het. Jesus sê nie net ,*"Jy mag nie moord pleeg nie"*, maar *jy mag nie **begeer** om moord te pleeg*.

Dit is in vers 23 en 24 dat die beskikbaarheid van genade en barmhartigheid voorgehou word. Anders as in die Ou Testament (waar die moordenaar van die altaar weggeruk kon word), word hier 'n kans op rekonsiliasie tussen vyande gegun. Die moordenaar hoef nie weggeruk te word van die altaar nie, maar kon self die initiatief neem om versoening te bewerkstellig. Dìt is alreeds bevryding. Die moordenaar kon dan sy "menswaardigheid" terugwen deurdat hy versoening soek. Al word die doodstraf voltrek, solank hy versoening gedoen het vir sy misdaad.

Ulrich Luz haal Martin Luther se woorde in hierdie verband aan en sê: "Sacrifice without reconciliation is just as if someone has started war and murder and shed much blood and then gives a thousand guilder for it for soul masses."[107]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Jesus dui in verse 25 en 26 aan dat 'n misdadiger moet betaal vir sy misdade. Tensy hy die initiatief neem om versoening te bewerkstellig, sal hy die volle prys moet betaal of straf moet uitdien wat die hof opgelê het. Jesus gee geensins die indruk hier dat hy teén die juridiese verpligtinge van die dag is nie. Hy sê dat die wet dan sy gang sal gaan.

Die perikoop oor vergelding, verse 38 tot 42, word geopen deurdat Jesus weer die Ou Testamentiese wette aanhaal. In hierdie geval is dit die lex talionis. Die fokus verskuif nou vanaf die aanvaller se optrede na dié van die slagoffer se naasbestaandes. In die lig van hierdie studie, kan ons nou die

---

107 U. Luz, Matthew 1-7, p. 289-290.

https://etd.uwc.ac.za

vraag stel: "Kan hierdie perikoop nou die riglyne vir optrede van die 'moordenaar' teenoor die 'kwaadwillige' naasbestaandes van die slagoffer wat bloedwraak soek, wees? As ons dit moet sien uit die hoek van die moordenaar as die een wat nou die *"kwaadwilligheid "* moet ontvang, sal dit anders daar uitsien.

Die feit dat vers 39 sê dat daar nie teen 'n kwaadwillige mens verset moet word nie, hou vele implikasies in. Die vers kan op vele maniere behandel word.

Eerstens, spreek dit van 'n gedweë houding, om geensins verset te bied nie. Moet die *status quo* maar gedweë gehandhaaf word, of dit nou *anti* of *pro* doodstraf is? Mag jy dan nie 'n vertoë lewer vir of teen die doodstraf nie? Tweedens, die *klap op die regterwang* was alreeds die aantasting van die ontvanger se menswaardigheid.[108] Om die ander wang te draai sou dan beteken dat die persoon bereid is om 'n dubbele porsie van minagting en aantasting van sy menswaardigheid te aanvaar.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vers 40 tot 42 suggereer dat geen verdediging gelewer moet word wanneer jy gedagvaar word nie. Hier word nie gepraat van onskuldige dagvaarding nie, maar van iemand wat sy skuld erken, onder andere die moordenaar wat erken hy het die daad gepleeg. Die moordenaar het wettiglik vyande van die naasbestaandes en die gemeenskap gemaak. Maar om in die proses tot inkeer te kom en vergifnis te vra van die aanklaers, sal sekerlik die spreekwoordelike *wind uit hul seile haal*. Vurige "kole" sal dan op hul hoofde wees. Die gevoel van die aanklaers sal dan wees; "*wat òns moes gedoen het, het hy gedoen*".

---

108 U. Luz sê: "The addition of *right,* which perhaps comes from the evangelist to make it more precise, could mean an especially vehement insult. The slap on the *right* cheek is not an ordinary thing; for that one either has to be left-handed or slap with the back of the hand. p. 325.

https://etd.uwc.ac.za

**2) Johannes 8 : 1-11**

Daar bestaan die argument dat hierdie perikoop nie in die oorspronklike manuskrip van die evangelie van Johannes was nie, maar eers in 'n later stadium ingesluit was.[109]

Ons kan egter nie bekostig om dieper aandag aan die tekstuele geskiedenis van hierdie perikoop te gee nie.

In die lig van debat rondom die doodstraf werp hierdie storie sigself op die visuele verbeelding van die mens. Dit kan nie ignoreer word wanneer die doodstraf onder die loep geneem word nie. Alhoewel die doodstraf hier nie in die konteks van moord toegepas word nie, kan ons wél Jesus se perspektief sien deur te kyk hoe hy 'n ter doodveroordeelde se straf hanteer. Hier vind ons 'n scenario waar die aanklaers (Fariseërs) 'n perfekte argument kan aanvoer om die vrou skuldig te bevind in die lig van:

a) die genoegsame getuienis, omdat hulle gesien het sy pleeg owerspel;

b) die Wet van Moses as juridiese grondslag vir hul aanklag;

c) die Regverdige Regter, Jesus Christus, om die saak te hanteer.

Ons vind ook in hierdie perikoop dat die Fariseërs die twee belangrikste elemente in die Heilsgeskiedenis teenoor mekaar afspeel naamlik, die *Wet van Moses* en die *Woord van Jesus.*

Ons sal ook hier die metode van sinsnede-en frase-ontleding volg om die teks op 'n bevredigende manier te behandel. Vers 3 lui **"skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is,"** Die verwysing na die twee groepe aanklaers is tradisioneel in die Sinoptiese

---

109 R. Schnackenburg, The Gospel according to St.John, vol.2 (London & Tunbridge Wells: Burns & Oates, 1979), p. 162.

https://etd.uwc.ac.za

evangelies. Ons sien dat die *vrou* wat na hom gebring is, verwys na 'n *getroude vrou*. Die onmiddellike vraag wat hier gevra moet word is: "waarom is die man dan nie ook aangekla nie, aangesien hy ook ewe skuldig was aan die daad van owerspel? Is hier seksisme en ongelykhede (inequility) te bespeur? Dit skyn of die Fariseër nie die wet wat hulle op aanspraak maak (vers 5) volkome vervul nie. Volgens Deuteronomium 22: 22-24 moet *beide* man en vrou wat owerspel pleeg gestenig word. Die diskriminasie en onreg wat hulle teenoor die vrou geopenbaar het was nie net onregverdig nie, maar ook onmenslik.

Raymond.E. Brown sê dat owerspel beskou is in die lig van die getroude vrou se ongetrouheid en nie die man s'n met ongetroude dames nie.[110] Dit mag moontlik 'n rede wees waarom daar nie na die man ook in hierdie verhaal verwys is nie, maar Levitikus 20:10[111] stel dit anders.

Vers 3 b sê, "en laat haar in die middel van die kring mense staan". Hierdie was die juridiese posisie wat vir 'n verhoor ingeneem moes word.[112] Dit is dieselfde posisie wat in Handelinge 4:7 ingeneem was deur Petrus en Johannes voor die hoëpriesters. Hier was dit 'n ope verhoor wat toegang tot enige persoon verleen het.

Die aanklaers verwys na die Wet van Moses (vers 5) in Levitikus wat vereis dat die persoon die doodstraf opgelê moet word. Die metode van steniging

---

110 R.E. Brown, The Gospel according to John 1-12, p. 333.

111 Levitikus 20:10 sê: "En as iemand wat egbreuk pleeg met 'n man se vrou, owerspel pleeg met sy naaste se vrou, moet hy en sy wat owerspel pleeg, sekerlik gedood word."

112 R.E. Brown, The Gospel according to John 1-12, op. cit, p. 333.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

was nog dié metode van doodstraf en is later deur 'n ander metode vervang.[113]

Al weet hulle tog wat die wet van Moses vereis in hierdie situasie, vra hulle nog vir Jesus Sy opinie. Vers 6 moet hier saam met vers 5 gesien word. Waarom wou hulle Jesus uitlok of uitvang?

Hieroor was daar al vele opinies. J. Jeremias stel voor dat die vrou alreeds geoordeel was deur die Sanhedrin, maar na Hom toe gebring vir vonnisoplegging.[114] As ons hierdie siening van Jeremias aanvaar, hoe sal ons dan vers 10b verduidelik: "Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?".

Wat wel 'n meer 'n logiese afleiding kan wees is die verklaring dat die Romeine alreeds in die jaar 30 N.C die outoritiet om die doodstraf op te lê, van die Sanhedrin weggeneem het.[115] Die feit dat hulle Jesus wou uitlok kon moontlik daarop dui dat die doel was om Jesus in konflik met die Regering aan die een kant bring en in konflik met die Sanhedrin aan die ander kant, omdat Hy die Wet van Moses dan sou verbreek het. As Jesus die Wet van Moses sou teengaan, sou hulle Jesus moontlik kon aankla as 'n valse Messias wat God se woord verbreek en Hóm dus dan die doodstraf opgelê het (wat hulle ook wel later gedoen het).

Jesus se reaksie in vers 7 verduidelik dat hulle die vrou dan moet stenig as hulle self 'n skoon gewete het dat hulle geen wet oortree het wat ook die

---

113 J. Blinzler, "Die Strafe für Ehebruch in Bibel und Halacha zur Auslegung von Joh.viii 5" (NTS 4, 1957-8), p. 32-47

114 J. Jeremias, "Zur Geschichtlichkeit der Verhörs Jesu vor dem Hohen Rat," (ZNW 43, 1950-51), p.148-150.

115 R.E. Brown, The Gospel According to John 1-12, p. 337.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

doodstraf moontlik kon vereis het nie. Na my mening is Jesus se antwoord "laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi", parallel met die prinsiep van "'n oog vir 'n oog" en "'n tand vir 'n tand". Die Fariseërs kon volgens Jesus nie 'n klip na die vrou gooi nie, want dan sou hulle die wraak van God op hulle laat neerkom, omdat hulle skuldig was aan erger dade. God se wraak sou dus die prinsiep van *'n oog vir 'n oog* , en *'n tand vir 'n tand* in so 'n situasie vervul het. Met ander woorde, *sonde vir sonde* en *straf vir straf.*

Maar Jesus ontbloot die bymotiewe van die *bloedwrekers*. Hulle dra geensins die beskuldigde se belange op die hart nie. Kan hierdie houding van die Fariseërs nog altyd kenmerkend wees van diegene wat die doodstraf bepleit? Gaan dit om die letter van die wet, in plaas van die *doel* van die wet?

Die Fariseërs het geensins die vrou se geestelike belange en behoeftes op die hart gedra nie. Van die geestelikheid en opregtheid waarvoor hulle so *eng* en *vroom* gestaan het, was daar geen teken nie. Inteendeel, Jesus vra of hulle sonder sonde (*anamartetos*) is. Dieselfde vraag kan aan die proponente van die doodstraf gevra word. Wie se belange dra julle op die hart? Moet die wet aangepas word om julle begeertes te pas? As ek of familielid 'n slagoffer van moord is, dan is ek vir die doodstraf , maar as ek of 'n familielid die moordenaar is, is ek teen die doodstraf.

Die vraag wat ook alreeds vroër gevra is, kom weer hier ter sprake: *"waarom word daar gestraf?"* Word daar gestraf om misdaad te keer of word daar gestraf om die verlore menswaardigheid te herstel? Word daar gestraf om te bewys dat die mens se lewe van heilige waarde is? Enige wet

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

wat straf vereis moet ten doel hê om te herstel, korrigeer, op te voed en die spesifieke waardesisteem te herstel.

Van verse 8 was daar al baie interpretasies en sienings, maar hieroor sal ons onself nie nou uitlaat nie.[116] Vers 9 verleen 'n interressante dimensie as gemeld word dat die familiehoofde eerste begin wegloop het, aangesien dit volgens die Ou Testament, *hulle*, die oudstes, moes wees wat die vonnis moes uitvoer. Of kon dit maar net uit blote respek van die jongeres se kant gewees het, dat hulle die oues eerste moes laat uitgaan?

Vers 10 bevestig die afwesigheid van die aanklaers, maar dit het Jesus die perfekte geleentheid gebied om haar in privaatheid aan te spreek oor haar oortreding. 'n Teken dat hy die oortreder se menswaardigheid respekteer. Die werkwoord in die vraag; "het niemand jou ***veroordeel*** nie?", is die Griekse woord *katakrinein* wat beteken *om te verdoem*. Aldus, "het niemand jou verdoem nie?", word hier deur Jesus gevra. Hierdie vraag van Jesus word deur vele teoloë geïnterpreteer as een wat vele moontlikhede inhou. Rudolf Schnackenburg beweer dat daar moontlik alreeds 'n verhoor plaasgevind het en die doodstraf ook alreeds opgelê is.[117] Wat ook al die geval was, die feit bly staan dat die vrou se saak deur die Fariseers onregverdig behandel was. Jesus het ook vir ons die les kom leer dat die beskuldigde 'n *reg het om 'n regverdige verhoor* deur 'n *regverdige regter*.

---

116 Sien J.D.M. Derrett, "Law in the New Testament: The Story of the Woman Taken in Adultery", (NTS 10, 1963-64), p. 16.

117 R. Schnackenburg, The Gospel according to St.John, Vol 2, p.164. Schnackenburg gee ook dié skrywers se interpretasies: "**Jeremias** gives good reasons for thinking that the trial has already taken place, but ignores Jesus' question to the woman, 'Has no one condemned you?' **Becker** thinks that the witnesses to the crime are both accusers and executioners. **Derrett** suggests that resort was made to lynch law to by-pass the Roman *ius gladii*".

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Jesus se antwoord, wat 'n gedeeltelike herhaling is van die vrou se antwoord op sy vraag in vers 10, getuig dat hy nie die sonde van owerspel goedgekeur het nie. 'n Belangrike aspek van hierdie verhaal is dat dit nie 'n totale verbod op doodstraf is nie. Jesus se optrede was om die vrou van viktimisering en 'n gees van *skynheilige soeke na geregtigheid* te red. Terselfdertyd het Jesus Homself ook van 'n voortydige kruisigings-episode gered, aangesien hulle hom juis later aangekla en ter dood veroordeel het, omdat Hy erken het dat Hy die Messias is.

As ons hierdie toneel van die vrou se verhoor in die konteks van ons huidige debat rondom die doodstraf plaas, sal dit beteken dat elke moordenaar vrygespreek moet word? Wat sou Jesus gedoen het as daar 'n reeksmoordenaar, 'n pedofiel, 'n reeksverkragter of selfs 'n gruwelike menseskender voor hom geplaas was om te verhoor? Wat Jesus sou doen as individue soos Eugene De Kock, Avril Simons of selfs die tempel-geldwisselaars voor hom geplaas was vir 'n verhoor?[118] Sou hy hulle vergewe wat drie tot vierjarige kinderjies verkrag en uitbrand of vermoor? Jesus het tog self gesê: " So 'n mens kan eerder met 'n groot klip aan die nek in die see gegooi word as dat hy vir een van hierdie kindertjies 'n struikelblok word " ( Lukas 17:2 ).

**3) Johannes 18 : 10**

---

118 **Eugene De Kock** word vir 89 sake skuldig bevind, waarvan die die oorgrote meerderheid verband hou met moord tydens die Apartheid era. Sien Koerantberigte van 7-11 Oktober 1996. **Avril Simons** is skuldig bevind aan reeksmoorde op seuns tussen die ouderdom van 8 en 14. Sien koerantberigte van 1995.
**Tempel Geldwisselaars**. Jesus het die dobbelaars met geweld bygekom en daardeur geen genade getoon nie. Kon die moontlikheid bestaan dat hy bogenoemde ook met straf (doodstraf) sou behandel?

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Hierdie teksgedeelte verleen 'n baie belangrike dimensie aan die argument rondom die doodstraf. Om 'n beter begrip in die toepaslikheid van hierdie teksgedeelte in hierdie verhandeling te gee, wil ek voorstel dat hierdie gedeelte 'n kernvraag moet beantwoord. Die kernvraag is of *Jesus selfverdediging deur die gebruik van geweld of tot die punt van moord goedkeur of afkeur?* Om hierdie kernvraag te kan beantwoord, moet ons begin deur 'n ontleding te maak van sekere teorieë wat aangevoer kan word oor Jesus se standpunt oor geweld.

Eerstens, het Jesus geweet van die swaard wat Petrus gedra het? Johannes se evangelie is 'n baie sterk verkondiging van die alwetenheid en vooruitkennis van Christus. In vers 4 sê Johannes *"omdat Jesus geweet het van alles wat oor Hom gaan kom..."* Jesus moes ook geweet het, omdat 'n swaard 'n sigbare wapen is, iets wat nie maklik versteek kan word nie.
Tweedens, as hy wel geweet het, waarom het Jesus die dra van 'n swaard toegelaat? Was dit 'n *tradisionele wapen* vir die dissipel om te dra? Inteendeel, Jesus het in Lukas 22:36 self gepraat van 'n stryd wat gaan kom en dat die dissipels hulself moet bewapen. Sy woorde was *"En wie nie 'n swaard het nie, moet van sy klere verkoop en een aanskaf"*. Is Jesus hier besig om sy eie beginsels af te breek van "liefde vir jou vyande", "draai die ander wang as iemand jou klap", ensovoorts. Dit is ongekend dat Jesus geweld sou aanblaas, want dìt sou die voorbeeldige invloed van sy onderrig en lewenstyl totaal ongedaan gemaak het. As ons na die onderwerp van bespreking hier in Lukas kyk dan gaan dit nie om 'n sending vir geweld nie, maar om Jesus se sending om homself as 'n offer te gee vir die hele mensdom. Jesus verwys na 'n profesie uit die Ou Testament van Jesaja 53:12 wat sê: "Daarom gee Ek hom 'n ereplek onder die grotes. Hy sal saam met magtiges die oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is, omdat hy die sondes van baie op hom geneem

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

het en vir oortreders gebid het." Kon Jesus hier verwys na die toekomstige gebeure (kruisiging) dat hy soos 'n moordenaar sou sterwe? Die dissipels kon moontlik hier vir Jesus gewys het dat hulle gereed sou wees om as Sy volgelinge (soos bendelede vir hulle meester) sou veg. Kon dit moontlik die rede vir Petrus se optrede in Getsemane wees, omdat hy nie by hierdie geleentheid, nie die boodskap verstaan het nie. Hy sê tog hier in Lukas 22:33,

"Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te gaan."

Dit is nie in die konteks van geweld wat die kwessie van die swaard verstaan moet word nie. Die dissipels het Jesus hier verkeerd verstaan en Hy moes hulle vermaan. Howard Marshall is korrek as hy sê:

"Jesus sees it as a prophecy of his death, for his life is now drawing to an end. But the disciples fail to understand; taking Jesus literally, they produce two swords, and Jesus has to rebuke them for their lack of comprehension ....".[119]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Aan die ander kant, as ons na die belangrikheid van die onderkleed in die lewe van die dissipels kyk, is om dit te verkoop vir die aankoop van 'n swaard, iets wat vrae oproep. Jesus se antwoord: "Ons laat dit daarby", word as 'n vermaning beskou.[120]

Lukas se verslag van die inhegtenisname van Jesus gee 'n ietwat ander indruk as wat Johannes hier gee. In Lukas 22:49 vra die dissipels vir Jesus, *"Here, moet ons hulle met die swaard aanval?"*. Die feit dat die dissipel wel die oor afgekap, skep die indruk dat Jesus hierdie vraag van die dissipels

---

119 H. Marshall, The Gospel of Luke: A commentary on the Greek Text, (Exeter: The Paternoster Press, 1987), pp. 823-825.

120 Ibid., p. 827

https://etd.uwc.ac.za

onbeantwoord gelaat het of wel goedgekeur het. Eers toe Jesus die erns van die saak gesien het het Hy (volgens Lukas 22:51) beveel: *"Hou op daarmee!"*. Dit skep ook die indruk dat Jesus wel toestemming vir geweldadige optrede gegee het.

In dieselfde teks (Lukas 22 vers 38) sê die dissipels *"Here, kyk hier is twee swaarde."* Chrysostomus het hier voorgestel dat hierdie twee messe was wat gereed gemaak is om die pasgalam mee te slag. Maar hierdie betekenis word deur vele geleerdes afgemaak.[121] Wat wel hier verstaan moet word is dat die dissipels baie gereis het om die evangelie te verkondig en moontlik gevaarlike individue en diere moes trotseer. Die dissipels sou moonlik net 'n wond toedien om as afskrikmiddel te dien, indien hulle lewens in gevaar sou verkeer. Geweld was nie hul doel nie, maar wel om die evangelie ten alle koste te verkondig.

Die dra van die swaard deur die dissipels was ook moontlik 'n simboliese voorstelling van die regverdige oordeel en regspraak van God. Die swaard het as oordeelsimbool en waarskuwing gedien dat God se oordeel regverdig en finaal is. Op 'n ander vlak kan ons ook voorstel dat die swaard die *geestelike swaard* van die Heilige Gees simboliseer, wat die sonde van die hart uitroei.

Die finale teorie wat voorgehou kan word is dat Jesus vir Petrus te lig aangespreek het en sodoende op 'n stilswyende wyse geweld op 'n volgende geleentheid gekondoneer het. Maar Jesus het nie die saak baie oppervlakkig

---

121 A. Plummer, Luke: (ICC) Edinburgh: T & T Clark, 1981), p. 506. Plummer sê: "Luke alone records this question. It is said that 'since it was illegal to carry swords on a feast-day, we have here another sign that the Last Supper had not been the Passover.' But if (maxairan) was a large knife used for killing the lamb, this would not hold."

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

hanteer nie. Daarvan spreek sy optrede om Petrus hard en duidelik te vermaan om die swaard terug te sit.

Matteus gee 'n ander verklaring van Jesus se reaksie as wat Johannnes hier gee. Hy verklaar in hoofstuk 26:52: *"Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom."* Kan hierdie stelling beteken dat moordenaars ook sal omkom deur moord of die doodstraf? As dit wel die bedoeling van Jesus was, sou dit beteken dat Petrus se oor ook afgekap moes word. Die Bybelse beginsel, "wat jy saai, sal jy maai", is ook van toepassing hier. Elke daad of misdaad het gevolge en 'n persoon moet bereid wees om die gepaste straf vir sy betrokke misdaad te ontvang.

Die feit dat Jesus die slaaf se oor deur 'n wonderwerk teruggesit het, spreek duidelik oor die erns van die saak. 'n Interresante opmerking in verband met die afkap van die "regteroor" word deur Benoit in sy boek *"Passion"* gemaak. Brown haal Benoit se mening aan en sê dat Benoit se mening is dat: "Peter deliberately chose the right organ, the more valuable according to the indemnity laws of the time, as a mark of defiance."[122] Petrus het kwaadwillige gevoelens geuiter. Sy motiewe was om te vernietig en Jesus het nie beheer oor die impulsiewe emosies van Petrus gehad nie, want hy het nie op Jesus se antwoord gewag nie.

Ter opsomming kan ons dan nou die wanbegrip weerlê dat Jesus geweld goedkeur of aanblaas? Beslis. Wat ons beslis weet is dat misdaad, moord, geweld nog nooit in die plan of metode van God is om oorwinnings te

---

122 R.E. Brown, The Gospel according to John XIII-XXI (New York,London: Chapman, 1970), p. 812.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

behaal nie. Jesus vra tog immers die soldate in Markus 14:18, "Het julle met swaarde en stokke gekom om my te vang asof ek 'n rower is?"

Hy sê ook in Johannes 18 vers 36: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie," ... "As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane ***geveg*** het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie."

Dat moorde plaasvind, beteken nie dat God moordenaars toelaat om voort te gaan met misdade nie. Diegene wat probeer (soos 'n Petrus) om die situasie te red, word nie eenvoudig deur God stilgemaak nie. Daar is wel 'n beter en effektiewer manier om misdaad te bekamp. Dit is die konstruktiewe juridiese proses. Dit is beter as om die reg in eie hande te neem deur geweldadig op te tree en "ore af te kap". Die wet dien as beskermingsmaatrëel en is nie 'n verdoemende maatrëel nie.

Ons het nou 'n insig in die Skriftuurlike persepsie van die doodstraf verkry. Daar is natuurlik meer Skrifgedeeltes wat behandel kan word, maar diè gedeeltes wat behandel is, is voldoende om 'n algehele persepsie te gee.
Die Ou Testament het sekere belangrike beginsels geopenbaar. Die beginsel van gelykheid en regverdigheid is 'n sterk tema in die Ou Testament. Die menseregte van beide slagoffer en moordenaar moes gehandhaaf word in die proses van verhoor.
Daar moes 'n balans tussen die betrokke misdaad en die "graad van straf" vir die misdaad wees. Die motief van straf as afskrikmiddel was ook teenwoordig in die Ou Testament se doel om die gemeenskap van geweld te bevry.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Moord was hoofsaaklik nie net as 'n skending van menseregte beskou nie, maar as 'n skending van die Beeld van God. Om 'n moord te pleeg, was ook om in direkte konflik met Jahweh te kom. Dus moes die doodstraf van die moordenaar dien as 'n versoenoffer om vir Jahweh te vergeld. Dus is die *go'el* se taak om wraak te neem as 'n verlossingswerk beskou.

Die beginsel van verantwoording doen vir misdaad, was ook baie sterk benadruk. Hierdie verantwoordelikheid was nie net op die misdadiger geplaas nie, maar word die hele gemeenskap. Ons is ons broer of suster se "oppasser". Moord was nie net 'n persoonlike skande vir die moordenaar nie, maar was 'n nasionale skande vir die hele volk. Die grond, die land, was deur die moorddade besoedel. Die moordenaar was tot in sy sewende geslag vervloek.

Die onderskeid wat getref is tussen *opsetlike* en *onopsetlike* moorde was sigbaar in die Ou Testament. Die straf vir die twee was ook verskillend.

'n Baie interessante onderskeid wat daar ook getref was, is diè tussen *moord* en *lewe neem*. Moord was as misdaad beskou, terwyl die neem van lewe as 'n Goddelike verordening beskou is. Die wet van die land was ook baie nou verweef met die godsdiens van die volk. Dit kan waargeneem word in die amnestie wat die moordenaar kon ontvang as die hoëpriester sterwe.

Die Nuwe Testament gee vir ons 'n beter insig in die kwessie van die doodstraf. Die Nuwe Testament se benadering is ook sigbaar meer gevorderd en beskaafd. Dit is sekerlik nie in kontras met die Ou Testament nie; inteendeel, dit vervul laasgenoemde.

Christus het nie gekom om die wette van die Ou Testament ongedaan te maak of verkeerd te bewys nie. Hy het gekom om dit op so 'n manier te vervul dat dit meer van toepassing is en klem op die persoonlike vlak lê.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die beginsels wat baie sterk deurgekom het, is die vereiste dat liefde en barmhartig- heid die dryfveer moet wees van persoonlike en sosiale verhoudinge. Hoe elke mens optree, reageer of straf, moet plaasvind om nie die *Goddelike Beeld* in die individu te skaad nie. In die soeke na geregtigheid en regverdigheid, moet die waardes van *menslikheid*, *eer* en *respek* nie verlore gaan nie. Menslikheid en die Beeld van God in elke mens, is groter as enige wet. Dus, as die wet 'n straf toedien, moet dit primêr gedoen word om die geskonde Goddelike Beeld van die mens te herstel. Die integriteit van menslikheid moet nie deur die straf geskaad word nie. Die waardes van mensregte moet in stand gehou word deur die wet. Ons kan slegs dìt of diegene verdoem wat God verdoem.

'n Ander beginsel wat sterk deurkom in die Nuwe Testament is om die klem te verskuif van *vergelding na versoening* of van *retribusie na restitusie*. Dit beteken nie dat afwatering of versagting van wetgehoorsaamheid hier ingetree het nie. Daar is geen sin om te straf terwyl haat nog tussen vyande lewendig en kokend is nie. As restitusie nie bereik kan word nie, sal die bose kringloop van misdaad net aanhou. Die straf moet as middel tot 'n effektiewe doel dien. Sekere vrae rondom die doodstraf moet in die lig van die *doel* daarvan gevra word.

Is die doel weerwraak ?

Is die doel om af te skrik ?

Is die doel 'n beter en veiliger samelewing ?

Is die doel van misdaadbekamping om 'n beter ekonomiese klimaat te skep en dus beleggings (geld) te lok? Of is die doel om die *menswaardigheid en integritiet* van die *Goddelike skepsel* te herstel en te bewaar ?

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 3

## Wat is in die lig van die Skrif, die verordende rol van die Staat en die Kerk rondom die doodstraf?

Ons het in die vorige hoofstuk die Bybelse perspektiewe op die doodstraf verkry. Vele vrae was hierdeur gegenereer wat antwoorde verlang. Twee kernvrae wat beslis tot ons roep is: **"Wat staan dit die Staat nòu te doen in die lig van die behandelde Bybelse gegewens oor die hantering van die doodstraf, geweld, misdaad ensovoorts aan die een kant, en die persepsies en verwagtinge van die Suid Afrikaanse gemeenskap aan die ander kant? Het die Staat op grond van die Skrif die mag om die doodstraf op te lê?"**

Om hierdie vrae voldoende te kan beantwoord, moet die verhouding tussen Staat en gemeenskap aan die een kant, en die Staat as 'n Goddelike instelling soos deur God in die Skrif verorden aan die ander kant begryp word. Romeine 13:1-7 is 'n unieke Skrifgedeelte wat volkome daaraan voldoen om bogenoemde vrae in die konteks van hierdie verhandeling te beantwoord. Dit verleen daardie oorhoofse perspektief van die alreeds behandelde hoofstukke in die konteks van die onderwerp.

Die eksegese van Romeine 13:1-7 sal twee belangrike vrae beantwoord.

1) Of die huidige wetgewing omtrent die doodstraf in lyn is met die Bybelse siening dat die Staat 'n Goddellike verordende instelling is.
2) Of Suid-Afrikaners hulle gedweë moet onderwerp aan die Staat se wetgewing omtrent die doodstraf, ongeag of dit Skriftuurlik is of nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

I. Romeine 13 : 1-7.

Dit sal raadsaam wees om (voordat ons die eksegese doen) die agtergrond van die probleem wat tot hierdie teksgedeelte aanleiding gegee het, te gee. Sodoende kan daar verstaan word waarom Paulus oor die *"Onderwerping aan die Owerheid"* geskrywe het.

Hierdie boodskap is gerig aan dìe Christene wat beswaar daarteen gehad het om hulle aan die owerheid van die dag te onderwerp. Paulus vermaan hierdie entoesiastiese Christene om hulle verantwoordelikhied teenoor die "aardse owerheid" te aanvaar.

Paulus mag moontlik hier die kerk in Rome , wat bestaan uit Christene wat afkomstig was uit Joodse en Heidense agtergronde, waarsku om nie saam te snoer met revolusionêre bewegings wat teen Rome wil rebelleer nie.[123] Tydens hierdie tydperk was daar ook 'n groep genaamd die Selote wat geweld en opstand teen die owerheid aangeblaas het.[124]

'n Ander belangrike aspek is dat keiser Claudius die Jode in die verlede beveel het om Rome te verlaat (Handelinge 18:2). Miskien was die spreekwoordelike wrange smaak hier nog steeds in hul mond en moes hulle nou daaraan uiting gee. Keiser Nero was aan bewind tydens hierdie tyd. Nero het ook die Christene wreed vervolg en die tradisie sê dat Paulus en Petrus tydens sy bewind gesterwe het.[125] Tog het Jode ook aan die ander

123 E.F. Harrison, "Romans" in, The Expositors Bible Commentary, vol 10. ed. F. Gaebelein, (Grand Rapids, Michigan: Zondervan, 1976), p. 136.

124 Ibid., p. 136.

125 M.C. Tenney, New Testament Survey, (Grand Rapids, Michigan: W.B.Eerdmans, 1983), p. 8.

https://etd.uwc.ac.za

kant imperiale beskerming vir hulle wette van die Romeinse owerheid ontvang. Hulle godsdiens was selfs geregistreer as 'n *"religio licita"*.[126] F.F. Bruce stel dit as volg, "If by Jewish law the trespassing of a Gentile upon the inner courts of the Jerusalem temple was a sacrilege deserving the death penalty, Rome confirmed Jewish law in this respect to the point of ratifying the death-sentence for such a trespass even when the offender was a Roman citizen".[127]

As die Jode dan spesiale erkenning geniet het, waarom moes Paulus dan hierdie sterk vermaning aan beide Joodse en Heidense Christene rig? Dit kan moontlik geantwoord word dat die Christene nie die balans kon tref tussen religieuse en politieke verantwoordelikhede nie. Daar was 'n plofbare situasie wat selfs die Christene, die Kerk in haar geheel, geraak het. Teen hierdie agtergrond sê Everett. F. Harrison "that Paul was not simply giving counsel of a general historical situation that could have proved explosive from the Christian as well as the Jewish standpoint".[128]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Met hierdie agtergrondskets kan ons nou die debat van Romeine 13:1-7 betree.

**Vers 1a " Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is..."**

---

126 F.F Bruce, Romans, (Tyndale New Testament Commentary, Leicester: Intervarsity Press), p. 231.

127 Ibid., p. 231

128 E.F. Harrison, Romans, op. cit., p. 136

https://etd.uwc.ac.za

As Paulus sê **"elke mens",**[129] beteken dit elke menslike wese wat 'n landsburger van die owerheid is? Behels dit net die Christene of sluit dit alle burgers van verskillende gelowe in? As dit net aan Christene gerig is, dan beteken dit dat net Christene hulself aan die Staat moet onderwerp, aangesien dit van God af kom. Die Griekse woord wat hier gebruik word (*pasa psuche*) verwys na "elke siel". Na my mening het Paulus moontlik primêr na die Christene, maar nie uitsluitlik na hulle verwys nie, aangesien hulle die lig van die wêreld is.

Die heel interresantste woord, waarom die hele debat hier draai, is die kernwoord *onderwerp.* Wat ons onsself ook hier kan afvra is of Paulus nie met *upotassestheo* verwys na die betaling van belastings, aksynsgeld ensovoorts nie. Dit kon moontlik die bedoeling van Paulus hier wees, want in vers 7 noem Paulus weer hierdie saak van belasting. Die Christen moet sy of haar verpligtinge nakom en nie in vyandskap met die owerheid kom nie. Dit moet die kenmerk van Christenskap wees. Soos Ernst Käsemann dit stel, "otherwise one falls into anarchy, which will destroy love and peace in the community and discredit Christianity in the eyes of the world".[130]

Die onderwerping is verskillend van die onderwerping aan God, want Christus het tog gesê, "gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort " Markus 12:17. Hierdie onderwerping is nie aanbidding nie, maar dui eerder op gehoorsaamheid aan die owerheid.

---

129 Sommige teoloë beweer dat hier verwys word na "elke Christen" en nie na alle landsburgers nie. Sien C.E.B. Cranfield se kommentaar; Romans: a Shorter Commentary, (Grand Rapids: Michigan, 1985), p. 320, asook Everett F. Harrison. "Romans", in The Expositor's Bible Commentary. Vol. 10, F.E. Gaebelein (ed). Grand Rapids, MichiganZondervan, 1976, pp. 135-137.

130 E. Käsemann, Commentary on Romans, (Grand Rapids, Michigan: W.B. Eerdmans, 1980), p. 351-352.

https://etd.uwc.ac.za

**Vers 1b " Daar is immers geen gesag [131] wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God."**

As Paulus sê dat elke owerheid die beskikking van God is, is die vraag dan van watter tipe owerheid hy hier van praat. Kan 'n owerheid wat verdrukking en rassisme uitvoer 'n Goddelikke instelling wees?

Kan 'n owerheid deur God beskik wees wat onregverdiglik net sekere rassegroepe die doodstraf oplê, terwyl 'n kleiner groep selfs die doodstraf vryspring en hierdeur voorregte geniet? Kan ons dan nou sê dat God die apartheid-regime beskik het wat (soos die statistieke in hoofstuk 1 wys) swartes gehang het en blankes selde die doodstraf opgelê het? In die lig hiervan, kan ons dan nie moontlik aanvaar dat dit imperatief was vir die huidige Suid Afrikaanse owerheid (wat hoofsaaklik uit die verdruktes bestaan) om die doodstraf af te skaf nie?

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Verder kan ons ook vra of die owerheid wat diktatorskap uitoefen (soos in Nazi-Duitsland) 'n beskikking van God wees? Ses miljoen mense, waaronder duisende Godsmanne en vroue, is uitgewis; dit kan nie 'n owerheid wees wat van God beskik was nie. Die moontlikheid dat God euwels beskik is ondenkbaar. God mag euwel toelaat maar sal dit nie beskik en Sy sëen daarop gee nie. God sal nie Sy seën daarop gee dat iemand brutaal vermoor word nie.

---

131 Oor die woord gesag of outoriteit word deur vele skrywers in die afgelope jare heftig gedebateer. Daar word rondom die konsep van "engelemag" gedebateer. Sien die kommentaar van E. Käsemann, Romans, (1980), p.351-352., en Oscar Cullmann, The State in the New Testament,(1955).

https://etd.uwc.ac.za

God beskik owerhede om Sy plan van 'n ordelike, harmonieuse gemeenskap daar te stel. Hierdie beskikking gaan met 'n spanning tussen *owerheid* en *onderdaan* gepaard. Daar moet onderdane wees, anders is chaos aan die orde van die dag. Selfs Lucifer is uit die hemel gegooi toe hy nie onderdanig wou wees aan die heerskappy van God nie. Dit is soos Ernst Käsemann dit stel; "God has so arranged the world from the beginning - at the creation, by all means, if you like.....so as to make it possible to render him service within it; and this is why he created superiors and subordinates".[132]

Die vraag wat ons hier moet vra is of Paulus nie dalk hier 'n demokratiese, Godvresende Staat in gedagte gehad het nie. Dìt sal dan sin maak van die stelling in vers 2b, **" Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God..."**

Die kernkonsep wat hier ontleed moet word is ***"ordening"***. Paulus se stelling in vers twee impliseer die gevolgtrekking wat A.T.Robertson maak: "Paul is not arguing for the divine right of kings or for any special form of government, but for government and order. Nor does he oppose here revolution for a change of government, but he does oppose all lawlessness and disorder".[133]

As daar teen die gesag gerebelleer word dan is dit nie 'n indirekte nie, maar 'n direkte rebellie teen God. Paulus noem onmiddellik hier die gevolge van 'n opstand teen die owerheid, naamlik straf. Hier moet ons dan ook vra: van watter tipe straf praat Paulus hier? Dit is ook hoogs moontlik dat die

---

132 E. Käsemann, New Testament Questions for Today, (Philadelphia: Fortress Press, 1961), p. 208.

133 A.T. Robertson, Word Pictures in the New Testament, vol iv, (Nashville, Tennessee: Broadman Press, 1931), p. 407.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

doodstraf hier suggereer word, aangesien die Romeinse regering van die dag gereeld sulke straf opgelê het (Handelinge 12:1-2; 16). Die moontlikheid van die doodstraf kan nie uitgesluit word nie, want dit is 'n ope stelling wat nie die straf spesifiseer nie. Inteendeel, die straf bly onbekend totdat die straf volgens die misdaad wat gepleeg was, uitgespreek is.

Vers 3-5 verskaf die ewewig in die hele argument rondom straf wat ook die moontlikheid van die doodstraf nie uitsluit nie.
Paulus se stelling, **"'n Mens hoef nie vir die owerhede bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen. Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen wat goed is en die owerheid sal jou prys"**, laat veel stof tot nadenke. Enige mens wat goed doen, behoort sekerlik van nature geen vrese te hê nie. 'n Persoon wat goed doen uit vrees, wek agterdog. Het dieselfde owerheid dan nie die Christene vervolg wat goeie werk gedoen het nie? Baie van die dissipels is die doodstraf opgelê omdat hulle goeie werke gedoen het, wat nie in die belang van die regering was nie. Jesus self is die doodstraf opgelê omdat hy goeie werke gedoen het. Ons moet erken dat die moontlikheid altyd bestaan dat die doodstraf foutiewelik aan goeie, onskuldige mense opgelê kan word. Maar miskien was Paulus daarvan bewus dat hierdie owerheid waarna hy hier verwys, wel tot regverdigheid gekeer het, alhoewel keiser Nero nog hier aan bewind was. Volgens Ernst Käsemann: "every sentence can apply also in a police state and it simply should not be overlooked that the apostle is in fact writing under a dictatorship with largely corrupt and capricious representatives, not to speak of the petty despotism of departments and officials".[134]

---

134 E. Käsemann, Commentary on Romans, (Grand Rapids, Michigan: W.B. Eerdmans, 1957), p. 356.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

'n Ander moontlike argument kan wees dat Paulus na die Christen se waardigheid of moed verwys. Die Christen hoef dus nie te vrees as hy goed doen nie, "want God het ons nie 'n Gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing"? (II Timòtheüs 1:7). Hulle moet dus nie 'n probleem hê met vreesagtigheid of selfbeheersing teenoor die owerheid nie. Die persoon wat selfbeheersing uitoefen, gehoorsaam die owerheid se wette en hoef nie in vrees vir die owerheid te lewe nie.

Uit 'n ander hoek gesien, moet die Christen ook die owerheid se *gewete* pla as laasgenoemde ongeregtigheid beoefen. As die owerheid hierdie *gewete* wil stil maak, sal dit verantwoording by God moet doen. Die owerheid wat die goeie uitwis deur massamoorde, verdrukking en verbanning kan deur God omskep word tot die goeie. Dit is ook soos Ernst Käsemann sê, "Sometimes the Lord of the world speaks more audibly out of prison cells and graves than out of the life of churches which congratulate themselves on their concordat with the State".[135]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die feit dat dat Paulus "vrees" weer in vers 4 gebruik, kan wel beteken dat daar verwag word dat die misdadiger straf moet vrees. Dit is nie die owerheid as instelling wat gevrees word nie, maar wat die owerheid as instelling aan jou gaan doen as strafmaatreël. As daar nie vrees bestaan nie, kan dit moontlik wees, òf dat die persoon 'n geharde misdadiger is òf dat die straf van so aard is dat dit geen vrees inboesem nie. Dit wil sê, straf moet die afskrikmiddel wees. Straf moet die vreeseffek na vore bring, sodat andere kan vrees en reg doen, soos Paulus sê, "doen wat goed is en die owerheid sal jou prys".

---

135 E .Käsemann, New Testament Questions for Today, (Philadelphia: Fortress Press, 1961), p. 215.

https://etd.uwc.ac.za

Paulus dui aan dat die owerheid die reg het om te straf, wat impliseer dat hulle die ***reg*** van 'n hoër gesag ontvang het. In vers 4 verwys Paulus twee keer na die owerheid as *dienaar* van God. Dit is vanuit hierdie posisie as "dienaar" dat die owerheid die reg het om te straf.

Die woord *dienaar* is 'n aanduiding dat die owerheid nie absolute mag het om te maak soos **wat dit wil** en **wanneer dit wil** nie. Die owerheid moet sy plek **onder** God se gesag inneem en nie die plek **van** God inneem nie. Dit moet 'n **verteenwoordigende rol** met betrekking tot Goddelike wet en orde, maar nie so ver gaan om God se wet en orde met diè van outokrasie of alleenheerskappy te **vervang** nie. So sal dit die rol van *dienaar* vervul.

Paulus gaan voort om te sê dat die owerheid die reg (outoriteit) het om te straf. Deur straf uit te oefen vervul die owerheid dan ook juis die rol as dienaar. Die woord wat hier in die oorspronklike Griekse taal gebruik word is *maxairan* wat verwys na die ***"swaardmag"*** wat die owerheid hier besit. Die swaardmag is ook simboliese van die *juridiese mag* van die magistraat om te straf. Sanday en Headlam sê hieroor, "The sword is the symbol of the executive power of punishing inherent in the government".[136]

Daar moet gevra word of die swaardmag wat die owerheid hier besit, wel verorden is om 'n *heilsmag* te wees, wat strek tot by die *mag* om 'n persoon se lewe te neem.

Ek is van mening Paulus sou nie so 'n sterk beeld sou gebruik het, as dit nie ook die moontlikheid van *doodstraf* geïmpliseer het nie. Dit is korrek dat die *swaard* simbolies is van justisie en geregtigheid, maar die inherente

---

136 W. Sanday, & A. Headlam, Romans, (ICC), (Edinburgh: T & T Clark, 1971), p. 367-368.

https://etd.uwc.ac.za

simboliese waarde van 'n swaard is diè van vernietiging. 'n Swaard simboliseer *doodmaak* om sodoende geregtigheid te laat seëvier. Dr A.V. Lekkerkerker sien die swaard ook as simbool van bloedvergieting en hy sê: "Onder het *zwaard* moet hier het recht op leven en dood worden verstaan: "zwaard" is nu eenmaal ook in het Nieuwe Testament symbool voor bloedvergieten (Rom.8:35; Openb. 6:4)...."[137]

Die swaard moet dan 'n tipe vrees meebring, waarna Paulus ook in vers 3 verwys. Die ooglopende vraag wat 'n mens kan vra is waarom Paulus die *swaardmag* aan Christene sou noem, aangesien dit vanselfsprekend aanvaar word dat hulle gehoorsame, goeie burgers is. Hy wou moontlik die punt maak dat geen mens verhewe bo die wet is nie. Moontlik kon hy dan ook deur die simboliek van die swaard te gebruik, staaf dat die owerheid nie sal huiwer om vergelding vir misdade te laat geld nie.

Die feit is dat die owerheid in sy plig en *roeping as dienaar* sal faal as dit nie misdadigers effektief straf nie. Inderdaad, Paulus sê tog dát die owerheid die "kwaaddoeners moet straf".

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In vers 5 bring Paulus 'n ander dimensie tot die debat oor ***vrees vir straf***, die van *gewetensaak.* Die woord wat hier gebruik word vir vrees is (wrath / wraak) *orgein.*

Wil dit nou hier impliseer dat die Staat die alleenreg het om haar landsburger se dood te wreek? In vers 4 verwys Paulus na die strafreg van die Staat in dieselfde konteks as die "wreker" van kwaad. Kon dit dan beteken dat Paulus die Christene aanspreek dat as hulle die Staat in hul taak kniehalter, die verantwoordelikheid, die gewetenslas op hulle sou rus dat geregtigheid nie geseëvier het nie. Die onskuldiges se "bloedskuld" sou op

---

137 A.F. Lekkerkerker, <u>De Brief van Paulus aan de Romeinen II</u>, (Nijkerk: G.F. Callenbach, 1971), p. 140.

https://etd.uwc.ac.za

hul gewete gaan lê. C.E.B. Cranfield haal vir C.A. Pierce aan wat van mening is dat Paulus hier bedoel, "that one must be subject because, if one were not, one would incur that painful sharing of knowledge with oneself which is a guilty conscience".[138]

Juis omdat dit 'n gewetensaak vir die Christen is dat die owerheid dienaar van God is, is enige verset dan 'n moedswillig oortreding wat neerkom op sonde. Om die dinge te doen wat ek moet doen of om te doen wat ek nie moet doen nie kom neer op sonde. Hierdie prinsiep sal ek later onder 'n ander subafdeling bespreek.

Die intreeworde van vers 6 "*Dit is ook waarom....*", impliseer dat Paulus 'n bekende beginsel herbevestig. Dit kon moontlik 'n verwysing wees na die woorde van Jesus in Lukas 20:25 dat daar aan die keiser belasting betaal moet word. Die landsburger moet homself aan die gesag van die owerheid onderwerp. Die belastings wat 'n belangrike bron vir die staat is, *moet* betaal word. Paulus noem selfs die betaling van belasting en aksyns drie keer in hierdie konklusie. Dit is asof hy vir diegene wat beweer dat die owerheid die belasting misbruik, wil sê: "Dit is nie hier ter sprake nie. Dit is 'n bevel."

'n Verdere beswaar rondom belasting is die bekende argument dat moordenaars wat lewenslange tronkstraf kry, 'n verkwisting van belasting is. Daaroor kan daar baie gedebateer word, maar dit moet betaal word, want die staat word daardeur bemagtig om sy taak uit te voer.

Die owerheid se rol as *dienaar* van God word vir 'n derde keer herhaal. Die verskil hier is dat Paulus 'n ander woord gebruik naamlik *leitourgoi*

138 C.E.B. Cranfield, Romans, (ICC) vol II, (Edinburgh: T & T Clark, 1983), p. 668.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

(publieke-dienaar) teenoor die woord "diakonos" (dienaar / bediende), wat in vers 4 en 5 gebruik is.

Hierdie herhaling van die owerheid as dienaar is ter stawing van die belangrike rol wat die owerheid as dienaar inneem. Die owerheid is georden om God se doel vir wet en orde op aarde te handhaaf. God se doel vir die mens is om vrede en harmonie onder mekaar te hê. Naastes moet mekaar liefhê en nie mekaar uitwis nie. God *beskik* nie sonde nie. God beskik nie onregverdigheid of 'n onregverdige regstelsel nie. God ***beskik*** nie verdrukking nie, maar ***bevry*** van verdrukking en ongeregtigheid.

Wanneer die koning, leier of President in sy taak faal, is dit die individu wat faal en nie die *verordende instelling* van God nie.

Deur die eeue heen was die Staat en die Kerk in gemeenskapsbelange baie nou saam verweef.[139] Daarom is dit imperatief en paslik om juis hier die kerk se standpunt rondom die doodstraf te behandel.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## **II. Waar staan die Kerk in die kader van die debat rondom die doodstraf?**

Hierdie vraag is onvermydellik vir hierdie studie. Die Kerk[140] se interpretasie is baie belangrik aangesien dit so 'n belangrike en in vloedryke rol in die gemeenskap speel.

---

139 Die kerk se lojaliteit teenoor twee koninkryke is van toepassing vir die debat rondom die doodstraf. Die lojaliteit teenoor God en teenoor die Owerheid is 'n debat wat hierdie verhandeling buite sy perke sal stuur.

140 My gebruik van die term "kerk" is nie 'n verwysing na 'n denominasie nie maar na die belydende Christene wat Christus volg. In die geval van denominasie sal ek daarna verwys as kerkverband of denominasie, wat die gemeenskap van gelowiges verteenwoordig.

https://etd.uwc.ac.za

Na my mening is die onderwerp van die doodstraf deur die Kerk oor die jare heen baie vernalatig. Boeke en artikels is baie skaars en selfs tydens die doodstraf-era, was daar nie soveel gedebateer *vir* of *teen* die doodstraf soos wat dit nou die geval is nie. As die onderwerp dus sò die kern van menslike bestaan aantas, dan kan 'n mens sekerlik dit bevraagteken waarom het opponente en proponente van die doodstraf so min daaroor geskrywe het. Veral die Kerk!

Tans is daar ook verdeeldheid in die Kerk oor die interpretasie van die doodstraf vanuit 'n Bybelse perspektief. Selfs binne denominasionele kringe vind jy Christene *vir* of *teen* die doodstraf en albei staaf hul oortuigings uit die Skrif. Die perspektiewe wat ek hierin noem, toon die verskillend perspektiewe wat daar in die Kerk en Christene heers. Is *dieselfde Woord* dan nie deur *een Gees* en *een God* geïnspireer vir *een kerk* nie en moet daar dus nie *dieselfde persepsie* heers nie?

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Uit die aard van die omvang van die Kerk sal dit onmoontlik wees om verteenwoordigende standpunte uit alle kerkverbande aan te haal. Die standpunte wat tot my beskikking is, kan soms die persoonlike persepsie van die individu wees wat ook soms saamval met die offisiële standpunt van die denominasie. Van die standpunte wat deur verteenwoordigers van denominasies hier behandel word is nie noodwendig die offisiële, openbare verklaring van die betrokke denominasie nie. Sommige sprekers praat wel uit die hoek van haar of sy denominasionele verbintenis.

Daar is tradisionele Bybelse beginsels wat die Kerk se siening oor menselewe bepaal en wat ook van toepassing is in die debat rondom die doodstraf. Die Amerikaanse Baptiste Kerk het soortgelyke beginsels

https://etd.uwc.ac.za

uitgereik rondom die doodstraf wat ook as protokol vir menige denominasies kan dien:

1. Because the Christian believes in the inherent worth of human personality and in the unceasing availibility of God's mercy, forgiveness, and redemptive power, and

2. Because the Christian wholeheartedly supports the emphasis in modern penology upon the process of creative, redemptive rehabilitation, rather than on punitive and primitive retribution, and

3. Because the deterrent effects of capital punishment are not supported by available evidence, and

4. Because the death penalty tends to brutilize the human spirit and the society which condones it, and

5. Because human agencies of legal justice are fallible, permitting the possibility of the executing of the innocent.[141]

Dit sal sekerlik van pas wees om te begin met die St James Kerk, wat 'n terreuraanval beleef het tydens 'n erediens. Eerwaarde B. Cameron het die offisiële standpunt van die meer as 5000 gemeentelede uitgespel as ten gunste van die doodstraf. Hierdie standpunt was selfs prakties deurgevoer toe gemeentelede per brief na die Minister van Justisie geappelleer het dat die doodstraf heringestel moet word. Toe daar gevra is waarom die gemeente die doodstraf ondersteun, was die rede gegee dat die mens geskape is na die beeld van God. Eerwaarde Cameron sê dat "die staat die verantwoordelikheid van God opgelê is om die *swaard* te dra en dus die doodstraf moet oplê". Hy het ook verdere aangevoer dat dit die gemeente

141 A. Williams Jnr, "Christian Ethics and Capital Punishment: A Reflection", The Journal of Religious Thought, vol 49, (Summer Fall, 1992), p. 69. Hierdie verklaring was aanvaar by die American Baptist Convention as die *"Statement on Capital Punishment"*, (Rochester, New York, 7 June, 1960).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

bekommerd is dat die Staat nie bereid is om hierdie *God-opgelegde verantwoordelikheid te dra nie.*

Die leier van hierdie gemeente, Biskop Frank Retief het 'n boek, *"Tragedy to Triumph: A Christian Response to Trials and Suffering"*, geskrywe. Hierin wy hy 'n volle hoofstuk aan "vergifnis" en sê dat die gemeente die moordenaars vergewe. Hierdie vergifnis plaas hy in die konteks van drie vlakke van oortredings, wat elk 'n ander faset van vergifnis vereis, naamlik

i) oortredings teenoor God en wat God se vergifnis vereis;

ii) oortredings teenoor die staat of gemeenskap wat anders behandel word;

iii) oortredings teenoor persone, individue, wat persoonlike vergifnis verg.[142]

Biskop Retief sê ook verder dat die Christen nie wet in eie hande kan neem nie. Die Christen kan nie op juridiese vlak vergifnis bied nie.
Hy stel dit as volg:

> "We are also citizens who must desire and pray for the civil authorities to reward the good and punish the evildoer for the sake of others (Romans 13:1-7). The wider community dimension must be taken into consideration. These criminals broke the laws of society - The crime committed that night was a crime against the entire community - Rather it is because we realise that the offender has broken the law of God. We realise that society cannot continue with any form or order if offenders are not caught and punished."[143]

142 F. Retief, Tragedy to Triumph: A Christian Response to Trials and Suffering, (Cape Town: Struik Christian Books, 1994), p. 145.

143 Ibid., p. 149-152.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Vanuit hierdie perspektief van hierdie Christene en denominasie kan ons die raamwerk van vergifnis vir moordenaar op persoonlike, geestelike en sosiale vlak sien, terwyl dit nie beteken dat die verantwoordelikheid om verantwoording te doen vir die misdaad daarmee verlore gaan nie.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1990 by haar algemene sinodale sitting die standpunt gestel dat "die staat nie 'n *opdrag* het om die doodstraf toe te pas nie, maar dat hy wel die *reg* het."[144] Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die Staat geen demokratiese mandaat van die landsburgers ontvang het om 'n spesifieke wetgewing oor die doodstraf te formuleer nie. As die sinode sê dat die regering wel die *reg* het, moet ons dan vra: "Watter tipe *reg*. Is dit die *reg* op die *swaardmag* soos dit in Romeine 13 staan?" Of is dit die reg wat demokraties aan die staat deur sy burgers gegee is?" As dit outokratiese reg is, dan moet ons die volgende logiese vraag vra of die regering dan wel nodig het om die landsburger se mandaat kry as opdrag om die doodstraf toe te pas of nie?

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Dr Isak Burger, president van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, praat vanaf hierdie platform en sê dat "die Staat 'n verantwoordelikheid het om misdaad, boosheid en onreg te beheer - ook deur middel van die doodstraf - sodat 'n gunstige klimaat geskep word waarbinne die evangelie versprei kan word."[145]

Volgens Dr. Burger het die Staat die verantwoordelikheid om as *dienaars van God* as die "uitvoerders van God se wraak" op te tree. Hy sê "dit is God se wraak wat Hy deur sy gemagtigde dienskneg, die Staat, uitoefen."[146]

---

144 Die Algemene Kerkbode, Deel 157, (13/14 September, 1996), p. 9.

145 Die Algemene Kerkbode, (10 Februarie, 1995), p. 11.

146 Ibid., p. 9.

https://etd.uwc.ac.za

Volgens hom moet die Staat sy swaardmag gebruik sodat diè wat kwaad doen, hom kan vrees. Hy sê dat die grootste deel van die land se burgers, waarvan die Kerk 'n groot deel maak, van die Staat verwag om sy swaardmag te gebruik.[147]

Van 'n veel breër, internasionale platform het 'n voormalige lid van die "Faith and Order" kommissie van die Wêreldraad Van Kerke, Dr John Howard Yoder, en advokaat Wayne House onlangs 'n boek vrygestel rondom hul debat wat uitsluitlik handel oor die moraliteit van die doodstraf. Dit was ook geskrywe uit 'n uitsluitlik Christelike perspektief.[148]

Oor die onderwerp van die doodstraf sien Yoder die Christelike benadering: "as one of compassion and of a God whose love meets persons caught in bondage to evil and who goes to any length to deliver them from that bondage."

Wayne House aan die ander kant sien die Christelike benadering as: "one of strict law and order and of a God whose justice is essentially retributive and whose mercy only grants undeserved exceptions to the strictness of that justice."[149]

Hier kan ons sien dat die benadering tot dieselfde onderwerp van die doodstraf by erkende en invloedryke Christene, uiteenlopend is. Hierdie voorbeelde is, om dit spreekwoordelik te stel: "'n druppel in die oseaan", ter

---

147 Ibid., p. 9.

148 Review and Expositor, 89, (1992), p. 429-430. Dr Yoder was Professor van teologie aan die Notre Dame Universiteit en is ook 'n Mennonietiese onderwyser by 'n Katolieke Universiteit. Advokaat W. House is 'n konserwatiewe Baptis wat ook Professor en Akademiese Dekaan by Western Baptist College. Tydens 1991 was hy ook President van die "Evangelical Theological Society".

149 Ibid., p. 431.

https://etd.uwc.ac.za

stawing van die Kerk se uiteenlopende benaderings wat onmoontlik in hierdie studie gedek kan word. Dit is nie soseer *wat* die kerk sê rakende die doodstraf nie, maar wat die kerk *versuim* om te sê oor die onderwerp. Alexander Williams Jnr, het dit reg opgesom toe hy gesê het, rakende die Kerk:

"They have failed to provide the clear reflection and direction for Christians that is needed. Neither has the Church set the tone for assessment and resolution of the issue. Like many of the great issues of our times (AIDS...), capital punishment and its appropriateness or inappropriateness in the context of today's world has remained seriously unadressed by society's moral leader: the church."[150]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

150 A. Williams, Christian Ethics and Capital Punishment, p.69.

https://etd.uwc.ac.za

## HOOFSTUK 4

### 'n Teologies-Etiese benadering tot die doodstraf.

Ons het nou die finale hoofstuk van hierdie studie bereik. Ons het die problematiek rondom die onderwerp in hoofstuk een bespreek. In hoofstuk 2 het ons dan hoofsaaklik gekyk wat die Bybelse perspektief oor die doodstraf werklik is, om ook sodoende 'n onpartydige siening oor die doodstraf te kry. Aangesien die Staat die instelling is wat die besluit oor die doodstraf moet neem, het ons ook hierdie owerheid se posisie en werklike outoriteit in hoofstuk 3 geanaliseer. Die Kerk se posisie kon ook nie onaangeraak bly nie. Aangesien beide die Staat en die Kerk hul bestaansreg en verordening as outoriteit van God kry en beide instansies geweldige mag in die samelewing uitoefen, was dit ook noodsaaklik om in hoofstuk 3 die twee se magsverhouding tot die doodstraf te verstaan.

Die oorkoepelende vraag wat ons nou in hierdie finale hoofstuk in die oë staar is:
"Wat moet ons in die lig van al hierdie perspektiewe nou doen rakende die doodstraf? Watter eties en Bybels-korrekte besluit moet daar oor die doodstraf geneem word?" Na my mening is daar 'n middeweg tussen die proponente en opponente se sterk argumente oor die doodstraf. Ek wil graag die norme en beginsels hier voorlê wat as handleiding vir beide die Staat, die Kerk en die algemene landsburger as 'n mandaat vir korrekte etiese aksie in hierdie verband kan dien. Ons sal die norme en wette van die Ou en Nuwe Testament, die persepsies van die publiek, die statutêre wette en die karakter van die kerk in hierdie hoofstuk in relasie tot mekaar moet bring.

#### I. Die rol van Etiek en Norme.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Wanneer daar in etiese-morele situasies omgegaan word met norme, beginsels, rëels of wette, dan beweeg ons oor verskillende vlakke van interpretasie. Ons kan byvoorbeeld vanuit die spesifieke sê; "Jy mag nie doodslaan nie", of heel algemeen "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself". Elkeen het dan sy eie interpretasie en tree dan daarvolgens op. So kan die moordenaar byvoorbeeld vra: wie is my naaste en moet ek vir hom verantwoordelik wees? Kain het God geantwoord deur 'n vraag te stel: "Is ek my broer se oppasser?"

Ons moet nie volgens eie interpretasies optree nie, maar volgens norme en of wette, anders doen elkeen wat goed is in sy eie oë. As ons Michael Schluter en Roy Clements se drieledige voorstel volg dan kan ons die hele diskoers oor die doodstraf in konteks plaas.[151]

Eerstens is daar die norme wat die gesindheid of gedagtegang kontroleer en wat opsigself nie direk en onmidellike impak op andere maak nie. 'n Moordenaar se voorbedagte rade of wrok kan nog nie 'n inpak maak op iemand nie, en daar is nie 'n wet wat dit kan keer nie. Dit is moontlik hier waar Jesus die wet van Moses kom vervul het. Die wette van moord kan as onvolledig beskou word omdat 'n persoon se gesindheid, sy of haar moordgedagtes, nie 'n impak kan maak op andere sodat diè dan besef dat gevaar aan die kom is nie.

Hierdie norme bepaal ook die individu se verhoudinge met andere en met 'n instansie of owerheid soos byvoorbeeld dié van Romeine 13:1 "elke mens moet hom onderwerp aan die owerheid wat oor hom gestel is." Sodoende

151 M. Schluter & R. Clements, "Jubilee Institutional Norms: A Middle Way between Creation Ethics and Kingdom Ethics as the Basis for Christian Political Action", The Evangelical Quartely, vol 62, (Paternoster Press, 1990), p.45-47.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

kan opstande en wanorde onderdruk of in bedwang gehou word. Hierdie norme word menige keer in apodiktiese vorm in die skrif gegee. 'n Voorbeeld hiervan kan gesien word in Deuteronomium 23:19; "Jy mag niks teen rente aan jou volksgenoot uitleen nie..."[152]

Die tweede tipe norm is institusioneel gerig en is 'n instruksie wat 'n individu die mag verleen om as 'n offisiële amptenaar op te tree. Dit word wetlik bekragtig. Die *go'el* of bloedwreker wat dikwels in die Ou Testament gedeeltes[153] in hierdie verhandeling genoem is, is 'n voorbeeld hiervan. Die *go'el* of bloedwreker het nie in eie reg opgetree nie. Hy is deur die Staat bemagtig om die moordenaar dood te maak. Ons kan netsowel sê dit is die Staat wat die doodstraf *deur* die *go'el* uitgevoer het. Die belangrikheid hiervan is dat dit nét die *go'el* is wat die moordenaar kon doodmaak. Enige ander wat dit gedoen het sou dan buite die wet optree en dus moord pleeg. Dit was nie vir elke mens beskore om die reg in eie hande te neem nie.

Die derde tipe norm betrek die gemeenskap in geheel, aangesien dit nie in isolasie deur 'n enkeling uitgeleef kan word nie. Dit is die norme in verband met die gebruik van bronne soos land, belastings, aksyns ens. Dit het beteken dat die gemeenskap kollektief betrokke moes wees.[154] Die gemeenskap kan nie hul hande in *onskuld* was nie. Die gemeenskap moet verseker dat die owerheid die wette reg implementeer en korrek toepas. Dit is juis hier waar ek die aansluiting sien rakende die baie belangrike en prominente rol wat die Kerk moet speel in die gemeenskap en teenoor die Staat. Dit is ook juis nou dat die Kerk moet vra of die Staat die wet op die

---

152 Ibid., p. 46.

153 Hier verwys ek na die Skrifgedeeltes van die verhandeling soos, Lex Talionis, Deuteronomium en Numeri.

154 Ibid., p. 47.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

doodstraf volgens die oorspronklike verwagting van die Skrif toepas. Verdeeldheid oor die onderwerp wat onstaan deur persoonlike menings moet nie nou die fokus van die Kerk wees nie. Die vlaag van misdaad moet nie die aansporing wees om die doodstraf toe te pas, sodat misdadigers hierdeur afgeskrik word nie. Daar moet objektief gevra word, doen die owerheid wat van hom verwag word soos deur God voorgeskryf (wat ook 'n hoofdoel van hierdie studie is), rakende die straf vir moordenaars? Die norme of wette wat die land regeer moet dan hieruit vloei en probleme soos dié van doodstraf effektief aanspreek.

As ons die Bybelse perspektief oor die doodstraf korrek wil verstaan, moet ons eerstens die kulturele gaping tussen daardie antieke wêreld en ons komtemporêre wêreld oorbrug. Daar moet gedurig met paradigma verskuiwing[155] rekening gehou word. Dit sal ons later in die verhandeling bespreek.

Dit is belangrik dat ons nie die "wet" letterlik sal probeer toepas in ons huidige konteks nie. Die betekenis van die wet op doodstraf moet in sy historiese-kulturele konteks verstaan word. Die *intensie* van die wet moet begryp word in plaas van die *letter* daarvan. Jesus het immers tog ook soortgelyk na die wet in Markus 3:4 verwys deurdat hy die kwessie van die Sabbat met droefheid aangehaal het, aangesien die Fariseërs die letter daarvan wou behou het terwyl Jesus hulle na die gees daarvan gewys het.

As ons na die lex talionis en die Skrifgedeeltes wat ons van die Ou Testament behandel het kyk, dan sien ons die intensie van hierdie regstelsels was om geregtigheid te laat seëvier. Die *"oog vir oog"* begrip het nie 'n

155 C. Wright se definisie van 'n paradigma is behulpsaam hier: "a model or example for other cases where a basic principle remains unchanged....A paradigm is not so much initiated as applied". Sien sy boek; Living as the People of God: The Relevance of Old Testament Ethics, (Leicester: Intervarsity Press, 1983), p. 43.

https://etd.uwc.ac.za

letterlike daad behels nie. Die doel was om die eienaars wat met 'n baie ligte straf (boete vir die uitpluk van 'n oog) van hul misdade afgekom het, vas te vat. Is daar enige iets daarmee verkeerd? Beslis nie. Hierdie gemeenskap het dus gelykheid (equility) bevorder en wou dus wegdoen met ongelykheid (inequility). In enige gemeenskap kan hierdie beginsel toegepas word. Dit is kontekstueel belangrik vir ons gemeenskap wat tans stoei met die probleem van die doodstraf. Soos Claus Westermann, wat ek alreeds vroeër aangehaal het, sê; "where there is equility there is the possibility of inequility".[156]

Die feit dat twee kernbeginsels, *reg op lewe* (rakende die moordenaar) en die *reg op geregtigheid* (rakende die slagoffer), teenoor mekaar in konflik staan, kan beskou word as ongelykheid te midde van gelykheid. Die spanning wat dit tot gevolg het, maak die debat rondom die doodstraf baie moeilik. Wie moet dan besluit watter beginsel moet die prioriteit kry? Dit is in areas soos hierdie waar die opponente of proponente se bevooroordeeldheid sal sëevier. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is die statisteke wat ek opgetrek het in die gemeenskap van die Wes-Kaap. As 'n familielid moord pleeg, dan kies die familie teen die doodstraf. Maar as 'n familielid vermoor word dan veg die familie vir die doodstraf. Hierdie tipe bevooroordeeldheid was ook nie afwesig in die Bybel nie en daar is sprekende voorbeelde waar die doodstraf volgens wet vereis was, maar nie voltrek is nie. Voorbeelde hiervan is;

1) Koning Dawid het nie op sy seun Absolom, wat sy broer Amnon vermoor het, die doodstraf voltrek nie (II Samuel 14).
2) Dawid het self die moord van Urija beplan en skotvry daarvan afgekom. Dawid het ook owerspel gepleeg en moes ook hiervoor die doodstraf kry, maar het skotvry daarvan afgekom (II Samuel 11).

156 C. Westermann, Genesis 1-11, p. 297.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

3) Moses het die Egiptenaar vermoor en hy was bevoordeeld deur ongeskonde daarvan af te kom deurdat die getuies geswyg het. God het Moses ook laat bly lewe (Eksodus 2:11-22).

4) Jesus het die owerspelige vrou laat bly lewe (Johannes 8), terwyl daar moontlik reeds andere in die gemeenskap was wat die doodstraf opgelê is vir dieselfde daad.

Dui al hierdie voorbeelde nie daarop dat die konflik tussen twee kernbeginsels die debat rondom die doodstraf beduiwel nie? Die konflik wat daar bestaan tussen *reg op lewe* en *reg op geregtigheid* wanneer die moordenaar en die slagoffer se familie op hierdie beginsels aanspraak maak, maak die moontlikheid van 'n onregverdige regspraak moontlik. Daar moet dus 'n middeweg gevind word wat bokant die vlak van konflik van beginsels beweeg. Dit is hier waar paradigmas ter sprake gebring kan word.

Paradigmas kan daardie holistiese rol vertolk omdat dit die twee beginsels kan interpreteer en dit in verhouding met mekaar kan bring. Michael Schluter en Roy Clements plaas die rol van die paradigma in die regte konteks vir hierdie verhandeling op die doodstraf as hulle sê:

> "In a paradigm, all the parts bear a relationship to each other, and they bear this same relationship when the paradigm is transferred to another situation".[157]

As ons na die toepassing van die doodstraf in die Ou Suid-Afrika kyk in verhouding met die klem op menseregte in die Nuwe Suid-Afrika, dan is ek van mening dat die afskaffing van die doodstraf noodsaaklik was. Omdat die doodstraf onregverdig toegepas is deurdat meer swartes vir moord op

---

157 M. Schluter & R. Clements, "Jubilee Institutional Norms:..." in, p. 49.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

blankes gehang was, as blankes wat swartes vermoor het, was dit noodsaaklik om hierdie euwel stop te sit deur die doodstraf af te skaf. Dit beskou ek as 'n paradigmaverskuiwing in die regstelsel van Suid Afrika. As die doodstraf heringestel moét word dan sal dit van 'n platform van gelykheid en regverdigheid kan geskied en nie op rassegrondslag nie. Hierdie paradigmaverskuiwing was dus nodig om rasseverhoudinge in die land te bevorder. Want as daar enigsins die moontlikheid bestaan dat rassetwis en rassehaat deur wetgewing aangevuur word, dan sal enige land vlae moorde as hul daaglikse spyse hê.

Tydens 'n radio-inbel program oor die onderwerp van die doodstraf het die aanbieder (ook uit 'n Christelike perspektief) 'n goeie opsomming gemaak om die rol van instellings rakende straf uit te wys. Sy kommentaar het as volg gelui:

> "Scripture covers four forms of government, First, there is self government... it is how we deal with people, how we love, how we forgive, etc. Secondly, there is family government. Here we have the rod to discipline children who misbehave... Thirdly we have the government of the Church. The church deals with ecclesiastical affairs, it deals with people in church situation....they have the elders taking disciplinary steps against people by putting them out of the fellowship for a certain period..... Then finally we have the State who has the sword to discipline...."[158]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

158 "Perspektiewe oor die Doodstraf", Tygerberg Radio, (20 Augustus, 1996)

https://etd.uwc.ac.za

Die opsomming oor hierdie vier instellings se verhouding in verband met die doodstraf was dat die kerk of die familie of die individu, geen reg het om met die swaard te regeer nie. Slegs die Staat het daardie swaardmag. Daar is sekere beginsels en norme wat van toepassing is vir alle tye en alle gemeenskappe. Dit is hierdie norme, hierdie beginsels waarna ons dan moet soek en wat ons effektief moet toepas. Dan sal ons tot 'n voldoende paradigma kom, wat holisties en Bybels korrek is. Ek wil hier dan 'n paar voorstelle maak wat ook inskakel met die opmerkings wat alreeds in hierdie verhandeling gemaak is rakende die doodstraf.

Eerstens, moet ons die universele norm aanvaar dat alle mense na die beeld van God geskape is. Hiervandaan kan ons dan 'n effektiewe etiek formuleer wat kontensieuse onderwerpe soos die doodstraf kan aanspreek. 'n Voorbeeld[159] ter illustrasie hiervan kan as volg wees;

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

| *Bybelse Stelling* | *Morele Beginsel* | *Satutêre Norm* | *Persoonlike Norm* |
|---|---|---|---|
| 1. Die Mens is in God se beeld geskape (Genesis 1:26) | Waardigheid van die Mens. | Moord, Teistering, Verdrukking deur die Staat | Jy mag nie moord pleeg nie. |

Tweedens, mense is in 'n gevalle, sondige toestand en sal dus nie altyd geregtigheid as hul primêre doel stel nie. Staatsamptenare sal die doodstraf verpolitiseer en uitbuit vir party-politieke gewin. Die geskiedenis het bewys

---

159 Sien M. Schluter en R. Clements (op. cit., p. 51.) vir verdere illustrasies.

https://etd.uwc.ac.za

dat waar massamoorde deur die owerheid toegepas is, dit gedoen is om politieke gewin.

Die ander aspek van die mens se gevalle, sondige toestand is dat die gemeenskap bewandel word deur kriminele wat die proponente en opponente van die doodstraf sal vermoor, as hulle moet. Hulle sal nie hul slagoffer vra watter argument hul rondom die doodstraf aanhang nie. Dus is die wet daar om die mens teen euwels te beskerm. Schluter en Roy Clements sê ook: "The Law is intended partly to teach God's people about their relationship with him, but at the same time God uses it to show how he wants societies of fallen men to be structured".[160]

Derdens, moet die owerheid aanvaar dat dit die verordende verantwoordelikheid het om die gehoorsame burger te beskerm, sodat hy of sy *sonder vrees* in die gemeenskap kan lewe. Die klem moet val op 'n strategie van beveiliging of voorkoming in plaas van korrektiewe maatreëls, soos straf.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vierdens, moet daar barmhartigheid dog regverdigheid vir beide die misdadiger en die slagoffer wees. Hier moet die Kerk haar roeping vervul. Die Kerk kan nie kant kies in haar taak nie. Dit moet die rol van trooster vul en genesing bied vir 'n bloeiende gemeenskap. Die woord is haar mandaat. Christus is haar model. Dit bring ons by ons laaste voorstel.

Na my mening is Jesus se hantering van sy doodstraf 'n sprekende model vir alle tye en alle volke, ongeag of dit aanvaar word of nie. Ons moet hier begryp dat Jesus se kruisiging 'n heilsdaad was, maar terseldertyd het dit

---

160 Ibid., p. 56.

https://etd.uwc.ac.za

ook geskied binne die kader van die regstelsel van daardie dag. Hieruit lei ek af dat:

1) Die doodstraf is foutiewelik en onregverdig op Hom toegepas. Hy is gekruisig omdat hy verkondig het dat Hy die Messias is, wat tog die waarheid was. Die Romeinse offisier wat Jesus bewaak het, het self erken: "Hierdie man was werklik die Seun van God." (Mat 27:54). Ons kan nie hier die argument aanvaar, wat sommige skrywers aanvaar, dat Jesus die doodstraf gekondoneer het nie.

2) Alhoewel die doodstraf onregverdig aan hom opgelê is, het Jesus die swaardmag van die owerheid aanvaar. Tydens 'n debat tussen Jesus en Pilatus oor sy doodstraf vra Pilatus vir Jesus:

> "Weet jy nie ek die mag het om jou los te laat en ook die mag om jou te kruisig (die doodstraf op te lê) nie? Jesus antwoord hom: u sou geen gesag oor My gehad het as dit van Bo aan u gegee was nie..." (Johannes 19:10-11).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

3) 'n Moordenaar kan tog sy menswaardigheid herwin al kos dit die doodstraf vir sy misdaad. Hier het ons die sprekende voorbeeld van die misdadigers wat saam met Jesus ter dood veroordeel was. Die een het om vergifnis en genade by Jesus gepleit en dit is aan hom toegeken. Hy het vrede met God gemaak vir die misdaad wat hy teen God gepleeg het. Hy sou ook moontlik sy slagoffers om vergifnis voor al die skare gevra het, soos hy dit aan Jesus gedoen het, maar hieroor is die Bybel stil.

Die ander misdadiger het sonder berou en vergifnis gesterwe. Sodoende het hy sonder waardigheid gesterwe. Kan ons dus argumenteer dat die doodstraf

https://etd.uwc.ac.za

die moordenaar van sy menswaardigheid beroof? Is dit nie die keuse van die individu of hy met waardigheid wil sterwe nie?

**II. Slotsom.**

Die omvang van die debat oor die doodstraf is beslis veel wyer as wat hierdie verhandeling kon dek. Die doodstraf is 'n kontensieuse onderwerp en sal gedurig meningsverskille uitlok.

My konklusie kan as volg opgesom word:

Eerstens, dit is 'n voldonge feit dat die wet op die doodstraf tydens die "Ou Suid-Afrikaanse konteks", ook op 'n polities gekleurde wyse toegepas is en dus noodsaaklik afgeskaf moes word.
Onder die "ou wet" is menseregte grootliks geskend. Die hele juridiese stelsel was ook onder groot verdenking en is deur talle hooggeleerdes gekritiseer as 'n brutale skending van menseregte. Die doodstraf sou dus sy effek as "strafmiddel" (sodoende ook sy "afskrik-effek") verloor, omdat dit nie om *justisie* gegaan het nie, maar op 'n rassegrondslag gebaseer was. Die statistieke wat toon dat die rasse-element grootliks by die toepassing van die doodstraf betrek was, bewys dat die eintlike doel van geregtigheid ondermyn is. Die onderskeid en onregverdigheid daarvan kon gesien word in die feit dat wanneer 'n Blanke persoon geweld teen 'n Swart persoon gepleeg het, dit in die lig van *versagtende omstandighede* hanteer was. Maar wanneer 'n Swart teen Wit geweld gepleeg het, is dit as verswarende omstandighede beskou. Swartes het meestal dus die doodstraf gekry. Omdat die doodstraf grotendeels deur 'n politieke-ideologie van rassisme onderskryf is, was dit verpolitiseer en het dus die waarde as

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

*geregtigheids-middel* verloor. Verder was dit ook illegitiem omdat die owerheid wat die wette gemaak het, nie demokraties deur die meerderheid van die bevolking verkies is nie.

Die voormalige owerheid het dus geen mandaat van die bevolking gehad om te besluit oor die *kern van hulle menseregte*, naamlik die lewe, nie. Na my mening het hierdie omstandighede 'n teelaarde geskep vir wanorde en misdaad. Sodoende beskou ek die afskaffing van die doodstraf, in die politieke konteks gesien, as noodsaaklik, want sodoende kan daar nou herbesin word oor die terugkeer na *ware justisie*, onder omstandighede waar geen onderskeid getref word op grond van ras of kleur in die toepassing van straf nie. As die doodstraf as wet wel heringestel moet word, dan sal dit *legitiem* en *demokraties* toegepas word, omdat die meerderheid van die "Nuwe Suid-Afrikaanse gemeenskap" dit so verkies.

Tweedens, die opnames en statistieke toon dat die oorgrote meerderheid van die Weskaapse gemeenskap ten gunste van die doodstraf is. Wat wel kommerwekkend is, is die feit dat hierdie sieninge baie subjektief voorkom. Die sieninge word beinvloed deur emosionele implikasies wat die moord inhou. As die persoon slagoffer van moord sou wees, is sy of hy vir die doodstraf. Maar as die persoon self moord gepleeg het, dan stem sy of hy teen die doodstraf. Dit beteken dat, as daar aan die gemeenskap se eise voldoen moet word, die emosionele invloed geëlimineer moet word. Dit is opsigself 'n moeilike taak.

Die argumente wat deur beide opponente en proponente van die doodstraf aangevoer word, is baie sterk en legitiem. Die waarde van 'n persoon se lewe kan nie bereken word nie, omdat die lewe onvervangbaar is. Maar wanneer *elke lewe* van 'n persoon in die gemeenskap deur 'n *enkele* bloeddorstige

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

misdadiger bedreig word (veral as hy of sy geen waarde aan 'n ander se lewe heg nie), dan moet die massawaarde van die gemeenskap voorkeur om beskerming en beveiliging geniet. Dit is die Staat se verantwoordelikheid om anargie, wetsoortreding en wanorde, veral as dit lewens bedreig, hok te slaan.

Derdens, die gemeenskap het ook 'n verantwoordelikheid om samewerking aan die owerheid te verleen om sigself te beveilig. Die magdom van faktore wat tot misdaad en geweld bydra, soos armoede, ongelykheid (inequality), onkunde, werkloosheid, dwelmhandel en gebruik, moet deur die gemeenskap aangespreek en opgelos word. Na my mening is dit nie die absolute en volkome oplossing om misdaad uit te roei deur die doodstraf te eis of deur te bepleit dat moordenaars lewenslank opgesluit word en te sê dat die tronksleutel weggegooi moet word nie. Die gemeenskap kan nie hul verantwoordelikheid abdikeer nie. Dit is veral by hierdie magdom van faktore waar die Kerk 'n baie belangrike en leidende rol kan speel.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vierdens, is daar duidelike riglyne vanuit die Bybel dat *reg* en *geregtigheid* die regsuitsprake moet fundeer. Die lex talionis en die ander regsvorme wou onder andere hierdie *reg* en *geregtigheid* handhaaf. Uit hierdie hoek gesien, is ek ook van mening dat die Skrif nie die doodstraf totaal uitsluit nie. Die Bybel tref hier die duidelike onderskeid in die straf vir die *opsetlike* en *onopsetlike* moordenaar. Eersgenoemde word duidelik die doodstraf opgelê, terwyl laasgenoemde 'n genadekans gebied word, deurdat hy na die asielstad vir beskerming kon vlug. Die vraag wat ons in verband met die asielstad kan vra is of dit wel 'n ligter straf as die doodstraf was. Kain het tog gesê; "My straf is te swaar om te dra. U verdryf my nou van my grond af, en tot U het ek nie meer toegang nie" (Genesis 4: 13-14). Ek beskou die geestelike

https://etd.uwc.ac.za

skeiding tussen Kain en God as 'n *geestelike doodstraf*, wat veel erger as die *liggaamlike doodstraf* is, alhoewel genade ook ter sprake was.

Sou Kain eerder die fisiese doodstraf verkies as om van God, *die Bron van Lewe*, geskei te wees? Wat ook al die geval is, die doodstraf berus op die owerheid se magsbesluit. Hierdie straf word gebaseer op die prinsiep dat God die vereiste stel dat alle mense mekaar regverdig en opreg moet behandel. As geregtigheid en vrede tussen persone ontbreek dan is die wet daar, wat deur die owerheid uitgevoer moet word, om toe te sien dat geregtigheid en vrede wél heers.

Die Bybel verklaar ook dat God (alleenlik) aan die Staat as owerheid, die *swaardmag* gegee het, om wet en orde te handhaaf. Die owerheid het die swaardmag om daardeur die geskonde Goddelike beeld in die mens asook sy menswaardigheid, wat deur die moorddaad vernietig is, te herstel. Die Staat het die verantwoordelikheid om menselewens, menswaardigheid en menseregte te beskerm. As die owerheid die swaardmag deur middel van die doodstraf noodgedwonge moet uitoefen om byvoorbeeld 'n moedswillige, gewetenlose en gevoellose reeksmoordenaar te stuit, is ek van mening dat die doodstraf nie met argwaan bejeën moet word nie. Inteendeel, die swaardmag van die Staat is nie daar om vrees te bring nie. Die burgers hoef nie te vrees nie want die *strafwet* (doodstraf) doen niemand skade wat wetsgehoorsaam is nie. 'n Persoon wat wetsgehoorsaam is het volkome gemoedsrus. Romeine 13:3-4 sê tog immers:

" 'n Mens hoef nie vir die Owerheid bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen. Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen wat goed is, en die owerheid sal jou prys, want die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen het jy rede om bang te wees,

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie. **Hy is immers ook hierin die *dienaar van God* dat hy die kwaaddoeners *moet* straf".**

Geen mens het die reg om die reg in eie hande te neem nie. Alle ander God-verordende instansies, soos die Kerk, familie en die gemeenskap, moet hul aan hierdie raamwerk van God-verordende justisie onderwerp. Die Kerk en die Staat moet as vennote saamwerk om 'n harmoniese gemeenskap daar te stel. In hierdie vennootskap sien ek dit as die Kerk se primêre doel om die evangelie te verkondig en as die Staat s'n om te regeer deur wet en orde te handhaaf. Die Kerk het nie die verordende rol om te regeer nie. Net so het die Staat nie die verordende rol om te evangeliseer nie. Dit wil nie sê dat Christene nie leidende posisies in die regering moet vul nie, inteendeel, dit moet verwelkom word. Hierdie owerhede moet nie as in opposisie teenoor mekaar gesien word nie, maar albei instansies is verorden om een doel te bereik en dit is om 'n klimaat te skep waarin mense in harmonie kan lewe as waardige Goddelike Skepsels. Wanneer die owerheid van hierdie verordende rol afwyk, moet die Kerk die Staat aanspreek om terug te keer na God se verordende taak. Die Kerk moet die Staat ondersteun om op koers te bly in haar God-verordende taak. Dit is juis nou rondom die debat oor die doodstraf dat die Kerk die Staat moet vermaan (as die doodstraf onskriftuurlik afgeskaf is) of bemoedig (as dit skriftuurlik toegepas moet word).

Vyfdens, die element van vergifnis moet nie in die strafproses uitgesluit word nie. Die vraag wat ek hier wil vra is of moord werklik 'n daad is wat vergewe kan word, want vergifnis vra ook om restitusie. Kan 'n moordenaar restitusie vir die lewe van sy of haar slagoffer maak? Restitusie vereis tog dat 'n persoon reg moet maak of teruggee wat van 'n ander persoon ontneem

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

is. Uit die hoek van my Christelike siening, is ek van mening dat moord 'n misdaad waar daar wel vergifnis gebied kan word.

Die voorbeelde wat ek hiervan in die Ou Testament waarneem is veral diè van Kain en Abel, asook van Koning Dawid en sy seun Absolom. Kain het vergifnis van God ontvang en God het ook vergifnis teenoor Kain vanaf die gemeenskap vereis deurdat hy Kain 'n kenteken gegee het sodat hy nie doodgemaak sou word nie.

In II Samuel 14: 11-21 word vertel hoe koning Dawid vir Absolom uit asiel terug laat roep het (met behulp van die gemeenskap- die vrou uit Tekòa) na Jerusalem.

Die Nuwe Testamentiese skrifgedeeltes wat ons behandel het, het meestal Jesus se betrokkenheid in die episodes van die doodstraf uitgebeeld. Vergifnis en genade was Jesus se primêre benadering. Hy het selfs aan die kruis ten aanskoue van Sy eie doodstraf, 'n misdadiger vergewe. Kon Hy daardeur die boodskap van vergifnis (in die politieke arena van die Staat) aan alle mense, uitgebeeld het? Moet ons Jesus as die norm van alle norms beskou? Of moet ons soos Hannah Arendt sê:

> "Whatever criminals we forgive, we must also be able to punish; and a criminal whose crimes transcend all conceivable restitution and punishment we cannot forgive"?[161]

Die motivering van Jesus se optrede was nie polities nie, maar wel evangelies. Hy het tog gesê dat Sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie en dat sy onderdane sou veg as dit die geval was. Maar die invloed van

161 H. Arendt, The Human Condition, (Chicago: Universy of Chicago Press, 1958), p. 237-8

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Jesus se optrede het nie net impak op die geestelike gehad nie; dit getransendeer alle politieke en sosiale vlakke van alle tye. Die gesag en die doel van die evangelie moet invloed hê vanuit die kapel tot binne in die kabinet. Ek is van mening dat die Staat se besluit rondom die doodstraf daardie evangeliese gesindheid kan bevat in die oplê of afkeer van die doodstraf. As die Staat doodstraf oplê om 'n diaboliese moedswillige misdadiger uit die weg te ruim wat elke lewe bedreig, kan die optrede as "evangelies" beskou word, omdat dit die massas se lewens daardeur wil red. As die moordenaar se lewe gespaar word, omdat hy nie 'n bedreiging vir die gemeenskap is nie, kan dìe besluit ook die evangeliese gesindheid openbaar deurdat hy of sy slegs tronkstraf opgelê word.

Wat restitusie betref kan die moordenaar onmoontlik die lewe van die slagoffer herstel of teruggee. Die naaste wat die moordenaar aan restitusie kan kom is om sy eie lewe af te lê deur die doodstraf, maar dit kan nie perfekte restitusie bewerkstellig nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Sesdens, in die Suid-Afrikaanse konteks is ek van mening dat die huidige owerheid korrek begin het deur die doodstraf af te skaf, maar die proses onvolledig sal laat as dit nie heringestel word nie. Die rede, na my mening, is tweeledig: a) dit sal voldoen aan die Bybelse standpunt dat die owerheid die doodstraf mag oplê, en b) die doodstraf sal aanvaar word omdat dit sal gaan om "ware regverdigheid en geregtigheid", wat nie op 'n rasse-grondslag gebaseer sal wees nie.

Laastens, as 'n proponent van wet en orde en voorstander van die behoud van die waarde van alle menselewens as geskape na God se beeld, is my oortuiging hoofsaaklik gebaseer op my Christelike siening dat die Bybel die *reg om 'n lewe te neem*, slegs aan die Staat gee. Die lewe van 'n persoon kan

https://etd.uwc.ac.za

slegs geneem word deur die Staat as die toepassing van die doodstraf op daardie persoon die meerdere waarde van ander se lewens sal beskerm. Die doodstraf kan dus selektief toegepas word en nie as 'n roetine straf vir elke moord nie. Die Staat vermoor nie dus persone nie, maar neem lewens om 'n groter geheel te beskerm.

Hierdie *swaardmag* van die Staat moet nie gesien word as 'n brutale, gevoellose en genadelose daad of straf nie. Die waarde van menselewens moet nie deur die golwe van misdaad verlaag word nie, nog minder deur die doodstraf self. Die straf moet ten doel hê om die *waarde van menselewens* te onderstreep en daardeur in 'n meerdere mate te herstel. Elke mens is na die beeld van God geskape en hierdie Goddelike Beeld het onvervangbare waarde. Slegs God (en dié aan wie Hy dit toevertrou het) het die reg om lewe te neem. Enige ander persoon of instansie wat hierdie reg dwarsboom, moet besef dat dit is slegs genade en niks anders is nie wat hulle van die wraak van God of sy verordende instansies sal red.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die besluit om die doodstraf op te lê of nie is nie 'n maklike besluit nie. Aan beide kante daarvan is lewens betrokke. Word die een bevoordeel, dan word die ander benadeel.

Dit is 'n besluit wat soms grens aan 'n bowe-aardse besluit. Dit is seker een van die moeilikste besluite wat aan die mens gedelegeer is, omdat dit terselfdertyd ook 'n tipe Godsbesluit is. Die digter Totius (J.D. Du Toit) was seker reg om hierdie tipe besluite, wat ook betrekking op die doodstraf het, as volg te beskryf:

"Bo al U donker bome o Heer
groei my 'n enk'le reusboom uit:
dit is die wag-'n-bietjiebos
van u besluit.

https://etd.uwc.ac.za

Van ver so skoon, so groen, so blink.

maar hoe verward

wanneer ek dieper kyk en dink

as wat 'n sondaar pas.

En steek ek dan my hande uit

na u besluit,

dan gryp ek in die dorings vas.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## BIBLIOGRAFIE


Albright, W.F. & Mann, C.S. Matthew, (Garden City, New York: Doubleday, 1971).

Algemene Kerkbode. (10 Februarie, 1995).

Algemene Kerkbode. (13/14 September, 1996).

Allen, R.B. "Numbers", in The Expositors Bible Commentary, Vol 2, F.E. Gaebelein (ed), (Grand Rapids, Michigan: Zondervan, 1990).

Alt, Albrecht. *"The origins of Israelite Law"* in Essays on Old Testament History and Religion trans. R.A. Wilson, (Oxford, Blackwell, 1966), pp. 79-132.

Arendt, H. The Human Condition, (Chicago: University of Chicago Press, 1958).

Blinzler, J. "Die Strafe für Ehebruch in Bibel und Halacha zur Auslegung von Joh.VIII 5", (NTS 4, 1957-8), pp. 32-47.

Boecker, H.J. Law and the Administration of Justice in the Old Testament and Ancient East, trans. Jeremy Moiser, (London: SPCK, 1980).

Brown, R.E. The Gospel according to John XIII-XXI, (The Anchor Bible Commentary), (Garden City, New York: Doubleday, 1970).


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Brown, R.E. The Gospel according to John I-XII, (The Anchor Bible Commentary), (Garden City, New York: Doubleday, 1966).

Bruce, F.F. Romans, (Tyndale New Testament Commentary), (Leicester, England: Intervarsity Press, 1983).

Brueggemann, W. Genesis, (A Bible Commentary for Teaching and Preaching), (Atlanta: John Knox Press, 1982).

Burden, J & Deist, F. Kom ons doen Bybelstudie, (Pretoria: Acacia, 1988).

Burger, Metropool, (3 September, 1995).

Buttrick, G. (ed.) The Interpreters Bible, Volume 1. (Tennesee: The Parthenon Press, 1984).

Cassuto, U. A Commentary on the Book of Exodus, (Jerusalem: The Magnes Press, 1987).

Clements, R.E. Exodus: The Cambridge Bible Commentary, (Cambridge: Cambridge University Press, 1972).

Conuse, R. "The Bible and Capital Punishment", in Blueprint for Social Justice, (1982), pp. 1-12.

Childs, B.S. Exodus, (London: SCM, 1987).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Craigie, P.C. The Book of Deuteronomy, (The New International Commentary on the Old Testament), (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 1976).

Cranfield, C.E.B. Romans: A Shorter Commentary, (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 1985).

Cranfield, C.E.B. Romans, Vol II (ICC), (Edinburgh: T & T Clark, 1983).

Derrett, J.D.M. "The Story of the Woman taken in Adultery", in Law in the New Testament, (NTS 10, 1963-64), pp. 156-188.

Deurloo, K.A. Kain en Abel, (Amsterdam: W.Ten Have, 1967).

Dugard, J. Human Rights and the South African Legal Order. (Princeton, New Jersey: Princeton University Press, 1977).

Du Toit, Dr D.A.: "Etiek en die Ou Testament", in, Die Ou Testament Vandag, ed. D.H. Odendaal, B.A. Muller en H.J.B. Combrink, (Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers, 1979), pp. 88-97.

Frey, H. In den Beginne: Verklaring van de Hoofstukken 1-11 van het Boek Genesis, (Stellenbosch: T.Wever, 1950).

Ginzberg. The Legends of the Jews, Vol. 1, (Philadelphia: Jewish Publication Society, 1947).

Haas, P. "Die He Shall Surely Die: The Structure of Homicide in Biblical Law", Semeia 45, (1989), pp. 67-87.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Harrison, F.E. "Romans", in The Expositors Bible Commentary, vol 10, F.E. Gaebelein (ed), (Grand Rapids, Michigan: Zondervan, 1976).

Jeremias, J. "Rhaka", in TDNT, G. Kittel (ed), (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 1986), pp. 983- 984.

Jeremias, J. "Zur Geschichtlichkeit der Verhörs Jesu vor dem Hohen Rat", (ZNW 43, 1950-51), pp. 148-150.

Käsemann, E. Commentary on Romans, trans. G.F. Bromiley, (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 1980).

Käsemann, E. New Testament Questions for Today, trans. W.J. Montague, (Philadelphia: Fortress Press, 1961).

Luz, U. Matthew 1-7 , (A Commentary), trans. W.C. Linss, (Minneapolis: Augsbury, 1989).

Lekkerkerker, A.F. De Brief van Paulus aan de Romeinen II, (Nijkerk: G.F. Callenbach, 1971).

Marshall, H. The Gospel of Luke: A Commentary on the Greek Text, (Exeter: The Paternoster Press, 1978).

Mendenhall, G.E.: "Ancient Oriental and Biblical Law", (B.A. 17, 1954), pp. 26-46.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

MIOVS: Wes-Kaap streek. Gehanteer deur A.K. A De Wit (Verwysing 29/2/6).

Motyer, J.A. "Civil Law & Justice in Bible Times", in Evangelical Dictionary, G. Elwell (ed), (Grand Rapids, Michigan: Baker Book House, 1987), pp. 246-248.

Niebuhr, H.R. Christ and Culture, (New York: Harper and Row, 1951).

Noth, M.: The Deuteronomistic History, trans. J Doull, (Sheffield: JSOT Press, 1981).

Noth, M. Numbers (Old Testament Library), trans. J.D. Martin, ( London: SCM Press, 1968).

Noordtzij, A. Numbers, (Bible Students Commentary), trans. E. van der Maas, (Grand Rapids, Michigan: Regency, 1983).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Patrick, D. Old Testament Law, (London: SCM Press, 1986)

"Perspektiewe oor die Doodstraf", Tygerberg Radio, (20 Augustus, 1996).

Phillips, A. "A Fresh Look at the Sinai Pericope", Part 2, (Vetus Testamentum 34, 1984), pp. 282-294.

Phillips, A. Ancient Israel's Criminal Law, (Oxford: Basil Blackwell, 1970).

Plummer, A. Luke, (ICC), (Edinburgh: T & T Clark, 1981).

https://etd.uwc.ac.za

Rawlinson, G. Exodus, (A Commentary on the Whole Bible), Vol 1, Charles J. Elliot (ed), (Grand Rapids: Zondervan Publishing House), pp. 285-295.

Retief, F. Tragedy to Triumph: A Christian Response to Trials and Suffering, (Cape Town: Struik Christian Books, 1994).

Robertson, A.T. Word Pictures in the New Testament, vol. IV, (Nashville, Tennessee: Broadmann Press, 1931).

Sailhamer, J.H. "Genesis", in The Expositors Bible Commentary, Vol.2, F.E. Gaebelein, (ed), (Grand Rapids, Michigan: Zonderman Publishing House, 1990).

Sanday, W. & Headlam, A. Romans, ICC, (Edinburgh: T & T Clark, 1971).

Schapera, I. "The Sin of Cain", in Anthropological Approaches to the Old Testament, A.B. La Kort & S. Morschauser, (eds.), (1985), pp 26-41.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Schluter, M. & Clements, R. "Jubilee Institutional Norms: A middle way between Creation Ethics and the basis for Chrisitain Political Action", in The Evangelical Quarterly No 62, (1990), pp. 37-62.

Schnackenburg, R. The Gospel according to St. John, vol 2, trans. C. Hastings, et.al, (London, Tunbridge Wells: Burns & Oates, 1979).

Sloth-Nielsen, J. "Legal Violence: Corporal and Capital Punishment",in People and Violence in South Africa, McKendrick, B. and Hoffman, W. (eds), (Cape Town: Oxford University Press, 1990).

https://etd.uwc.ac.za

Speiser, E.A. Genesis, (The Anchor Bible Commentary), (Garden City, New York: Doubleday, 1964).

Stamm, J.J."Sprachliche Erwägungen zum Gebot 'Du sollstnicht töten'", TZ 1, 1945) pp 81-90.

Strafproseswet, No. 51 van 1977, artikel 277, Appendiks A.

Televisie Nuusprogram, (4 September, 1996), 8nm.

Tenney, M.C. New Testament Survey, (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 1983).

Van Selms, A. Die God Van Die Ou Testament, (Pretoria: Universiteit Van Suid-Afrika, 1980).

Von Rad, G. Deuteronomy, trans. D. Barton, (London: SCM Press, 1974).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Weinfeld, M. Deuteronomy and the Deuteronomic School, (Oxford: Clarendon Press, 1972).

Wessels, C. "Is die Doodstraf 'n Oplossing?", Sarie, (23 November 1994), pp. 12-16.

Westermann, C. Genesis 1-11, trans. John J. Scullion S.J, (Minneapolis, Augsburg: SPCK, 1984).

William, A. "Christian Ethics and Capital Punishment: A Reflection", Journal of Religious Thought, 49, (1992), pp. 59-77.

https://etd.uwc.ac.za

Wright, C. Living as the People of God: The Relevance of Old Testament Ethics, (Leicester: Inter-Varsity Press, 1983).

Yoder, J.H. & House, W.H. The Death Penalty Debate: Two Opposing Views of Capital Punishment, (Dallas: Word Publishing, 1991).

Zimmerli, W. Die Urgeschichte 1.Mose 1-11, (ZÜrcher BibelKommentare), (Zürich: Zwingli Verlag, 1967).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## WERKE GERAADPLEEG

Barclay, O.R. "The Theology of Social Ethics: A Survey of Current Positions", Evangelical Quarterly, vol.62, (Parternoster Press, 1990), pp. 63-86.

Bekker, P.M. "Die Doodvonnis voor en na 27 Julie 1990", Tydskrif vir die S.A. Reg, (Kaapstad: Juta & Kie, 1993), pp. 57-71.

Budd, J.P. Numbers: Word Biblical Commentary, vol. 5, (Waco, Texas: Word Books, 1984).

Caylor, D.K. "Capital Punishment: a different Christian Perspective", Reformed Journal 36, No 7 (July, 1986), pp. 10-12.

Cronin, K. "Rights and Christian Ethics", Theological Foundations of Rights Language, (Cambridge: Cambridge University Press, 1992).

Dake, N.P. "Who Deserves to Live? Who Deserves To Die? : Reflection on Capital Punishment", Currents in Theology & Mission 10, (1983), pp. 67-77.

Du Toit, A. "Thinking About Who Is To Die: The Problem Of Double Standards", The Sanctity of Human Life, (Cape Town: Rustica Press, 1984), pp. 38-41.

Du Toit, E. "Die Doodvonnis: 'n Nuwe Benadering", Consultus, ( April, 1992), pp. 19-21.

https://etd.uwc.ac.za

Dyrness, W. "Ethics", in Themes in Old Testament Theology, (Exeter: The Paternoster Press, 1973), pp. 171-186.

Falls, M. "Against the Death Penalty: A Christian Stance in a Secular World", The Christian Century 103, No 38, (1986), pp. 1118-1119.

Fremont, E. The Gospel according to Luke: Exposition & Application, (New York: Harper & Brothers, 1951).

Keil, C.F. and Delitzsch, F. The Pentateuch, (Commentary on the Old Testament), (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 1975), pp. 396-489.

Kittel, Gerhard, (ed), Theological Dictionary of the New Testament IV, (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 1967).

Koll, M. The Morality of Killing, (New Jersey: Humanities Press, 1974).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Kyle McCarter, P., II Samuel, The Anchor Bible Commentary, (Garden City, New York: Doubleday, 1984).

Llewellyn, D. "Restoring the Death Penalty: Proceed with Caution", Christianity Today 19, (23 May 1975), pp. 10-17.

Wills, L. "The Jew in the Court of the Foreign King", in Methodology in the Study of Jewish Court Legends, M.R. Miles and B.J. Brooten (ed.), (Minneapolis: Fortress Press, 1990), pp. 18-23.

https://etd.uwc.ac.za

273. **Getuienis van nadere besonderhede betreffende vorige veroordeling.**—Wanneer 'n hof in strafregtelike verrigtinge besonderhede of nadere besonderhede of opheldering van 'n vorige veroordeling verlang wat deur 'n beskuldigde by daardie verrigtinge erken is of teen hom bewys is, is—

(*a*) 'n telegram wat voorgee versend te gewees het deur die bevelvoerende offisier van die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro of deur 'n hof binne die Republiek; of

(*b*) 'n dokument wat voorgee as juis gewaarmerk te wees deur die in paragraaf (*a*) bedoelde offisier of deur 'n griffier of klerk van 'n hof binne die Republiek of deur 'n beampte in beheer van 'n gevangenis binne die Republiek,

en wat voorgee sodanige besonderhede of sodanige opheldering te verstrek, by blote voorlegging daarvan by die betrokke verrigtinge toelaatbaar as *prima facie*-bewys van die feite daarin vervat.

## HOOFSTUK 28

### VONNIS

274. **Getuienis oor vonnis.**—(1) 'n Hof kan, voordat hy vonnis oplê, die getuienis aanhoor wat hy goedvind ten einde homself in te lig oor die gepaste straf om op te lê.

(2) Die beskuldigde kan die hof toespreek oor getuienis wat kragtens subartikel (1) aangehoor is, asook oor die aangeleentheid van die vonnis, en daarna kan die vervolging die hof insgelyks toespreek.

275. **Vonnis deur ander regterlike amptenaar as regterlike amptenaar wat skuldig bevind.**—Indien 'n beskuldigde nie onmiddellik by skuldigbevinding in 'n laer hof vonnis opgelê word nie, of indien, vanweë 'n beslissing of bevel van 'n hoër hof by appèl, hersiening of andersins, dit nodig is om 'n vonnis wat in 'n laer hof opgelê is, te wysig of iets daarby te voeg of om opnuut vonnis in so 'n hof op te lê, kan enige regterlike amptenaar van daardie hof, by afwesigheid van die regterlike amptenaar wat die beskuldigde skuldig bevind of, na gelang van die geval, die vonnis opgelê het, en na oorweging van die aangetekende getuienis en in die aanwesigheid van die beskuldigde, die beskuldigde 'n vonnis oplê of die ander stappe doen wat die afwesige regterlike amptenaar regtens in die betrokke verrigtinge sou kon gedoen het indien hy nie afwesig was nie.

276. **Aard van strawwe.**—(1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet en van 'n ander wet of van die gemene reg, kan die volgende strawwe iemand opgelê word wat weens 'n misdryf skuldig bevind word, naamlik—

(*a*) die doodvonnis;

(*b*) gevangenisstraf, met inbegrip van lewenslange gevangenisstraf of gevangenisstraf vir 'n onbepaalde tydperk soos bedoel in artikel 286B (1);

[Par. (*b*) vervang deur a. 3 van Wet No. 107 van 1990 en deur a. 20 van Wet No. 116 van 1993.]

(*c*) periodieke gevangenisstraf;

(*d*) verklaring tot gewoontemisdadiger;

(*e*) verwysing na 'n inrigting by wet ingestel;

(*f*) 'n boete;

(*g*) lyfstraf;

(*h*) korrektiewe toesig;

[Par. (*h*) bygevoeg deur a. 41 (*a*) van Wet No. 122 van 1991.]

(*i*) gevangenisstraf waaruit so iemand na goeddunke deur die Kommissaris onder korrektiewe toesig geplaas kan word.

[Par. (*i*) bygevoeg deur a. 41 (*a*) van Wet No. 122 van 1991.]

(2) Behoudens andersluidende uitdruklike bepalings van hierdie Wet, word geen bepaling daarvan uitgelê as sou dit—

(*a*) aan 'n hof bevoegdheid verleen om 'n ander vonnis of 'n hoër vonnis op te lê as die vonnis wat daardie hof ten opsigte van 'n misdryf mag oplê nie; of



https://etd.uwc.ac.za

(*b*) afbreuk doen aan 'n bevoegdheid wat by wet spesiaal aan 'n hof verleen word om 'n ander vonnis op te lê, of om 'n verbeuring benewens 'n ander vonnis te gelas nie.

(3) Ondanks enige andersluidende wetsbepalings word die bepalings van subartikel (1) nie so uitgelê as sou dit die hof verbied—

(*a*) om gevangenisstraf saam met korrektiewe toesig op te lê nie; of

(*b*) om 'n straf in subartikel (1) (*h*) of (*i*) bedoel ten opsigte van enige misdryf op te lê nie.

[Sub-a. (3) bygevoeg deur a. 41 (*b*) van Wet No. 122 van 1991 en vervang deur a. 18 (1) van Wet No. 139 van 1992.]

**276A. Oplegging van korrektiewe toesig, en omskepping van gevangenisstraf in korrektiewe toesig en *vice versa*.**—(1) Straf word slegs kragtens artikel 276 (1) (*h*) opgelê—

(*a*) nadat 'n verslag van 'n proefbeampte of 'n korrektiewe beampte voor die hof geplaas is; en

(*b*) vir 'n bepaalde tydperk wat nie drie jaar te bowe gaan nie.

(2) Straf word slegs kragtens artikel 276 (1) (*i*) opgelê—

(*a*) indien die hof van oordeel is dat die misdryf die oplegging regverdig van gevangenisstraf, met of sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar; en

(*b*) vir 'n bepaalde tydperk wat nie vyf jaar te bowe gaan nie.

(3) (*a*) Waar iemand deur 'n hof gevonnis is tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van—

(i) hoogstens vyf jaar; of

(ii) meer as vyf jaar, maar sy vrylatingsdatum ingevolge die bepalings van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig hoogstens vyf jaar in die toekoms is,

kan die Kommissaris, indien hy van oordeel is dat so iemand geskik is om aan korrektiewe toesig onderwerp te word, by die klerk of griffier van die hof, na gelang van die geval, aansoek doen dat daardie persoon voor die hof *a quo* verskyn ten einde genoemde vonnis te heroorweeg.

[Par. (*a*) gewysig deur a. 46 (*a*) van Wet No. 129 van 1993.]

(*b*) By ontvangs van 'n aansoek bedoel in paragraaf (*a*) plaas die klerk of griffier van die hof, na gelang van die geval, na oorlegpleging met die aanklaer, die saak vir 'n bepaalde datum op die betrokke hof se rol.

[Par. (*b*) vervang deur a. 46 (*b*) van Wet No. 129 van 1993.]

(*c*) Die klerk of griffier van die hof, na gelang van die geval, moet vir doeleindes van die heroorweging van die vonnis ooreenkomstig hierdie subartikel—

(i) die oorkonde van die saak binne 'n redelike tyd voor die datum in paragraaf (*b*) bedoel aan die regterlike amptenaar wat die vonnis opgelê het of, indien hy nie beskikbaar is nie, 'n ander regterlike amptenaar van dieselfde hof, voorlê: Met dien verstande dat indien die getuienis in die saak op meganiese wyse opgeneem is, slegs die gedeeltes van die oorkonde wat deur so 'n regterlike amptenaar as nodig aangedui word, vir die doeleindes van hierdie subartikel getranskribeer word;

(ii) die Kommissaris skriftelik kennis gee van die datum waarvoor die saak op die rol geplaas is en hom versoek om hom voor daardie datum van 'n skriftelike gemotiveerde aanbeveling vir voorlegging aan die regterlike amptenaar te voorsien; en

(iii) enige aanbeveling in subparagraaf (ii) bedoel aan daardie regterlike amptenaar voorlê.

[Par. (*c*) gewysig deur a. 46 (*c*) van Wet No. 129 van 1993.]

(*d*) Wanneer 'n hof 'n vonnis ingevolge hierdie subartikel heroorweeg, beskik hy oor dieselfde bevoegdhede asof hy vonnis na skuldigbevinding van 'n persoon oorweeg en die prosedure wat by sodanige verrigtinge gevolg word, is *mutatis mutandis* by so 'n heroorweging van toepassing: Met dien verstande dat indien die betrokke persoon skriftelik daartoe instem, die verrigtinge in hierdie subartikel beoog in sy afwesigheid afgehandel kan word: Met dien verstande voorts dat hy nogtans by sodanige verrigtinge verteenwoordig kan word of skriftelik vertoë aan die hof kan laat voorlê.

**vervolg op bladsy 1142**



https://etd.uwc.ac.za

(*e*) Nadat 'n hof 'n vonnis ingevolge hierdie subartikel heroorweeg het, kan hy—

(i) die vonnis of bevel van die hof *a quo* bekragtig;

(ii) die vonnis in korrektiewe toesig omskep op die voorwaardes wat hy goedvind; of

(iii) enige ander gepaste vonnis oplê:

Met dien verstande dat laasgenoemde vonnis, indien gevangenisstraf, nie die tydperk van die onverstreke gedeelte van gevangenisstraf wat op daardie tydstip nog uitgedien moet word, te bowe mag gaan nie.

(4) (*a*) 'n Hof wat aan 'n persoon 'n straf bedoel in subartikel (1) of (2) opgelê het of sy vonnis omskep het kragtens subartikel (3) (*e*) (ii), hetsy anders saamgestel al dan nie, kan te eniger tyd, indien dit op grond van 'n gemotiveerde aanbeveling deur 'n proefbeampte of die Kommissaris bevind word dat daardie persoon nie geskik is om aan korrektiewe toesig onderworpe te wees of die opgelegde straf uit te dien nie, daardie straf heroorweeg en 'n ander gepaste straf oplê.

(*b*) Die prosedure in subartikel (3) bedoel, is *mutatis mutandis* van toepassing by die heroorweging van 'n straf kragtens hierdie subartikel.

[A. 276A ingevoeg deur a. 42 van Wet No. 122 van 1991.]

277. **Doodvonnis.**—(1) Die doodvonnis kan opgelê word slegs deur 'n hoër hof en slegs in die geval van 'n skuldigbevinding weens—

(*a*) moord;

(*b*) hoogverraad gepleeg wanneer die Republiek in 'n staat van oorlog verkeer;

(*c*) roof of poging tot roof, indien die hof bevind dat verswarende omstandighede aanwesig was;

(*d*) menseroof;

(*e*) kinderdiefstal;

(*f*) verkragting.

(2) Die doodvonnis word opgelê—

(*a*) nadat die voorsittende regter tesame met die assessore (as daar is), behoudens die bepalings van artikel 145 (*a*), of, in die geval van 'n verhoor deur 'n spesiale hoër hof, daardie hof, met inagneming van enige getuienis en betoë oor vonnis ingevolge artikel 274, 'n bevinding uitgebring het oor die aan- of afwesigheid van enige strafversagtende of -verswarende faktore; en

(*b*) indien die voorsittende regter of hof, na gelang van die geval, met inagneming van daardie bevinding, oortuig is dat die doodvonnis die gepaste vonnis is.

(3) (*a*) Die doodvonnis word nie opgelê nie aan 'n beskuldigde wat ten tyde van die verrigting van die handeling wat die betrokke misdryf uitgemaak het, onder die ouderdom van 18 jaar was.

(*b*) Indien by die toepassing van paragraaf (*a*) die ouderdom van 'n beskuldigde in geskil geplaas word, rus die bewyslas op die Staat om bo redelike twyfel te bewys dat die beskuldigde op die relevante tydstip 18 jaar oud of ouer was.

[A. 277 vervang deur a. 4 van Wet No. 107 van 1990.]

278. **Doodvonnis op swanger vrou.**—(1) Wanneer die doodvonnis 'n vrou opgelê word, kan sy te eniger tyd na oplegging van die vonnis aansoek doen om 'n bevel dat voltrekking opgeskort word op grond daarvan dat sy swanger is met 'n lewende kind.

(2) Indien so 'n aansoek gedoen word, gelas die hof dat een of meer behoorlik geregistreerde geneeshere die vrou in 'n private plek ondersoek, hetsy gesamentlik of na mekaar, ten einde vas te stel of sy swanger is met 'n lewende kind al dan nie.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

(3) Indien dit uit die beëdigde verslag van enigeen van hulle blyk dat die vrou swanger is met 'n lewende kind, gelas die hof dat voltrekking van die vonnis opgeskort word totdat sy aan die kind geboorte gegee het of totdat dit nie langer volgens beloop van die natuur moontlik is dat sy aldus geboorte sal gee nie.

279. **Wyse waarop doodvonnis uitgevoer word.**—(1) (*a*) So gou doenlik nadat 'n doodvonnis opgelê is, reik die regter wat die vonnis opgelê het of 'n ander regter van die betrokke hof 'n lasbrief aan die balju of sy adjunk uit vir die voltrekking van die vonnis.

(*b*) Bedoelde lasbrief word nie uitgevoer nie totdat die Minister in 'n deur hom ondertekende geskrif aan die balju of sy adjunk kennis gegee het dat—

(i) die Appèlafdeling van die Hooggeregshof die doodvonnis bekragtig het; en

(ii) die Staatspresident besluit het om nie die ter dood veroordeelde persoon te begenadig nie.

[Par. (*b*) vervang by a. 5 van Wet No. 107 van 1990.]

(2) So spoedig na die ontvangs deur die balju of sy adjunk van die in subartikel (1) (*b*) bedoelde kennisgewing as wat geskikte reëlings getref kan word vir die voltrekking van die vonnis in of binne die mure van 'n gevangenis wat ingevolge artikel 35 (1) van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), aangewys is, moet die balju of 'n adjunk-balju die ingevolge subartikel (1) (*a*) aan hom uitgereikte lasbrief uitvoer: Met dien verstande

vervolg op bladsy 1144

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

dat die balju of adjunk-balju bedoelde lasbrief nie uitvoer nie indien die Minister te eniger tyd by skriftelike kennisgewing onder sy naamtekening die balju of die adjunk-balju in kennis stel dat die Staatspresident besluit het om die ter dood veroordeelde persoon te begenadig, en so 'n kennisgewing word vir alle doeleindes geag 'n intrekking van bedoelde lasbrief te wees.

(3) Die Minister kan, hetsy in die algemeen of in 'n bepaalde geval, gelas dat 'n doodvonnis voltrek word op 'n aangewese plek wat ingevolge artikel 35 (1) van genoemde Wet op Gevangenisse, 1959, aangewys is, en wat geleë is binne die regsgebied van 'n ander hof as die hof wat bedoelde vonnis opgelê het, en daarop handel die balju of sy adjunk wat aangestel is vir die gebied waarin bedoelde plek geleë is, ooreenkomstig die bepalings van subartikels (1) en (2).

(4) Die wyse van voltrekking van die doodvonnis is dat die ter dood veroordeelde persoon aan die nek opgehang word totdat die dood intree.

**280. Kumulatiewe of saamlopende vonnisse.**—(1) Wanneer iemand by 'n verhoor aan twee of meer misdrywe skuldig bevind word of wanneer iemand wat gevonnis staan te word of wat straf ondergaan aan 'n ander misdryf skuldig bevind word, kan die hof hom veroordeel tot die verskillende strawwe vir daardie misdrywe of, na gelang van die geval, tot die straf vir so 'n ander misdryf, wat die hof bevoeg is om op te lê.

(2) Bedoelde strawwe, wanneer hulle uit gevangenisstraf bestaan, neem 'n aanvang die een na die verstryking, tersydestelling of kwytskelding van die ander in die volgorde wat die hof gelas, tensy die hof gelas dat sodanige gevangenisstrawwe saamloop.

[Sub-a. (2) vervang deur a. 47 (*a*) van Wet No. 129 van 1993.]

(3) Bedoelde strawwe, wanneer hulle uit korrektiewe toesig bedoel in artikel 276 (1) (*h*) bestaan, neem 'n aanvang die een na die verstryking, tersydestelling of kwytskelding van die ander in die volgorde wat die hof gelas, tensy die hof gelas dat sodanige strawwe van korrektiewe toesig saamloop: Met dien verstande dat indien sodanige strawwe gesamentlik 'n tydperk van drie jaar te bowe gaan, 'n tydperk van hoogstens drie jaar vanaf die datum waarop die eerste van bedoelde strawwe in werking getree het, uitgedien word, tensy die hof by die oplegging van vonnis anders gelas.

[Sub-a. (3) bygevoeg deur a. 47 (*b*) van Wet No. 129 van 1993.]

**281. Uitleg van sekere bepalings in wette met betrekking tot gevangenisstraf en boetes.**—By die uitleg van 'n bepaling in 'n wet (behalwe 'n Wet van die Parlement op of na die eerste dag van September 1959 aangeneem of iets wat ingevolge bevoegdhede deur so 'n Wet verleen, verorden is), vir sover dit 'n straf vir 'n misdryf voorskryf of die bevoegdheid verleen om so 'n straf voor te skryf, word 'n verwysing in daardie wet—

(*a*) na gevangenisstraf met of sonder 'n vorm van arbeid, as 'n verwysing na slegs gevangenisstraf uitgelê;

(*b*) na 'n tydperk van gevangenisstraf vir minder as drie maande wat by die oplê of voorskryf van gevangenisstraf nie te bowe gegaan mag word nie, as 'n verwysing na 'n tydperk van gevangenisstraf van drie maande uitgelê;

(*c*) na 'n boete van minder as vyftig rand wat by die oplê of voorskryf van 'n boete nie te bowe gegaan mag word nie, as 'n verwysing na 'n boete van vyftig rand uitgelê.

**282. Terugdatering van vonnis van gevangenisstraf.**—Wanneer—

(*a*) die doodvonnis; of

(*b*) 'n vonnis van gevangenisstraf,

wat iemand by skuldigbevinding aan 'n misdryf opgelê is, op appèl of hersiening tersyde gestel word en bedoelde persoon daarna 'n vonnis van gevangenisstraf of 'n ander vonnis van gevangenisstraf in die plek van die vonnisse onderskeidelik in paragraaf (*a*) of (*b*) bedoel ten opsigte van daardie misdryf, of enige ander misdryf wat daardie misdryf op appèl of hersiening vervang, opgelê word, kan die vonnis wat later opgelê word, indien die hof wat dit oplê oortuig is dat die betrokke persoon 'n tydperk in die gevangenis in afwagting van die voltrekking van die vonnis in paragraaf (*a*) bedoel, deurgebring het of 'n gedeelte van



https://etd.uwc.ac.za

die vonnis in paragraaf (*b*) bedoel, uitgedien het, deur die hof teruggedateer word na 'n bepaalde datum, wat nie vroeër is as die datum waarop die vonnisse in paragrawe (*a*) en (*b*) bedoel opgelê is nie, en daarop word die vonnis wat later opgelê is, geag op die aldus bepaalde datum opgelê te gewees het.

[A. 282 vervang deur a. 13 van Wet No. 5 van 1991 en gewysig deur a. 48 van Wet No. 129 van 1993.]

**283. Diskresie van hof met betrekking tot strawwe.**—(1) Iemand wat met lewenslange gevangenisstraf of met gevangenisstraf vir 'n tydperk strafbaar is, kan tot gevangenisstraf vir 'n korter tydperk veroordeel word, en iemand wat met 'n boete van enige bedrag strafbaar is, kan tot 'n boete van 'n laer bedrag veroordeel word.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie met betrekking tot 'n misdryf waarvoor 'n minimum straf voorgeskryf word in die wetsbepaling wat die misdryf skep of 'n straf daarvoor voorskryf.

**284. Minimum tydperk van gevangenisstraf vier dae.**—Niemand word deur 'n hof tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minder as vier dae gevonnis nie tensy die vonnis is dat die betrokke persoon aangehou word totdat die hof verdaag.

**285. Periodieke gevangenisstraf.**—(1) 'n Hof wat iemand skuldig bevind aan 'n ander misdryf as 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n wet 'n minimum straf voorskryf, kan, in die plek van enige ander straf, so iemand veroordeel om, ooreenkomstig die wetsbepalings op gevangenisse, periodieke gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens honderd uur en hoogstens tweeduisend uur te ondergaan.

(2) (*a*) Die hof wat iemand periodieke gevangenisstraf oplê, moet 'n skriftelike kennisgewing aan hom laat beteken wat hom gelas om hom op 'n datum en tyd in die kennisgewing vermeld of (indien hy deur omstandighede buite sy beheer verhoed word om dit te doen) so spoedig moontlik daarna, aan die beampte in bevel van 'n aldus vermelde plek, hetsy binne of buite die regsgebied van die hof, oor te gee ten einde daardie gevangenisstraf te ondergaan.

(*b*) Die hof wat iemand verhoor op 'n aanklag van oortreding van subartikel (4) (*a*) moet, behoudens subartikel (5), 'n kennisgewing soos beoog in paragraaf (*a*) aan daardie persoon laat beteken.

[Par. (*b*) bygevoeg deur a. 16 van Wet No. 33 van 1986.]

(3) 'n Afskrif van genoemde kennisgewing dien as 'n lasbrief vir die inbewaringneming van die veroordeelde persoon deur bedoelde beampte.

(4) Iemand wat—

(*a*) sonder regmatige verskoning, waarvan die bewyslas op hom rus, in gebreke bly om 'n kennisgewing kragtens subartikel (2) uitgereik, te gehoorsaam; of

(*b*) onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels of iets dergeliks is wanneer hy hom oorgee om periodieke gevangenisstraf te ondergaan; of

(*c*) hom uitgee vir, of valslik voordoen as, iemand wat gelas is om hom oor te gee om periodieke gevangenisstraf te ondergaan,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

(5) Indien, voor die verstryking van periodieke gevangenisstraf wat 'n persoon weens 'n misdryf opgelê is, daardie persoon 'n straf van 'n ander vorm van aanhouding deur 'n hof opgelê, ondergaan, moet 'n landdros voor wie hy gebring word die onverstreke gedeelte van die periodieke gevangenisstraf tersyde stel en kan hy, na oorweging van die getuienis ten opsigte van genoemde misdryf genotuleer, in die plek van daardie onverstreke gedeelte 'n straf oplê wat binne die perke val van sy regsbevoegdheid en van 'n straf by 'n wetsbepaling voorgeskryf as 'n straf vir daardie misdryf.

**286. Verklaring van sekere persone tot gewoontemisdadigers.**—(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), kan 'n hoër hof of 'n streekhof wat 'n persoon aan een of



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

(*f*) Behoudens die bepalings van paragraaf (*g*) is die inhoud van die verslag by strafregtelike verrigtinge as getuienis toelaatbaar.

(*g*) 'n Verklaring wat deur 'n beskuldigde by die ondersoek gedoen word, is nie by strafregtelike verrigtinge as getuienis teen die beskuldigde toelaatbaar nie, behalwe in die mate waarin dit relevant is by die bepaling van die vraag of die beskuldigde 'n gevaarlike misdadiger is of nie, in welke geval so 'n verklaring toelaatbaar is nieteenstaande dat dit andersins ontoelaatbaar is.

(*h*) 'n Psigiater wat kragtens paragraaf (*a*) aangestel is, behalwe 'n psigiater deur 'n beskuldigde aangestel, word, behoudens die bepalings van paragraaf (*i*), aangestel uit die in artikel 79 (9) bedoelde lys van psigiaters.

(*i*) Waar die lys wat ingevolge artikel 79 (9) opgestel en gehou word, nie 'n voldoende getal psigiaters bevat wat gerieflikerwys vir 'n ondersoek ingevolge hierdie subartikel aangestel kan word nie, kan 'n psigiater vir die doeleindes van so 'n ondersoek aangestel word nieteenstaande dat sy naam nie op bedoelde lys verskyn nie.

(*j*) 'n Psigiater wat ingevolge paragraaf (*a*) aangewys of aangestel is en wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, word vir sy dienste in verband met die ondersoek, met inbegrip van die lewering van getuienis, uit staatsgeld vergoed ooreenkomstig 'n tarief deur die Minister in oorleg met die Minister van Staatsbesteding bepaal.

(*k*) By die toepassing van hierdie subartikel beteken 'n psigiater iemand wat as 'n psigiater kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), geregistreer is.

(4) (*a*) Indien die bevinding in die verslag vervat die eenparige bevinding van die persone is wat ingevolge subartikel (3) die ondersoek ingestel het en die bevinding nie deur die aanklaer of die beskuldigde betwis word nie, kan die hof die aangeleentheid op bedoelde verslag beslis sonder om verdere getuienis aan te hoor.

(*b*) Indien bedoelde bevinding nie eenparig is nie of, indien eenparig, deur die aanklaer of die beskuldigde betwis word, beslis die hof die aangeleentheid na die aanhoor van getuienis, en die aanklaer en die beskuldigde kan te dien einde getuienis aan die hof voorlê, met inbegrip van die getuienis van 'n persoon wat ingevolge subartikel (3) (*a*) die ondersoek ingestel het.

(*c*) Waar bedoelde bevinding betwis word, kan die party wat die bevinding betwis 'n persoon dagvaar en kruisvra wat ingevolge subartikel (3) (*a*) die ondersoek ingestel het.

[A. 286A ingevoeg deur a. 21 van Wet No. 116 van 1993.]

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

**286B. Gevangenisstraf vir onbepaalde tydperk.**—(1) Die hof wat 'n persoon tot 'n gevaarlike misdadiger verklaar—

(*a*) veroordeel sodanige persoon om gevangenisstraf vir 'n onbepaalde tydperk te ondergaan; en

(*b*) gelas dat sodanige persoon by die verstryking van 'n tydperk deur die hof vasgestel, wat nie die hof se regsbevoegdheid oorskry nie, voor die hof gebring word.

(2) 'n Persoon wat kragtens subartikel (1) veroordeel is om gevangenisstraf vir 'n onbepaalde tydperk te ondergaan, word, ondanks die bepalings van subartikel (1) (*b*) maar behoudens die bepalings van subartikel (3), binne sewe dae na verstryking van die tydperk beoog in subartikel (1) (*b*) voor die hof wat hom gevonnis het, gebring ten einde die hof in staat te stel om genoemde vonnis te heroorweeg: Met dien verstande dat by die afwesigheid van die regterlike amptenaar wat die persoon gevonnis het enige regterlike amptenaar van daardie hof, na oorweging van die aangetekende getuienis en in die aanwesigheid van die persoon, 'n bevel kan maak wat die afwesige regterlike amptenaar regtens in die betrokke verrigtinge sou kon gemaak het indien hy nie afwesig was nie.

(3) (*a*) Die Kommissaris kan, indien hy van oordeel is dat dit weens praktiese of ander oorwegings wenslik is dat 'n ander hof as die hof wat die persoon gevonnis het sodanige vonnis by verstryking van die tydperk beoog in subartikel (1) (*b*) heroorweeg, met die instemming van die prokureur-generaal in wie se regsgebied sodanige ander hof val,



https://etd.uwc.ac.za

(2A) By 'n appèl ingevolge artikel 316A teen die doodvonnis, kan die Appèlafdeling—

(*a*) die doodvonnis bekragtig; of

(*b*) indien die Appèlafdeling van oordeel is dat hy self nie die doodvonnis sou opgelê het nie, die vonnis tersyde stel en die straf oplê wat na sy oordeel gepas is.

[Sub-a. (2A) ingevoeg by a. 13 (*b*) van Wet No. 107 van 1990.]

(3) Wanneer 'n skuldigbevinding en vonnis deur die appèlhof tersyde gestel word op grond daarvan dat geregtigheid inderdaad nie geskied het nie as gevolg van die toelating teen die beskuldigde van getuienis wat andersins toelaatbaar is maar weens een of ander gebrek by die verrigtinge nie behoorlik voor die verhoorhof geplaas was nie, kan die appèlhof die saak na die verhoorhof terugverwys met die opdrag dat daar met 'n aangeleentheid, met inbegrip van die aanhoor van bedoelde getuienis, gehandel word op die wyse wat die appèlhof goed ag.

(4) Wanneer 'n regsvraag op aansoek van die aanklaer in die geval van 'n onskuldigbevinding voorbehou is en die appèlhof ten gunste van die aanklaer beslis het, kan die appèlhof beveel dat dié van die in artikel 324 bedoelde stappe gedoen word wat die hof gelas.

(5) Die bevel of opdrag van die appèlhof word deur die griffier van daardie hof gestuur aan die griffier van die hof voor wie die saak verhoor is, en so 'n bevel of opdrag word ten uitvoer gebring en magtig elkeen wat daardeur geraak word om alles te doen wat nodig is om dit ten uitvoer te bring.

(6) Die bevoegdhede wat by hierdie artikel aan die appèlhof met betrekking tot die oplegging van strawwe verleen word, sluit die bevoegdheid in om 'n straf op te lê wat swaarder is as dié wat die hof benede opgelê het of om 'n ander straf, uitgesonderd die doodvonnis, in die plek van of benewens sodanige straf op te lê.

[Sub-a. (6) vervang by a. 13 (*c*) van Wet No. 107 van 1990.]

**323. Voorlegging deur Minister aan Appèlafdeling ten behoewe van persoon ter dood veroordeel.**—(1) Indien die Minister, in 'n saak waarin iemand ter dood veroordeel is, twyfel aangaande die juistheid van die betrokke skuldigbevinding of die gepastheid van die doodvonnis het, kan die Minister, ten behoewe en sonder die toestemming van die veroordeelde persoon, 'n verklaring van die grond vir sy twyfel aan die Appèlafdeling voorlê, en daardie hof oorweeg daardie verklaring by die appèl- of hersieningsverrigtinge in artikel 316A beoog.

[A. 323 gewysig by a. 25 van Wet No. 105 van 1982 en vervang by a. 14 van Wet No. 107 van 1990.]

**324. Instelling opnuut van geregtelike stappe waar skuldigbevinding op appèl tersyde gestel word.**—Wanneer 'n skuldigbevinding en vonnis deur die appèlhof tersyde gestel word op grond daarvan—

(*a*) dat die hof wat die beskuldigde skuldig bevind het, nie bevoeg was om dit te doen nie; of

(*b*) dat die akte van beskuldiging ten opsigte waarvan die beskuldigde skuldig bevind is, ongeldig of in enige opsig gebrekkig was; of

(*c*) dat daar 'n ander tegniese onreëlmatigheid of gebrek by die prosedure was,

kan geregtelike stappe ten opsigte van dieselfde misdryf waarop die skuldigbevinding en vonnis betrekking gehad het, hetsy op die oorspronklike aanklag, met gepaste wysigings waar nodig, of op 'n ander aanklag, weer ingestel word asof die beskuldigde nie voorheen tereggestaan het en verhoor en skuldig bevind was nie: Met dien verstande dat geen regter of assessor voor wie die oorspronklike verhoor gedien het, aan sulke verrigtinge deelneem nie.



https://etd.uwc.ac.za

## HOOFSTUK 32

### BEGENADIGING EN ALGEHELE KWYTSKELDING

325. **Behoud van bevoegdheid van Staatspresident om te begenadig.**—Geen bepaling van hierdie Wet raak die bevoegdheid van die Staatspresident om iemand te begenadig nie.

325A. **Versoekskrif aan Staatspresident om begenadiging van persoon ter dood veroordeel.**—Wanneer die Appèlafdeling van die Hooggeregshof op appèl na hom of by hersieningsverrigtinge ingevolge artikel 316A die doodvonnis wat 'n persoon opgelê is, bekragtig het, en daardie persoon nie binne 'n tydperk van 21 dae na daardie bekragtiging van die vonnis 'n versoekskrif om begenadiging aan die Staatspresident gerig het nie, stel die Minister of iemand deur hom aangewys 'n advokaat aan om binne 21 dae of binne die langer tydperk wat die Minister na goeddunke toelaat, so 'n versoekskrif ten behoewe van die ter dood veroordeelde persoon aan die Staatspresident voor te lê.

[A. 325A ingevoeg by a. 15 van Wet No. 107 van 1990.]

326. **Staatspresident kan doodvonnis versag.**—(1) Die Staatspresident kan in 'n geval waarin hy iemand begenadig wat ter dood veroordeel is, sonder toestemming van so iemand die doodvonnis versag na 'n ander straf wat regtens opgelê kan word.

(2) So 'n strafversagting word skriftelik aan die Minister meegedeel, wat daarop beveel dat die betrokke persoon gestraf word op die wyse deur die Staatspresident gelas, en so 'n bevel het die uitwerking van 'n geldige vonnis wat opgelê is deur die hof deur wie bedoelde persoon skuldig bevind is.

327. **Verdere getuienis en algehele kwytskelding of vervanging van uitspraak deur Staatspresident.**—(1) Indien iemand wat aan 'n misdryf in 'n hof skuldig bevind is of ten opsigte van 'n misdryf ter dood veroordeel is, ten opsigte van die skuldigbevinding of die doodvonnis al die erkende regsprosedures betreffende appèl of hersiening uitgeput het, of indien sodanige prosedures nie meer aan hom beskikbaar is nie, en so iemand of sy regsverteenwoordiger 'n versoekskrif, gesteun deur toepaslike beëdigde verklarings, aan die Minister rig wat beweer dat verdere getuienis sedertdien beskikbaar geword het wat sy skuldigbevinding of die doodvonnis wat hom opgelê is wesenlik raak, kan die Minister, indien hy van oordeel is dat sodanige verdere getuienis, as dit waar is, die skuldigbevinding of die doodvonnis redelikerwys sou kon raak, gelas dat die versoekskrif en die toepaslike beëdigde verklarings na die hof verwys word waarin die skuldigbevinding geskied het of waarin die doodvonnis opgelê is.

[Sub-a. (1) vervang by a. 16 (*a*) van Wet No. 107 van 1990.]

vervolg op bladsy 1184



https://etd.uwc.ac.za

APPENDIKS B

IN THE CONSTITUTIONAL COURT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Case No. CCT/3/94

In the matter of:

THE STATE

versus

T MAKWANYANE AND M MCHUNU

Heard on: 15 February to 17 February 1995

Delivered on: 6 June 1995

---

JUDGMENT

---

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

[1] CHASKALSON P: The two accused in this matter were convicted in the Witwatersrand Local Division of the Supreme Court on four counts of murder, one count of attempted murder and one count of robbery with aggravating circumstances. They were sentenced to death on each of the counts of murder and to long terms of imprisonment on the other counts. They appealed to the Appellate Division of the Supreme Court against the convictions and sentences. The Appellate Division dismissed the appeals against the convictions and came to the conclusion that the circumstances of the murders were such that the accused should receive the heaviest sentence permissible according to law.

https://etd.uwc.ac.za

[150] The proper sentence to be imposed on the accused is a matter for the Appellate Division and not for us to decide. This, and other capital cases which have been postponed by the Appellate Division pending the decision of this Court on the constitutionality of the death sentence, can now be dealt with in accordance with the order made in this case. Lest there be any doubt on this score, one of the effects of our judgment is to prohibit the State, or any of its organs, from executing persons whose appeals against sentences of death have been disposed of. Such persons will remain in custody under the sentences imposed on them until such sentences have been set aside in accordance with law, and substituted by appropriate and lawful punishments. This will form part of the order made.

[151] The following order is made:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

1. In terms of *section* 98(5) of the Constitution, and with effect from the date of this order, the provisions of paragraphs (a), (c), (d), (e) and (f) of *section* 277(1) of the Criminal Procedure Act, and all corresponding provisions of other legislation sanctioning capital punishment which are in force in any part of the national territory in terms of *section* 229, are declared to be inconsistent with the Constitution and, accordingly, to be invalid.

2. In terms of *section* 98(7) of the Constitution, and with effect from the date of this order:



https://etd.uwc.ac.za

(a) the State is and all its organs are forbidden to execute any person already sentenced to death under any of the provisions thus declared to be invalid; and

(b) all such persons will remain in custody under the sentences imposed on them, until such sentences have been set aside in accordance with law and substituted by lawful punishments.

[152] **ACKERMANN J**: I concur fully in the judgment of the President, both regarding his conclusions and his reasons therefor, save in the respects hereinafter set forth. I also agree with the order proposed by him.


[153] I place greater emphasis on the inevitably arbitrary nature of the decision involved in the imposition of the death penalty as a form of punishment in supporting the conclusion that it constitutes "cruel", "inhuman" and "degrading punishment" within the meaning of section 11(2) of the Constitution, which cannot be saved by section 33(1).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

[154] In paragraphs [43] to [56] of his judgment the President deals with the arbitrariness and inequality of the death penalty. He deals (more particularly in paragraphs [55] and [56]) with the difficulties faced by the US Supreme Court in trying to eliminate the dangers of arbitrariness by employing the due process provisions of the Fifth and Fourteenth Amendments. Such efforts cause considerable expense and interminable delays, and the President concludes by expressing the view that we should not follow the United States route. I agree, but that does not mean



https://etd.uwc.ac.za



DIE Minister van Korrektiewe Dienste, dr. Sipo Mzimela, die galgtoue en 'n skare mediamense . . . vandeesweek is die media die eerste keer in die geskiedenis toegelaat om die grieselrige geheimenisse van Suid-Afrika se plek van teregstelling te ondersoek.

Foto: LISA HNATOWICZ

# Dis 'n wrede spul wat die galg vrygespring het

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

**Deur MARIECHEN WALDNER: Pretoria**

'N WETENSKAPLIKE studie van die moorde wat 308 van Suid-Afrika se laaste 350 ter doodveroordeeldes gepleeg het, toon dat hulle 'n brutale groep misdadigers is wat hul slagoffers met vuurwapens, messe en halssnoere om die lewe gebring het.

Die bevindings van dr. A. Ladikos, van die Universiteit van Suid-Afrika se Instituut vir Kriminologie, is onlangs in die tydskrif Acta Criminologica gepubliseer.

Die Departement van Korrektiewe Dienste is nou besig om die groep gevangenes, wat almal die galg vrygespring het nadat die doodstraf afgeskaf is, uit die dodeselle na ander tronke oor te plaas.

Die statistiek met betrekking tot die besondere groep moorde is 'n afskuwelike opgaaf van booshcid en onmenslikheid:

- Meer as sestig persent van die moordenaars se slagoffers het aan veelvuldige beserings gesterf. Die oorgrote meerderheid van die doodsoorsake wat in die hofrekords aangeteken is, is noodlottige wonde. Ander oorsake van dood was skedelfraktuur, verwurging, verstikking en versmoring en 'n reeks ander. Net 39,4 persent van die slagoffers het weens een besering gesterf.
- Vuurwapens en messe was verreweg die gewildste wapens onder die moordenaars. Maar hulle het ook halssnoere, verwurging, pangas en byle, steniging, fisieke aanranding, kleefmyne en ander metodes gebruik om hul slagoffers te dood.
- Die meeste van die laaste groep bewoners van die dodeselle het eerder in groepe as op hulle eie gemoor.
- Die oorgrote meerderheid, altesame 51,9 persent, van die moordenaars het hulle misdade vir geldelike gewin gepleeg. Politieke motiewe was aan die wortel van 15,9 persent van die moorde, en wraak die oorsaak van 'n verdere 14 persent. Ander motiewe was spontane moord (7,8 persent), moord tydens verkragtings (6,2 persent) en hartstogmoorde (1,6 persent).
- Die oorgrote meerderheid van die moorde het in blanke gebiede plaasgevind.

Dit is, volgens dr. Ladikos, 'n "definitiewe" aanduiding dat "dié wat nie het nie, jag maak op dié wat het".

In private wonings is 68,1 persent van die moorde in blanke gebiede, 26,9 persent in swart gebiede, 4,2 persent in Kleurlinggebiede en 0,8 persent in Asiërgebiede gepleeg.

https://etd.uwc.ac.za

# Vyf mense doodgeskiet nadat sy vrou van R240



HARRY JOSHUA sit in 'n regop stoel in 'n vriend se huis en streel met sy werkershande saggies oor Chikie, sy geliefde poedel. Sy afgeremde gesig vertel 'n deel van die verhaal oor die uitgerekte hofsaak en die swaard van vyftien jaar tronkstraf wat oor sy kop hang. Die diep kepe van hartseer sê verder dié man het alles verloor waarvoor hy gewerk het.

Daar is niks oor van die wêreld wat Harry in twaalf jaar met moeite vir homself geskep het nie. Sy huis, wat hy met sy eie hande in Delft naby Kaapstad gebou het, is weg. Sy meubels en besittings is tot op die laaste teelepel verkoop.

"Ons het almal drome gehad," sê Harry, die derde oudste in 'n hegte gesin van vyf broers en twee susters.

"Myne het almal in een nag aan skerwe gespat. Ek het nooit gedink dit sou met my gebeur nie. Al die jare van harde werk is verlore. Dis te verskriklik."

'n Huis van hul eie is al wat Harry en sy 33-jarige vrou, Desmain, ooit wou gehad het. "Ek wou hê alles moes perfek wees," sê hy.

Harry kon danksy 'n selfhelpplan daar in Delft sy droom van die grond af bou. Hy was drie jaar besig met die nederige, maar netjiese huis. In dié tyd het hy met vrou en twee kinders in 'n woonwa in Retreat gewoon.

Hy het nie 'n motor nie en moes elke dag omtrent 40 km per fiets Delft toe ry om verder te werk.

"Ons sou die res van ons lewe daar deurgebring het," sê Desmain. "Ons was so opgewonde toe ons ingetrek het. Ek het gordyne gemaak en allerhande dingetjies gedoen. Ek sou uiteindelik my eie huis, my eie slaapkamer en my eie kombuis hê.

"Harry het alles wat hy gehad het in daardie huis belê. Die goeie, hardwerkende Harry, wat altyd in die tuin besig was of iets geverf het. En hy het die bure met hul bouwerk gehelp.

"Op Boomplantdag het ons dogter 'n boom van die skool gebring. Ons het hom in die grond gesit en gekyk hoe hy groei. Ek het my kruietuintjie gehad. Ek wil nie eens daaraan dink nie. Ons het alles verloor."

DIT was alles deel van die prys wat Harry 'n jaar gelede op daardie noodlottige dag in Delft betaal het. Hy het sewe mense geskiet nadat sy vrou van R240 beroof is. Dit was die gesin se toelaag vir die week en omtrent 'n derde van haar man se weekloon as verwer. Toe die geweerskote ophou klap en vyf lyke weggedra word, het wetsgehoorsame bure gesê Harry Joshua is 'n held. Die buurt loop kwaai onder misdaad deur en daar word lelike geweld gepleeg deur skurke wat dink hulle is in beheer van sake.

Harry het hulle almal 'n guns bewys, het die mense gesê, want nou sou die strate veiliger wees. Die bendelede het verdwyn. "Harry moet 'n medalje kry," sê baie van Delft se mense nou nog. "Hy is g'n misdadiger nie. Pleks van hom in die tronk te stop, moet hulle hom hoof van Delft se polisiekantoor maak."

Desmain is helder oordag deur lede van die Hard Living-bende met 'n mes voorgekeer terwyl sy en haar kinders op pad winkel toe was.

Soos baie mense om haar, leef sy al jare in vrees vir die bendes. Die polisie kan blykbaar nie help nie en die gemeenskap voel al raad is om die reg in eie hande te neem.

Kinders word op pad skool toe van sakgeld beroof. Dwelmsmouse hang op straathoeke rond. Verkragting, diefstal, inbraak en aanrandings is alledaags. Bendelede is gewapen met messe, pangas, pistole, rewolwers en gewere. Moorde is nie ongewoon nie en selfs die paar polisiemanne in die buurt is nie veilig nie.

"Ons is heeltyd gespanne," sê Desmain. "Ons weet nie wat volgende gaan gebeur nie. Ons word selfs in ons eie huise bedreig. My kinders kon nie buite speel nie. Hulle moes op die werf bly sodat ek 'n ogie oor hulle kon hou.

CORRIE HANSEN





UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za

# beroof is- 'held' vertel self ná opspraakwekkende moordsaak

# Harry se eenman-oorlog

Deur CHRIS PROPHET

**In Delft sê baie mense hy verdien nie tronkstraf nie maar 'n medalje. Maar deur die gereg in sy eie hande te neem, het Harry Joshua alles verloor wat hy ooit gehad het . . .**

"Die aanval het onverwags gekom – en op so 'n mooi middag. Hulle het die mes teen my keel gedruk en ek het gedink hulle gaan my in die gesig steek. Toe sê een bendelid hy gaan my skiet as ek hom nie geld gee nie. Ek het net aan my kinders gedink terwyl hy my beursie uit my hand gegryp het.

"Ek het nie geweet wat om te doen of met wie om te praat nie, want ek het ons laaste geld verloor. Kan ons dan nie meer op straat stap nie?"

Tuis het Desmain die misdaad by die polisie aangemeld en Harry op kantoor gebel.

Toe hy twee uur later by die huis aankom, was die polisie nog nie daar nie.

VIR Harry Joshua was dit die laaste strooi. Hy het sy 12 kaliber Mossberg-geweer met sy pompaksie gaan haal – dis jare tevore vir beskerming gekoop – en die donker strate van Delft ingevaar om sy geld terug te kry.

Die bloedige gevolg was vyf mense dood en twee erg beseer. 'n Hond is ook doodgeskiet.

"Ek het nie gegaan om te moor nie," sê hy. "Ek wou nie eens wraak neem nie. Ek wou net my geld terugkry.

"Toe val die jeugdiges my aan. Hulle het op my gevloek en wou my doodmaak. Alles het baie vinnig gebeur en ek is jammer daaroor. Ek sal nooit weer 'n wapen gebruik of geweld pleeg nie."

Desmain sien die ironie daarvan in dat haar man ook 'n hond geskiet het. Hy is so lief vir diere dat hy al op 'n hoofweg gestop het om 'n beseerde hond op te laai en hom na 'n veearts te neem.

"En die geweer. Twee weke voor die skietery het hy hom in die koerante geadverteer, want hy het geld nodig gehad om die laaste stukkie teëlwerk aan ons huis te doen. As iemand die geweer gekoop het, sou al die dinge nie gebeur het nie."

Die hofsaak daarna in die Kaapse Hooggeregshof het die soeklig laat val op hoe ontstellend en gewelddadig gewone mense se lewens weens bendes kan word. Baie mense sê as die polisie hulle nie kan beskerm nie, sal hulle dit self moet doen.

Nogtans is Harry op vier aanklagte van moord en twee van poging tot moord skuldig bevind en tot vyftien jaar in die tronk gevonnis vir die "grusame omvang" van sy dade. Hy kan teen die vonnis appelleer en is op borgtog van R3 000 vrygelaat.

DAAR was nog 'n prys wat Harry moes betaal. Hy en sy gesin het 'n kwaai geestestryd deurgemaak. Sy eie pyn was so erg dat hy tydens die verhoor probeer selfmoord pleeg het.

"Ek voel nou beter," sê hy, "en ek sal dit nie weer probeer doen nie. Ek het daardie tyd gedink ek beskerm my gesin – as ek uit die pad was, sou die bendes hulle dalk uitlos. Hulle is al gedreig."

Ná sy selfmoord-poging is hy vir 'n nag na die Lentegeur-hospitaal gebring waar hy onder waarneming was.

"Dit was hel," sê hy. "Daar was g'n beddens nie. Net komberse, sementvloere en wit mure.

"Ek is in 'n sel met 'n staaldeur geplaas. Daar was 'n loergaatjie in die deur en hulle het gedurig na my gekyk. Die sleutels in die deur het heelnag geratel. Ek het my kop in my hande vasgehou en net aan my pa se woorde gedink: 'Beloof my jy sal sterk wees, my seun. Ons sal jou môre daar uitkry. Byt net vas.'

"Ek het vir myself gesê wanneer dit alles verby is, sal ek vertel hoe dit in die plek gaan."

Harry, wat aan noutevrees ly, het daardie nag besef hoe dit voel om in die tronk te sit.

Kinders en grootmense in die familie moes intensiewe sielkundige behandeling kry omdat hulle gery word deur vrees vir hul eie en mekaar se lewens – veral Harry se ouers, wat in hul sestigs is.

Die kinders, 'n dogter van twaalf en 'n seun van agt, het baie nagmerries, trane en bedruktheid agter hulle. Hulle kon nie skool toe gaan nie en die huis wat hul pa vir hulle gebou het, is weggeneem.

HARRY kan nie dink dat hy ooit weer 'n huis sal besit nie. "Dit lyk my ek sal die res van my lewe moet werk om die skuld af te betaal," sê hy.

Die regskoste beloop al R52 000 en die appèlsaak lê nog voor. Hulle moes alles verkoop.

Hy is eintlik nou op vlug, want hy bly bang dat die Hard Living-bende sal probeer wraak neem. Hy is ook besorg oor sy gesin se veiligheid en daarom mag niemand weet waar hulle nou is nie.

"En Harry, die man wat so baie vir ander gegee het, het nou self niks," sê Desmain.

Harry voeg by: "Afgesien van jou, die kinders, ons familie en vriende. O ja – en die skuld." ■





YASSIEN TOFFAR



DIE BURGER

*ONDER: Te bang om sy gesig te wys. Met 'n klapmus oor sy kop getrek het Harry Joshua gedurende sy verhoor bedags saam met sy regsverteenwoordiger, adv. William King, by die hof opgedaag.*

*REGS BO en HEEL REGS: Tans op borgtog nadat hy teen sy vonnis van vyftien jaar tronkstraf geappelleer het, woon Harry en sy vrou, Desmain, in 'n vriend se huis saam met hul twee kinders en Harry se geliefde poedel, Chikie. Harry moet 'n medalje kry, sê die mense van Delft.*





UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## SINOPSIS

Hierdie studie is genoop om verskillende velde aan te raak en sal as volg daar uitsien.

Hoofstuk een sal die rasse-implikasie, die probleemvelde asook statistieke verskaf.

Die doodstraf in die Suid-Afrikaanse konteks beklee 'n unieke posisie vergeleke by die in ander lande. Omdat die strafreg van Suid-Afrika ook ingespan was om die apartheidswa te trek, beskou ek 'n oorsig van die wet op die doodstraf in hoofstuk een as van kardinale belang vir hierdie studie. Ek wil die leser maan dat die debat oor die "rasse-implikasie van die strafregproses oor die doodstraf" as 'n studie op sy eie kan dien en ek dus daarom geensins diè taak in hierdie studie probeer aanpak nie. As 'n totale leek in die strafreg poog ek maar net hier om die nodige data as agtergrond te verskaf omdat vele skrywers juis die rasse-implikasie van die doodstraf uit die totale verband ruk.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In die lig van die kontensieuse aard van die onderwerp sal ek verder poog om in hoofstuk een die persepsies en verwagtinge van die gemeenskap te stel. Daar bestaan baie sterk argumente vir en teen die doodstraf. Diegene uit die pro-doodstraf kamp se basiese argument is dat die doodstraf reg en geregtigheid laat seëvier. Hulle voer verder aan dat die skaal van geregtigheid deur die doodstraf gebalanseer word en dit sodoende as 'n afskrikmiddel dien.

https://etd.uwc.ac.za

Die anti-doodstraf kampvegters beskou die doodstraf as 'n gruwelike skending van basiese mensregte. Hul betoog dat die mens se lewe as heilig beskou word en deur niemand, self nie die Staat, geneem kan word nie. Ons kan hier alreeds die spanning tussen die twee kampe bespeur en juis omdat dit 'n morele-etiese situasie is, word daar nie maklike antwoorde gevind nie. Ons kan wel die vraag tussen die twee pole stel: "Is die doodstraf **'n krimineel-juridiese** saak of is dit **'n basiese menseregte** kwessie"? Soos dit met alle fundamentele morele lewensvrae gaan, is daar nie 'n maklike en eenvoudige weg nie. Ons sal hierdie argumente teen die agtergrond van die Skrif moet toets. Dit sal in 'n latere hoofstuk geskied.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hoofstuk twee sal eksegeties van aard wees. Ons sal nie 'n diepgaande en volledige teksontleding kan doen nie, weens die omvang van materiaal wat hieruit sal voortspruit en dus die onderwerp van hierdie studie sal laat stagneer. Daar sal wel voldoende teksontleding rondom die onderwerp gedoen word.

Hierdie Bybelse eksegese is noodsaaklik omdat die proponente van beide kampe hul argumente vanuit die Skrif staaf. God se Woord word telkemale pertinent aangehaal om hul siening te staaf in verband met regverdigheid en moraliteit. Die historiese-sosiale implikasies van die Skrif kan baie maklik uit verband geruk word in die proses om 'n brug te probeer bou van 'n antieke, eeue-oue wêreld tot 'n hedendaagse moderne wêreld, 'n gaping van meer as

https://etd.uwc.ac.za

2000 jaar. Dit is hier waar daar met baie versigtigheid en kundigheid met die Skrif en die toepassing van die Skrif omgegaan moet word.

Hoofstuk 3 is ietwat uniek in hierdie studie. Romeine 13 word hier apart behandel omdat dit die posisie en verantwoordelikheid van die staat as 'n God geordende instelling staaf. Dit is hierdie rol en verantwoordelikheid wat ons moet begryp en dìt in relasie bring tot die vraag òf die staat wel sy Goddelike verantwoordelikheid nakom rakende die doodstraf. Die kerk is ook 'n Goddellike instelling, selfs in 'n meerdere mate. Dit is die liggaam van Christus.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die Kerk en die Staat se betrokkenheid in gemeenskap- en morele sake was baie nou verweef oor die eeue heen. Die doodstraf is 'n morele saak en albei instellings maak aanspraak op 'n standpunt wat gehoorsaam moet word. Dus moet daar duidelikheid gekry word wie in hierdie verband gevolg moet word: Die Kerk of die Staat ?

Hierdie afdeling behandel die verantwoordelikheid van die kerk teenoor die staat en hierdeur sal ons leiding kry oor wat om te doen. Ek moet u waarsku dat hierdie vraag oor die verhouding tussen staat en kerk volumes materiaal kan oplewer, dus sal hierdie studie die onderwerp moet beperk tot die nodige minimum.

https://etd.uwc.ac.za

Die finale hoofstuk sal dien as samevatting en beoordeling van die resultate. Faktore sal uitgewys word wat voorgestel word as rigtingwysers en paradigmas wat as toepaslike Christelike siening oor die doodstraf beskou kan word. Dit is onvermydelik dat 'n slotsom en keuse in die finale hoofstuk oor die doodstraf gegee moet word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# Synopsis

The current intense focus upon and debate on the death penalty gives the Church a unique opportunity to let her voice be heard in regard to her interpretation on the death penalty. The way in which the South African community is battered with violence and murder, fills its citizens with fear and trembling. The dillemma is further aggrevated through the fact that the community and the church is divided over the decision of the death penalty.

We must accept the fact that the death penalty is a subject that appeals to many problematic areas and cuts through numerous disciplines. Although this study is mainly concerned with theological-ethical field, thus it is therefore inevitable to divide disciplines such as the law, ethics, philosophy, sociology, etc.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Different opinions amongst jurist and theologians on the subject emphasize the serious schism that is present in the South African community. These different perceptions on the death penalty cannot be easily dismissed. It concerns the very essence of existence of humanity, i.e. life. It is this schism and varied opinions that motivated me to do a strong Biblical-orientated study on the subject. The Bible is a valuable plumbline to give guidance to contentious issues such as "death", "life", "murder", "blood-shed", "vengeance", etc.

It is a fact that, admitting the passion in which there is debated over the death

https://etd.uwc.ac.za

penalty, it is an issue which is of vital importance to the community. The subject is of such a nature that there is no easy and crystal clear decision on the subject. In the light of the spiralling of violence, the Minister of Justice, Mr Dullah Omar said: "the ANC leadership must either change the party's current policy on the death penalty or change it and confirm and explain why". The State President, Nelson Mandela also admitted that "violence is out of control".

I maintain the view that the death penalty does obliterate the right of a human being, i.e. the right to life, but the thorny is if scripture justify that. Although the death penalty is concerned as salvivic in maintaining peace and a safe community and thus the death penalty is defended around this concept, I must caution that the death penalty not be considered as a routine capital punishment or used as the solution to stop violence.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

If we research capital punishment than we must pose questions such as: "Why do we punish? Especially punishment so obselete as death. Must punishment not serve to be a means to an end.

I am convinced that any kind of punishment of a murderer must have the objective to redeem the marred Godly-image and the broken human dignity of the victim, without also defecting the Godly-image of the violator nor his human dignity in the process.

The death penalty cannot only be perceived in the context of human dignity or

https://etd.uwc.ac.za

justice, but must be viewed in the backdrop of the South African political-historical context. The abolishing of the death penalty was necessary as it already became a political playball in the old South Africa era.

The death penalty was not primarily concerned with justice and righteousness, but was a heinous source of a racial apartheids-ideology. Proffessor John Dugard supplies statistics in his research in which he states: "It is impossible to divorce the racial factor from the death penalty in South Africa".

It was imperative that the death penalty be abolished in order to free the law from political wool and simultaneously announcing a new era of justice. We can consider this abolishing as a paradigm-shift within the administration of justice. The decision that will be taken on the death penalty in future, must then be accepted as a sound decision for human rights and not be perceived as supportive of party politics or a specific ideology- as there was a shift from an old era to a new one.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Division over the subject is experienced on all levels of society. Churches has divergent views on the death penalty. The church is urged to enter this important moral debate. Richard Niebuhr stated very aptly in his book " Christ and Culture", that we as Christians cannot be isolated from society, but that we an integral part is of it". Christ reformed and transformed cultures and therefore all human issues must obtain direction and clarity from Christ and his followers

https://etd.uwc.ac.za

(Christians), who confess that they subject themselves to His ideals. Therefore the churches ethical perception on the death penalty is important for this study.

The Roman Catholic Church i.e., is totally against the death penalty, whereas the Dutch Reformed Church is of the meaning that it must be applied in extreme cases. Carlien Wessels, a journalist of a renowned magazine, has done valuable research on the death penalty. Her findings reveals the following statistics: the past 80 years about 4200 people executed in South Africa, mainly for murder, but also for robbery with aggrevating circumstances, rape and high treason.

In the year 1987 the most people (172) was executed. The statistics further reveals that in terms of race-ratio a) only 9 of 172 were whites, b) between 1982 and 1983, 38 out of 81 Blacks were hanged which murdered whites, c) but none of the 21 whites who murdered blacks.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

This study is compelled to touch different fiels of study and will be structured as follows.

Chapter one will giwe the racial-implications, the problem areas as well as some statistics. The death penalty in the South African context has a unique position compared to that in other countries. Because the criminal law of South Africa has been utilized to pull the apartheidswagon, I consider a survey of the

https://etd.uwc.ac.za

act inevitable for this study. I want to caution the reader that the debate on the "racial implications of the criminal act on the death penalty" can serve as a study entirely on its own. I am thus not attempting to do this assignment in this study at all. As a complete novice in criminal law, I am only supplying the necessary data as background, because many writers distorts the racial-implication of the death penalty and interpret out of complete context.

In the light of the contentious nature of the subject I will further attempt in chapter one to state the communities perceptions and expectancies. There exist very strong arguments for and against the death penalty. Those out of the pro death penalty camp, their basic argument is that the death penalty causes justice and righteousness to rule. They pursue that the scale of justice is balanced through the death penalty and hence it serves as a deterrant.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

The anti-death penalty supperters perceives the death penalty as an attrocious violation of basic human rights. They argue that a persons life must be viewed as sacred and nobody, not event the State, can take life. We can already sense the tension between the two camps and because in particular, it is a moral-ethical situation, there is no easy answers to be found. Although we can probe the question between the two positions: Is the death penalty a criminal-justice case or is it a basic human rights issue?

As with all fundamental moral questions of life, there is no easy and simplistic

https://etd.uwc.ac.za

way out. We will have to test these arguments against the backdrop of scripture. This will be done in a later chapter.

Chapter two will be exegetical in nature. We will not be able to do an in-depth textual analysis, due to the volume of material that will result from this and thus stagnate the subject of this study. However, there will be sufficient textual analysis on the subject.

This Biblical exegesis is important because the proponents of both views supports their arguments from Scripture. God's word is often quoted pertinently to support their view in regards to justice and morality. The historical-social implications of scripture canbe easily distorted in the process to build a bridge from an ancient opd age world to a modern world, a gap of more than 2000 years. It is at this point that interaction with scripture should be done with great caution and wisdom.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Chapter three is somehow unique in this study. Romans 13 is treated seperately because it confirms the position and responsibility of the State as a God-ordained institution. It is this role and resposibility that we must grasp and bring that in in relation to the question if the State is fulfilling their God-ordained responsibility, pertaining to the death penalty. The church is also a god-ordained institution, even more so. It is the body of Christ.

https://etd.uwc.ac.za

The Church and the State's involvement in community and moral issues were narrowly woven together over the ages. The death penalty is a moral issue and both institutions claims a position to obedience. Thus, clarity must be obtained as to whom must be followed in this regard. The Church or the State or both?

This section deals with the responsibility of the Church over the State and from this we will get guidance as to what to do. I must warn you that this question on the relationship between the Church and State, can result in volumes, thus this study will be limited to the necessary minimum.

The final chapter will serve as a summary and evaluation of the results. Factors will be pointed out that can be considered as applicable Christian views on the death penalty. It is inevitable that a decision and conclusion on the death penalty be given in the final chapter.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## SLEUTELWOORDE

1. Justisie
2. Doodstraf
3. Vergelding
4. Swaardmag
5. Straf
6. Paradigma
7. Rehabilitasie
8. Wraak
9. Rassisme
10. Genade

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za